# INTRA- EN INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT AS KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY 'N GROEP VERPLEEGDOSENTE IN GAUTENG

*ELIZABETH JOHANNA CHRISTINA BRUMMER*

*B.CUR. Ed ET ADMIN.*

# INTRA- EN INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT AS KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY 'N GROEP VERPLEEGDOSENTE IN GAUTENG

**ELIZABETH JOHANNA CHRISTINA BRUMMER**

**B.CUR. Ed. et ADMIN.**

Verhandeling voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Departement Verpleegkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Dr. A.H. Nel
Medestudieleier: Mnr. S. Rothmann

Potchefstroom
1995

# VOORWOORD

'n Woord van opregte dank en waardering word betuig aan die volgende persone:

- Wyle prof. F.M.J. de Villiers, vir haar aandeel in hierdie navorsing as aanvanklike studieleier
- Dr. A.H. Nel, wat opgetree het as studieleier
- Mnr. S. Rothmann, wat as medestudieleier altyd bereid was om rigtinggewende leiding te bied, te ondersteun en te bemoedig
- Prof. F.v.N. Cilliers vir sy motiverende aandeel as aanvanklike medestudieleier, asook sy hulp met die psigometriese toetse
- Prof. H.S. Steyn, mnr. P. Engelbrecht en me. W. Breytenbach vir hulp met die statistiese verwerking van die gegewens
- Me. H. Basson vir die keurige taalversorging van hierdie navorsing
- Die personeel van die volgende verpleegkolleges vir hul bereidwilligheid om deel te neem aan die navorsing:
    * SAGD Verpleegkollege
    * Ann Latsky Verpleegkollege
    * S.G. Lourens Verpleegkollege
    * B.G. Alexander Verpleegkollege
- My vriende en kollegas vir hulle belangstelling en bemoediging
- My ouers, Hannes en Elsa, en my suster, Annemarie, vir hul volgehoue geloof in my as mens, hul liefde, ondersteuning, gebede en hulp, veral tydens die kodering van die data
- Die bevelvoerder van SAGD Verpleegkollege, lt. kol. Mariet Kruger, vir haar begrip en tegemoetkomendheid tydens die voltooiing van hierdie navorsing
- Die Florence Nightingale Komitee van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging vir finansiële ondersteuning vir die navorsing
- My vriendin, Lynette, vir haar belangstelling, ondersteuning en hulp asook haar bedrewenheid en liefdevolle geduld agter die rekenaar
- Aan God al die eer en dank, want sonder Hom is ek tot niks in staat nie.

*Opgedra aan Pappie en Mammie*

# OPSOMMING

## INTRA- EN INTERPERSOONLIKE EFFEKTIWITEIT AS KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY 'N GROEP VERPLEEGDOSENTE IN GAUTENG

Die verpleegdosent vervul verskeie rolle (wat elk spesifieke funksies behels) in haar beroep. Die vervulling van haar onderrig-, navorsings- en leierskapsrol in 'n veranderde samelewing impliseer dat sy oor die intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering moet beskik. As lid van 'n hulpverlenende professie word sy genoop om haar potensiaal ten volle te gebruik ten einde optimaal te funksioneer in 'n deurlopende intra- en interpersoonlike proses van vernuwing en groei.

Die doel van hierdie navorsing is om die vlak van selfaktualisering by 'n groep verpleegdosente te bepaal. 'n Literatuuroorsig is vanuit die humanistiese paradigma onderneem na die rolle en funksies van die verpleegdosent, die implikasies daarvan vir haar selfaktualisering, die kenmerke van die selfgeaktualiseerde persoon en die bepaling van intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering deur middel van psigometriese toetse.

Die populasie vir die navorsing het bestaan uit 103 blanke, vroulike verpleegdosente. Data oor die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering van die verpleegdosente is ingesamel deur middel van die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) (vir die meting van intrapersoonlike kenmerke) en die Schutz-vraelyste (vir meting van interpersoonlike kenmerke). Die resultate is met behulp van beskrywende statistiek ontleed.

Ten opsigte van intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering, dui die resultate op die teenwoordigheid van ontwikkelingsareas met betrekking tot sewe van die twaalf items van die POI. Hierdie items is Tydratio, Ondersteuningsratio, Selfaktualiseringswaarde, Eksistensialiteit, Gevoelsreaktiwiteit, Selfaanvaarding, Mensbeskouing en Sinergie. Ontwikkelingsareas ten opsigte van interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente bestaan vir gedrag, gevoelens, die self, "me to you" en "you to me" verhoudings.

In hierdie navorsing is bevind verskeie ontwikkelingsareas ten opsigte van die intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering van verpleegdosente bestaan. Aanbevelings vir toekomstige navorsing word gemaak.

# ABSTRACT

## INTRA- AND INTERPERSONAL EFFECTIVITY AS CHARACTERISTICS OF SELF-ACTUALIZATION IN A GROUP OF NURSING LECTURERS IN GAUTENG

A nursing lecturer performs various roles (each of which entails specific functions) in her career. In order to carry out her instructional, research and leadership roles she should possess the intra- and interpersonal skills of self-actualization. As a member of a profession which renders assistance, she is obliged to maximise her potential in order to function optimally in a continuous intra- and interpersonal process of regeneration and growth.

This research is aimed at assessing the self-actualization level of a group of nursing lecturers. A literature survey from the humanistic paradigm, was undertaken of the roles and functions of the nursing lecturer, the implications thereof for her self-actualization, the characteristics of a self-actualized person, and the assessment of intra- and interpersonal characteristics of self-actualization by means of psychometric tests.

The population for this research comprised 103 white female nursing lecturers. Data were obtained on the intra- and interpersonal characteristics of self-actualization of these lecturers by means of the Personal Orientation Inventory (POI) (for measuring intrapersonal characteristics), and the Schutz Measures (for measuring interpersonal characteristics). The outcomes were analysed by descriptive statistics.

The outcomes in terms of intrapersonal characteristics of self-actualization indicate the presence of developmental areas in seven of the twelve POI items. These items are Time ratio, Support Ratio, Self-actualization value, Existentiality, Feeling Reactivity, Self-acceptance, Nature of man, and Synergy. Developmental areas with regard to interpersonal characteristics of self-actualization in nursing lecturers exist for Behaviour, Feelings, The self, Me-to-you and You-to-me relationships.

Research findings indicate the existence of various developmental areas regard to intra- and interpersonal characteristics of self-actualization of nursing lecturers. Recommendations are made on research possibilities for the future.

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Lys van figure . . . . . v
Lys van tabelle . . . . . vi

**HOOFSTUK 1 - INLEIDING** . . . . . 1
1.1 Agtergrond tot en motivering vir die navorsing . . . . . 1
1.2 Probleemstelling . . . . . 2
1.3 Doel van die navorsing . . . . . 4
1.3.1 Algemene doelstelling . . . . . 4
1.3.2 Spesifieke doelstellings . . . . . 4
1.4 Navorsingshipotese . . . . . 5
1.5 Navorsingsmodel . . . . . 6
1.6 Paradigmatiese perspektief van die navorsing . . . . . 7
1.6.1 Die intellektuele klimaat . . . . . 7
1.6.2 Metateoretiese aannames . . . . . 9
1.6.3 Die mark van intellektuele hulpbronne . . . . . 11
1.6.3.1 Teoretiese oortuigings . . . . . 11
1.6.3.2 Metodologiese oortuigings . . . . . 13
1.7 Navorsingsontwerp en -metode . . . . . 14
1.7.1 Navorsingsontwerp . . . . . 14
1.7.2 Navorsingsmetode . . . . . 15
1.8 Hoofstukindeling . . . . . 16
1.9 Hoofstuksamevatting . . . . . 17

**HOOFSTUK 2 : DIE ROL EN FUNKSIES VAN DIE VERPLEEGDOSENT** . . . . . 18
2.1 Omskrywing van die begrip rol en funksies van die verpleegdosent . . . . . 18
2.2 Onderrigrol en -funksies . . . . . 19
2.2.1 Die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir die opleiding van studentverpleegkundiges . . . . . 20
2.2.1.1 Situasie-analise . . . . . 22
2.2.1.2 Seleksie en ordening van leerinhoude . . . . . 22

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

Bladsy


2.2.1.3 Formulering van leerdoelwitte . . . . . 23

2.2.1.4 Beplanning van onderrig-leergeleentheid en seleksie van onderrigmedia . . . . . 23

2.2.1.5 Beplanning van die evaluering van onderrig-leerresultate . . . . . 23

2.2.2 Die toepassing van andragogiese leerbeginsels in verpleegonderrig . . . . . 24

2.2.2.1 Aannames van die pedagogiese model . . . . . 25

2.2.2.2 Aannames van die andragogiese model . . . . . 26

2.2.2.3 Onderrig volgens andragogiese leerbeginsels . . . . . 29

2.2.2.4 Onderrigmetodes binne die andragogiek . . . . . 36

2.2.3 Fasilitering van leer by studentverpleegkundiges . . . . . 38

2.2.3.1 Omskrywing van fasilitering . . . . . 38

2.2.3.2 Kerndimensies van fasiliterende interpersoonlike prosesse . . . . . 39

2.2.4 Evaluering van die leer van studentverpleegkundiges . . . . . 43

2.3 Navorsingsrol . . . . . 45

2.4 Leierskapsrol . . . . . 47

2.5 Hoofstuksamevatting . . . . . 49

**HOOFSTUK 3 - SELFAKTUALISERING** . . . . . 50

3.1 Omskrywing van selfaktualisering . . . . . 50

3.2 Humanistiese teorieë van selfaktualisering . . . . . 52

3.2.1 Gordon Allport . . . . . 53

3.2.2 Erich Fromm . . . . . 54

3.2.3 Viktor Frankl . . . . . 55

3.2.4 Carl Rogers . . . . . 57

3.2.5 Abraham Maslow . . . . . 58

3.3 Kenmerke van selfaktualisering . . . . . 61

3.3.1 Intrapersoonlike kenmerke . . . . . 61

3.3.1.1 Fisieke kenmerke . . . . . 62

3.3.1.2 Kognitiewe kenmerke . . . . . 62

3.3.1.3 Emosionele kenmerke . . . . . 63

3.3.1.4 Konatiewe kenmerke . . . . . 64

Bladsy

3.3.2 Interpersoonlike kenmerke . . . . . . . . . . 64
3.4 Hoofstuksamevatting . . . . . . . . . . 66

**HOOFSTUK 4 - EMPIRIESE ONDERSOEK** . . . . . . . . . . 67
4.1 Doelstelling van die empiriese ondersoek . . . . . . . . . . 67
4.2 Ondersoekgroep . . . . . . . . . . 67
4.3 Die evalueringsbattery . . . . . . . . . . 68
4.3.1 Die meting van die intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering . . . . . . . . . . 68
4.3.1.1 Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) . . . . . . . . . . 69
4.3.1.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die POI . . . . . . . . . . 69
4.3.1.1.2 Beskrywing van die POI . . . . . . . . . . 69
4.3.1.1.3 Afneem en nasien van die POI . . . . . . . . . . 72
4.3.1.1.4 Interpretasie van die POI . . . . . . . . . . 73
4.3.1.1.5 Betroubaarheid en geldigheid van die POI . . . . . . . . . . 73
4.3.1.1.6 Motivering vir die keuse van die POI . . . . . . . . . . 75
4.3.2 Die meting van die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering . . . . . . . . . . 76
4.3.2.1 Die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 76
4.3.2.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 76
4.3.2.2.2 Beskrywing van die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 77
4.3.2.2.3 Afneem en nasien van die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 83
4.3.2.2.4 Interpretasie van die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 83
4.3.2.2.5 Betroubaarheid en geldigheid van die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 84
4.3.2.2.6 Motivering vir die keuse van die Schutz-vraelyste . . . . . . . . . . 85
4.4 Werkswyse tydens die navorsing . . . . . . . . . . 85
4.4.1 Afneem van die meetinstrumente . . . . . . . . . . 85
4.4.2 Nasien van die meetinstrumente . . . . . . . . . . 86
4.5 Statistiese verwerkings . . . . . . . . . . 86
4.6 Hipoteseformulering . . . . . . . . . . 87
4.7 Hoofstuksamevatting . . . . . . . . . . 87

## INHOUDSOPGAWE (vervolg)

Bladsy

**HOOFSTUK 5 : RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** . . . . . 88

5.1 Die intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering van verpleegdosente . . . . . 88

5.2 Die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering van verpleegdosente . . . . . 91

5.3 Gevolgtrekkings . . . . . 101

5.4 Tekortkominge van die navorsing . . . . . 104

5.5 Aanbevelings . . . . . 104

BIBLIOGRAFIE . . . . . 106

# LYS VAN FIGURE


| Figuur | Bladsy |
|---|---|
| Figuur 1.1: Navorsingsmodel van Mouton en Marais | 3 |
| Figuur 3.1: Fokusverskuiwing vanaf abnormale na optimale gedrag | 50 |

# LYS VAN TABELLE


<u>Tabel</u> Bladsy

Tabel 2.1: Aannames van die pedagogiek en die andragogiek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

Tabel 4.2: Die toets-hertoetsbetroubaarheid van die POI in Suid-Afrika . . . . . . . . . . . . . . . . . 74

Tabel 4.3: Beskrywing van element B: Gedrag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 78

Tabel 4.4: Beskrywing van element F: Gevoelens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79

Tabel 4.5: Beskrywing van element S: Selfkonsep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 81

Tabel 4.6: Beskrywing van element R: Verhoudings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82

Tabel 5.1: Intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente soos gemeet deur die POI . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 89

Tabel 5.2: Interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente soos gemeet deur Schutz-vraelyste: Element B ("Behavior") . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 92

Tabel 5.3: Interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente soos gemeet deur die Schutz-vraelyste: Element F ("Feelings") . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94

Tabel 5.4: Interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente soos gemeet deur die Schutz-vraelyste: Element S ("Self") . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96

Tabel 5.5: Interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente soos gemeet deur die Schutz-vraelyste: Element R ("me-to-you-relations") . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98

Tabel 5.6: Interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente soos gemeet deur die Schutz-vraelyste: Element R ("you-to-me-relations") . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 100

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

Hierdie verhandeling handel oor die konseptualisering van selfaktualisering as persoonlikheidskenmerk van verpleegdosente asook die meting van hul selfaktualiseringsvlakke ten einde groeibehoeftes te bepaal.

In hierdie hoofstuk word die agtergrond tot en die motivering vir die navorsing, die probleemstelling, doel van die navorsing, -hipotese en -model, en die paradigmatiese perspektief van die navorsing bespreek. Hierna word die navorsingsontwerp en -metode bespreek en die hoofstukindeling gegee.

## 1.1 AGTERGROND TOT EN MOTIVERING VIR DIE NAVORSING

Die verpleegberoep in die Republiek van Suid-Afrika word gebaseer op die beginsel van hulpverlening aan die pasiënt. In literatuur oor die verpleegkunde word hierdie stelling ondersteun aangesien verpleging breedweg omskryf word as hulpverlening aan pasiënte met die oog op die bevrediging van hul mediese, fisiese en psigiese behoeftes (Mellish, 1985:85-93; Mellish & Brink, 1990:17-18; Pines, Aronson & Kafry 1981:16; Potgieter 1992:132). Hulpverlening in hierdie verband berus op die beginsel van die versorging van die mens in totaliteit. Vir die doel van hierdie navorsing word die klem op psigiese hulpverlening gelê.

In die literatuur oor die verpleegkunde (Chaska, 1990:6-7) asook oor verwante hulpprofessies soos in die sielkunde (Johnson, 1990:132-137) word algemeen erken dat die kwaliteit van psigiese hulpverlening bepaal word deur die vlak van selfaktualisering by die helper, in hierdie geval die dosent, met spesifieke kenmerke en helpervaardighede wat daaruit voortvloei.

In die opleidingsituasie tree die dosent as rolmodel vir die student op (Halldorsdòttir, 1990:102; Woodward, 1993:11). Die aanname kan dus gemaak word dat, indien die dosent nie self oor die kenmerke van selfaktualisering asook verwante helpervaardighede beskik nie, dit onwaarskynlik is dat sy dit in die opleidingsituasie aan die student kan oordra. Mellish en Brink (1990:336) verwys selfs na selfaktualisering as 'n funksie van die verpleegdosent. Die verwagting word dus gestel dat die verpleegdosent, benewens haar onderrigtaak, ook in haar eie selfaktualiseringsmomente moet

voorsien ten einde intra- en interpersoonlike effektiwiteit te bewerkstellig.

Die effektiewe dosent word in die literatuur beskryf as 'n mens in totaliteit, wat optree as rolmodel vir studente, en haar selfgerigte motivering en eie potensiaal ten volle gebruik om haar toe te rus om haar beste te lewer in 'n deurlopende intra- en interpersoonlike proses van vernuwing en groei (Malan & Du Toit, 1991:222-225; Mellish, 1982:122; Searle & Pera, 1993:168).

Genoemde kenmerke blyk teoreties in ooreenstemming met die vaardighede van hulpverlening te wees, maar word waarskynlik nie genoegsaam beklemtoon om 'n effektiewe bydrae in die opleidingsituasie te lewer nie. In teenstelling hiermee blyk dit dat daar in die akademiese opleiding aan verpleegkolleges en universiteite meer klem gelê word op die oordrag van kennis en die aanleer van vaardighede in metodiek en tegnologie vir mediese en fisiese hulpverlening (Chaska, 1990:100-101). Dit wil sê in die opleidingsituasie is die student hoofsaaklik kognitief en psigomotories betrokke by die aanleer en uitvoering van die meganika van hulpverlening. Verder word akademiese vordering bepaal op grond van die student se prestasie in hierdie meganika, en vanuit 'n professionele oogpunt word prestasie ook as vernaamste norm vir verdere bevordering gebruik (Bornman, 1988:94; Bush, 1988:181). Daarbenewens ervaar die navorser 'n inkongruensie tussen die ideaal soos weerspieël word in die literatuur en die realiteit in die praktyk. Hierdeur word die navorser genoop om te bepaal of intra- en interpersoonlike effektiwiteit in die praktyk (realiteit) as kenmerke van selfaktualisering binne die milieu en leefwêreld van die verpleegdosent bevestig word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Verpleegopleiding in Suid-Afrika is dinamies en in 'n voortdurende toestand van verandering en aanpassing. Hierdie veranderinge moet deur die dosent in haar onderrig, kurrikulum, tegnieke en metodiek van verpleging verreken word. Die verpleegdosent word genoodsaak om tred te hou met die behoeftes van die vakgebied, die student en dié van die pasiënt. Daar kan dus van die veronderstelling uitgegaan word, dat verpleegonderwys ten doel het om 'n verplegingskorps daar te stel wat dinamies aan die behoeftes van die professie asook van die gemeenskap voldoen.

In die snel-ontwikkelende, multidimensionele wêreld van gesondheidsorg, is dit noodsaaklik dat optimale benutting van die dosent se potensiaal in ag geneem word. Lategan (1991:91) wys daarop dat die optimale benutting van die verpleegdosent se potensiaal afhang van die tipe stimuli wat sy ontvang en die wyse waarop sy binne die raamwerk van haar eie verantwoordelikheidsin haar potensiaal optimaal benut en ontwikkel. Voortgesette onderrig, nagraadse kursusse en indiens-opleidingsprogramme vir verpleegdosente lewer 'n bydrae om die verpleegdosent meer bewus te maak van die mens in totaliteit (Mellish & Brink, 1993:337-338), maar of dit uiteindelik intra- en interpersoonlike effektiwiteit as kenmerk van selfaktualisering by die verpleegdosent laat realiseer, word deur die navorser betwyfel.

Die natuurlike tendens is om te wil groei, kennis te vermeerder en probleme op te los (Troskie, 1989:36). Alle geleenthede waartydens die dosent en die student die handhawing van gehalte-pasiëntsorg as doelwit stel, word 'n ideale leergeleentheid geskep ter verryking van en die ontplooiing tot professionele volwassenheid, waardeur ook verantwoordelikheid vir selfontwikkeling deur die verpleegdosent aanvaar word. Dit wil egter voorkom of verpleegdosente so vasgevang word in die strewe om te voorsien in die behoeftes van die studente en die instansie, dat hulle hul eie behoefte aan selfontwikkeling agterweë laat (Juhl, 1985:21-25). Hierdie verskynsel gee aanleiding tot frustrasie en werksontevredenheid, wat ook gepaardgaan met gevoelens van wantroue, hulpeloosheid, magteloosheid, moegheid, woede en sinisme wat uiteindelik selfaktualisering belemmer.

Uit hierdie bespreking blyk dit dat die verpleegdosent 'n verantwoordelikheid ten opsigte van haar selfontwikkeling het en die vraag ontstaan wat haar vlak van selfontwikkeling is. Selfontwikkeling word egter in die literatuur baie vaag en uiteenlopend gekonseptualiseer. Vanuit die groeipsigologie word selfontwikkeling, soos deur Schultz (1977:2) uiteengesit, as die stimulering van psigologies optimale gedrag beskryf, terwyl teoretici soos Maslow, Frankl en Daniels na psigologies optimale funksionering as selfaktualisering verwys (Prinsloo, 1992:433-438). Selfontwikkeling en self-aktualisering word in die literatuur as sinonieme omskryf. Vir doeleindes van hierdie navorsing sal die begrip ***selfaktualisering*** gebruik word.

In aansluiting by bogenoemde redenasie, ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die rol en funksies van die verpleegdosent soos in die literatuur gestaaf en wat is die implikasies daarvan vir die selfaktualiseringsvlak waarop sy funksioneer?
- Hoe word selfaktualisering in die literatuur gekonseptualiseer?
- In watter mate beskik verpleegdosente oor die intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering?

## 1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing val in 'n algemene doelstelling en spesifieke doelstellings uiteen.

### 1.3.1 Algemene doelstelling

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing is om die rol van selfaktualisering in die onderrig van verpleegkunde te ondersoek en te bepaal wat die selfaktualiseringsvlak van 'n gekose groep verpleegdosente is.

### 1. 3.2 Spesifieke doelstellings

Die spesifieke doelstellings van hierdie navorsing is die volgende:

- Om vanuit die literatuur te bepaal wat die rol en funksies van die verpleegdosent is en die implikasies daarvan vir selfaktualisering te bepaal

- Om selfaktualisering vanuit die literatuur te konseptualiseer

- Om deur middel van gekose meetinstrumente vir die konstruk, die vlak van selfaktualisering by 'n groep verpleegdosente te meet


## 1.4 NAVORSINGSHIPOTESE

Die volgende navorsingshipotese word geformuleer:

Die verpleegdosent moet oor die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering beskik om haar rol te vervul en haar funksies uit te voer, maar sy beskik tans nie oor al hierdie kenmerke nie.

## 1.5 NAVORSINGSMODEL

Die geïntegreerde model van geesteswetenskaplike navorsing van Mouton en Marais (1992:21-23) word in hierdie navorsing gebruik. Die doel met hierdie model is om die dimensies van geesteswetenskaplike navorsing binne die raamwerk van die navorsingsproses te sistematiseer (vgl. Figuur 1.1).




Figuur 1.1 : Navorsingsmodel van Mouton en Marais (1992:23)

## 1.6 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VAN DIE NAVORSING

Die navorsing word gerig deur 'n bepaalde paradigmatiese perspektief wat spesifieke stellings in die mark van intellektuele hulpbronne insluit (Mouton & Marais, 1992:21).

### 1.6.1 Die intellektuele klimaat

Die intellektuele klimaat verwys na die verskeidenheid nie-epistemiese oortuigings wat in 'n gegewe tydperk in 'n dissipline omskryf word. Dit is oortuigings, waardes en aannames wat nie regstreeks verband hou met die epistemiese oogmerke van die wetenskaplike navorsingspraktyk nie (Mouton & Marais, 1992:21).

Die navorsing val binne die grense van die verpleegkunde en het 'n geesteswetenskaplike perspektief. Verpleegkunde word beskryf as die wetenskap wat besin oor en ondersoek instel na verpleging en sy probleme. 'n Wetenskaplike onderbou is dus hier ter sprake (Coertse, 1976:8-10; Poggenpoel, 1981:16).

Die definisie van verpleegkunde, soos verwoord deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV), word aanvaar en dien in hierdie navorsing as riglyn: "Verpleegkunde verwys na die kliniese gesondheidswetenskap wat die kennisinhoud vorm vir die praktyk van verpleegkundiges of vroedvroue wat onder die Wet op Verpleging geregistreer of ingeskryf is. Binne die grense van verpleegkundige filosofie en etiek, is verpleegkunde gemoeid met die ontwikkeling van kennis vir die verpleegkundige diagnose, behandeling en gepersonaliseerde gesondheidsorg vir diegene wat blootgestel is aan en ly aan of herstel van fisiese of geestesongesteldheid. Dit behels die studie van voorkomende, bevorderende, kuratiewe en rehabilitatiewe gesondheidsorg vir individue, gesinne, groepe en gemeenskappe en dek die mens se lewensloop van voor sy geboorte" (Searle & Pera, 1993:171).

Die fokus word in hierdie navorsing op die subdissiplines verpleegonderwys en verpleegbestuur geplaas.

- **Verpleegonderwys** is gerig op die persoonlike en professionele ontplooiing en ontwikkeling van die verpleegkundige student. Die beginsels van leer (in hierdie geval volwasse leer) behoort hierin gehandhaaf te word met die klem op aktiewe betrokkenheid van die verpleegdosent en student waar leer lei tot verandering (in gedrag) in die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese dimensies (SARV Beleid ten opsigte van die opvoedkundige taak, 1993).

Verpleegonderwys as sosiale aktiwiteit, behels die skep van 'n omgewing waarbinne leer kan plaasvind en gefasiliteer kan word (Gagné, 1970:205; James, 1975:32). Hierdeur word studentverpleegkundiges gelei, gehelp en van middele voorsien wat hulle in staat stel om die kuns en wetenskap van verpleging te leer, kennis en vaardigheid te bekom, ten einde hulle in staat te stel tot die toepassing daarvan in die verpleging van diegene wat dit nodig het (Gunter, 1977:10; Nel, 1986:11). In aansluiting hierby, wys Mellish en Brink (1993:93) daarop dat verpleegonderwys 'n bewuste beplande aktiwiteit kan wees of 'n onbeplande aktiwiteit waar leer onbewustelik plaasvind, soos byvoorbeeld deur middel van modelering.

Die Engelse woord "education" is afgelei van die Latynse woord "ducere" wat beteken om te lei. Dit impliseer die leiding van 'n toestand van "nie-weet-nie" tot een van "weet" waarby die ontwikkeling van die hele persoonlikheid van diegene wat opgelei word, betrokke is. In die onderwys word klem gelê op die vorming van die verpleegstudente, in totaliteit, sodat hul denke en dade deur die verskaffing van kennis en die aanleer van vaardighede beïnvloed word (Mellish & Brink, 1993:3-6).

- **Verpleegbestuur** word beskou as 'n onontbeerlike aspek van die verpleegdosent se praktyk. Bestuur binne hierdie verband het te doen met doelstellings en die gebruik van hulpbronne tydens die beplanning, implementering, kontrolering en evaluering van effektiwiteit (Quinn, 1988:443). Die hoofdoel van verpleegonderwysbestuur is die lewering van 'n hoë kwaliteit onderwys, met die volgende as hooffunksies:

  * Organisatories: Beraming, beplanning, verspreiding en beheer van finansies, toerusting, personeel en pastorale sorg aan studente

* Kurrikulering: Die ontwerp, implementering, hernuwing, kontrolering en evaluering van die totale kurrikulum

* Ekstern: Handhawing van goeie interpersoonlike verhoudings tussen eksterne liggame soos nasionale en streeksliggame, eksaminerings- en erkende liggame (professioneel) en verhoudings met lede van die beroep, gemeenskap en vakbonde (Quinn, 1988:443).

Sullivan en Decker (1992:57) sluit hierby aan wanneer hulle klem lê op die tydsbestek binne hierdie bestuursproses. Daar word ook klem gelê op die belang van bestuur in verpleegonderwys, wanneer daar verwys word daarna, as dié vlak waarop invloedryke besluite rakende elke aspek van onderwys en die leerproses, geneem word (Quinn, 1988:443).

### 1.6.2 Metateoretiese aannames

Drie paradigmas is van toepassing op hierdie navorsing. Eerstens word die literatuuroorsig vanuit die humanistiese perspektief aangebied en tweedens word die empiriese ondersoek vanuit die funksionalistiese en positivistiese paradigmas aangebied.

- **Literatuuroorsig.** Die beginsels en kenmerke van selfaktualisering vir die verpleegdosente kan vanuit verskillende paradigmas en teorieë daargestel word. Die humanistiese paradigma is relevant vir hierdie navorsing (Meyer, Moore & Viljoen, 1993:335-462). Die humanistiese perspektief beklemtoon selfaktualisering, persoonlike groei, psigologiese gesondheid en optimale funksionering en is gekant teen die siening dat die mens se gedrag slegs daarop gerig is om spanning te verminder (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1989:47). Die volgende basiese aannames geld in hierdie verband (Quitmann, 1985:16-17):

  * Die mens is meer as die som van haar dele.

  * Die mens bestaan in 'n menslike konteks.

  * Die mens is bewus. Ongeag hoeveel van die menslike bewussyn ontoeganklik is, is beskikbare bewustheid 'n lewenskenmerk en die basis vir begrip van haar ervaring.

* Die mens het/maak keuses. In plaas van 'n passiewe toeskouer te wees, kan die mens haar lewenswyse op 'n aktiewe wyse verander. Onderliggend hieraan lê die behoefte daaraan om haar potensiaal te aktualiseer.

* Die mens leef doelgerig. Dit onderskei haar van ander lewende wesens en vorm die basis vir haar identiteit.

Volgens die humanisme het die behaviorisme en die psigo-analise 'n beperkende siening van die menslike aard. Die behavioriste beskou die mens as 'n masjien wat passief respondeer op eksterne stimuli. Die psigo-analiste fokus slegs op die siek kant van die mens en sien haar as 'n slagoffer van biologiese kragte en konflik in die kinderjare (Schultz, 1977:2). Alhoewel die humaniste nie die teenwoordigheid van eksterne stimuli, instinkte en konflikte ontken nie, glo hulle nie dat die mens 'n statiese slagoffer van hierdie omstandighede is nie.

- **Empiriese ondersoek.** In die empiriese gedeelte van hierdie navorsing is twee paradigmas van toepassing, naamlik die funksionalistiese paradigma en die positivistiese paradigma. Die funksionalistiese paradigma beklemtoon die bestudering van groot, sinvolle eenhede van psigiese verskynsels in hulle funksionele verband (deur te fokus op die betekenis daarvan vir die mens se voortbestaan en aanpassing) (Plug *et al.*, 1989:108). Dit is gebaseer op die aanname dat die samelewing 'n konkrete en 'n sistematiese aard het. Die basiese oriëntasie van hierdie paradigma is dat die samelewing op só 'n wyse bestudeer moet word dat bruikbare empiriese kennis gegenereer kan word. Die toepassing van psigometriese teorieë en prosedures om persoonlikheidskenmerke te bepaal, is dus deel van die funksionalistiese paradigma. Die navorsing word op 'n empiriese en rasionele wyse uitgevoer.

Die positivistiese perspektief gaan van die veronderstelling uit dat kennis slegs betrekking het op waarneembare verskynsels en dat metafisiese ondersoeke na die aard van die uiteindelike realiteit onnodig en onwetenskaplik is (Plug *et al.*, 1989:280).

### 1.6.3 Die mark van intellektuele hulpbronne

Die mark van intellektuele hulpbronne dui op die oortuigings oor die epistemiese status van wetenskaplike stellings (Mouton & Marais, 1992:22). Teoretiese en metodologiese oortuigings is hier ter sprake.

#### 1.6.3.1 Teoretiese oortuigings

Teoretiese oortuigings kan omskryf word as alle oortuigings wat toetsbare uitsprake oor sosiale verskynsels maak (Mouton & Marais, 1992:22). Die volgende teoretiese stellings dien as die vertrekpunt vir bespreking in hierdie navorsing en word verdeel in konseptuele omskrywings en tipologieë, modelle en teorieë.

**a) Konseptuele omskrywings**

Verpleging as sodanig hou verband met die voorsiening in gesondheidsbehoeftes van die gemeenskap/pasiënt deur 'n persoon met bepaalde kenmerke. Respek vir die mens as godgeskape wese, gekombineer met wetenskaplike kennis en vaardighede (soos intra- en interpersoonlike vaardighede) wat oor 'n lang tydperk van onderrig en opleiding verkry word, vorm die basis van verpleging. Doelgerigte en beplande onderrig en opleiding wat die voortdurende bykomende behoeftes wat die gemeenskap/pasiënt aan die professionele praktisyn stel ook verreken, voldoen aan hierdie vereistes. Die verkryging van 'n filosofiese raamwerk, en wetenskaplike kennis en vaardighede, vereis dat die verpleegdosent in interaksie met ander tree. Dit is noodsaaklik dat die verpleegdosent oor selfkennis moet beskik en 'n gesonde lewenstyl moet handhaaf aangesien die kern van kwaliteitverpleging gevorm word deur positiewe interpersoonlike vaardighede (Poggenpoel, 1989:39).

Die studentverpleegkundige is by die SARV as 'n student geregistreer. Hierdie persoon ondergaan dan verpleegonderrig en -opleiding, dit wil sê tersiêre onderrig, by 'n goedgekeurde instansie, hetsy 'n universiteit of verpleegkollege. By suksesvolle voltooiing van so 'n kursus registreer sy by die SARV as 'n professionele verpleegkundige, met ander woorde 'n professionele praktisyn in die verpleegkunde.

Die geregistreerde verpleegkundige kan omskryf word as 'n persoon wat reeds by die SARV geregistreer is as 'n professionele praktisyn in verpleegkunde. Hierteenoor is die geregistreerde verpleegdosent 'n professionele verpleegkundige wat oor 'n bykomende kwalifikasie in verpleeg-onderrig beskik en as 'n dosent by die SARV geregistreer is. Hierdie registrasie geskied na die suksesvolle voltooiing van 'n goedgekeurde formele studieprogram in verpleegonderwys aan 'n universiteit. In hierdie navorsing sal na die verpleegdosent verwys word as "sy" hoewel die inligting op dosente van albei geslagte van toepassing is.

Die begrip selfaktualisering dui op persoonlike groei, 'n strewe na volkomenheid, vervulling en ontwikkeling van die eie aangebore positiewe potensiaal (Bruno, 1983:24). Selfontwikkeling, wat Schultz (1977:2) as die stimulering van psigologiese optimale gedrag beskryf, is sinoniem met selfaktualisering en behels spesifieke intra- en interpersoonlike gedragskenmerke. Intrapersoonlike kenmerke verwys na selfkennis, -insig en die aanvaarding van eie verantwoordelikheid as voorvereiste tot groeifasiliterende interpersoonlike kontak (Cilliers, 1992:19-23). Interpersoonlike kenmerke verwys na wyses waarop daar gesonde en bevredigende interaksie tussen die self en ander mense bewerkstellig word (Louw & Edwards, 1993:628).

**b) Tipologieë, modelle en teorieë**

'n Tipologie verwys na 'n konseptuele raamwerk wat verskynsels klassifiseer ooreenkomstig tipiese eienskappe wat dit met ander verskynsels gemeen het (Mouton & Marais, 1992:140). In hierdie navorsing word tipologieë soos volg gebruik:

- In die literatuuroorsig word die fokus geplaas op die humanistiese paradigma, wat die behaviorisme en psigo-analise uitsluit.

- In die empiriese ondersoek word gefokus op die funksionalistiese en positivistiese paradigmas.

'n Model is gerig op die vereenvoudigde uitbeelding van verhoudings tussen die hoofelemente van 'n proses. Dit gaan verder as 'n tipologie aangesien dit nie slegs verskynsels klassifiseer nie, maar ook poog om verbande daartussen te sistematiseer (Mouton & Marais, 1992:143). Vanweë die aard van hierdie navorsing, is die model van psigologiese groei (Schultz, 1977) van belang.

'n Teorie word omskryf as "a set of interrelated constructs or concepts, definitions and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables, with the purpose of explaining and predicting the phenomena" (Kerlinger, 1986:9). Die psigologiese groeiteorie, met ander woorde die teorieë van Allport, Rogers, Fromm, Maslow en Frankl wat elemente van selfaktualisering omskryf, is relevant vir hierdie navorsing.

Die klem op selfaktualisering, optimale ontwikkeling en groei deur die humanistiese teoretici het gelei tot die ontstaan van tegnieke om hierdie aspek te meet. Die Persoonlike Oriëntasievraelys (Knapp, 1976:2) meet die waardes en gedrag wat belangrik is vir die ontwikkeling van die selfaktualiserende persoon, met die klem op intrapersoonlike (wat insluit fisiese, kognitiewe, emosionele en konatiewe) kenmerke, terwyl die Schutz-vraelyste (Schutz, 1983:1) gebaseer is op die meting van 'n persoon se funksionering in verhouding met andere, met ander woorde interpersoonlike verhoudings.

### 1.6.3.2 Metodologiese oortuigings

Metodologiese oortuigings kan omskryf word as "oortuigings wat uitsprake maak oor die aard en struktuur van wetenskap en wetenskaplike navorsing" (Mouton & Marais, 1992:24). Dit sluit wetenskapsfilosofiese tradisies en die belangrikste metodologiese modelle (kwalitatief en kwantitatief) in.

Die empiriese navorsing word vanuit die funksionalistiese en die positivistiese raamwerk aangebied (Snyman & du Plessis, 1987:1-24). Die funksionalistiese oriëntasie is regulerend en pragmaties in 'n poging om 'n geordende en gereguleerde realiteit daar te stel. Die basiese aanname is dat die gemeenskap op 'n werklike, konkrete en sistematiese wyse funksioneer. Die ontologiese aanname is gegrond op die geloof in 'n objektiewe en waardevrye sosiale wetenskap waarin die navorser onpartydig teenoor die bestudeerde gedrag staan en objektiewe en streng wetenskaplike metodes en tegnieke gebruik. Tematies word verwys na selfaktualisering, die rol, funksies en persoonlikheidskenmerke van die verpleegdosent en die meting van haar vlak van selfaktualisering. Die meting van intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke by die verpleegdosent is gegrond op psigometriese beginsels en tegnologie (Smit, 1991).

Ten opsigte van die empiriese ondersoek word gepoog om van 'n optimale navorsingsontwerp en toepaslike metodes gebruik te maak om die teoretiese hipotese te toets (Mouton & Marais, 1992:17-18).

- Op ontologiese vlak word die gedrag van individue ontleed.

- Ten opsigte van die teleologiese dimensie word gepoog om inligting oor die vlak van selfaktualisering van verpleegdosente te verskaf, probleme te diagnoseer en op te los.

- Op epistemologiese vlak word gepoog om die toereikendheid van die empiriese ondersoek te verseker deur die korrekte prosedure te volg en die prosedures wat gebruik word, volledig te beskryf. Hierdeur word die herhaalbaarheid van die navorsing vergemaklik. Geldigheid en betroubaarheid word verseker deur van toepaslike meetinstrumente gebruik te maak.

- Op metodologiese vlak sal eerstens 'n kwantitatiewe benadering gevolg word in die meting van persoonlikheidskenmerke deur middel van data-insameling met behulp van vraelyste, data-ontleding en interpretasie deur statistiese analise. Daarna word die data ook kwalitatief geïnterpreteer.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

Die navorsingsontwerp en -metode word vervolgens uiteengesit.

### 1.7.1 Navorsingsontwerp

In hierdie navorsing word 'n verkennende, beskywende navorsingsontwerp met 'n kwantitatiewe, kontekstuele navorsingstrategie gevolg.

Volgens Mouton en Marais (1992:44-47) is verkennende navorsing gerig op die verkryging van insig in en die verwerwing van begrip van 'n domeinverskynsel, terwyl beskrywende navorsing daarop gerig is om akkurate inligting oor die domeinverskynsel wat bestudeer word, in te samel. Die doel met navorsing met kontekstuele belang is om 'n diepgaande beskrywing en verklaring van die besondere gebeurtenis te gee, binne die konteks van die domeinverskynsel se besondere leefwêreld (Mouton &

Marais, 1992:52).

Hierdie navorsing is verkennend van aard, daar dit gerig is daarop om insigte in te win in en begrip te verwerf van intra- en interpersoonlike effektiwiteit, as kenmerke van selfaktualisering by 'n groep verpleegdosente. Die beskrywende aspek is daarin geleë dat data ingesamel word oor die verpleegdosent se persoonlikheidskenmerke, rol en funksies ten opsigte van haar selfaktualiseringsvlak, met die doel om vas te stel watter rol selfaktualisering in effektiewe onderrig in verpleging speel.

Die navorsing se kontekstuele gebondenheid is geleë in die unieke konteks van die domeinverskynsel, naamlik die konseptuele verkenning en beskrywing van intra- en interpersoonlike effektiwiteit as kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente. Die navorsing hou verband met die unieke konteks en kan nie verteenwoordigend wees van die totale bevolking nie (Mouton & Marais, 1992:53, 123).

## 1.7.2 NAVORSINGSMETODE

Die opnamemetode wat deur Treece en Treece (1986:66) omskryf word as beskrywende, nie-eksperimentele navorsing, sal in hierdie navorsing gebruik word om inligting in te samel en te verwerk. Die navorsingsmetode bestaan uit 'n teoretiese komponent en 'n empiriese komponent.

### 1.7.2.1 Teoretiese komponent

Die teoretiese komponent behels die opstel en bestudering van 'n toepaslike literatuurstudie. Eerstens sal die rol en funksies van die verpleegdosent vanuit die vakgebied van verpleegkunde, en meer spesifiek verpleegonderwys en -bestuur, bepaal word ten einde die implikasies daarvan vir selfaktualisering te bepaal. Tweedens sal die begrip selfaktualisering vanuit die literatuur gekonseptualiseer word, waarna 'n samevatting van die intra- en interpersoonlike kenmerke daarvan gemaak sal word.

### 1.7.2.2 Empiriese komponent

Die empiriese komponent behels die volgende:

- Die navorsingsontwerp en -metode sal aan die hand van die gekose meetinstrumente vir die konstruk selfaktualisering, die afneem daarvan en verwerking van die data bespreek word.

- Verpleegdosente van vier verpleegkolleges in Gauteng sal aan twee vraelyste onderwerp word ten einde hul intra- en interpersoonlike kenmerke te bepaal, sodat dit vergelyk kan word met die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering ten einde ontwikkelingsareas in dié verband te identifiseer.

- Twee sielkundige meetinstrumente sal afgeneem, nagesien en geïnterpreteer word, waarna die resultate verwerk sal word.

- Hierna sal die resultate bespreek word en 'n persoonlikheidsprofiel van die verpleegdosent op grond van die spesifieke meetinstrumente saamgestel word.

- Vervolgens sal die gevolgtrekkings gemaak word en aanbevelings vir toekomstige navorsing gedoen word.

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

Om die navorsingsvrae te kan beantwoord en die spesifieke doelstellings van die navorsing te bereik, sal die verdere hoofstukindeling van hierdie verhandeling soos volg daar uitsien:

- Hoofstuk 2: Die rol en funksies die verpleegdosent
- Hoofstuk 3: Selfaktualisering
- Hoofstuk 4: Empiriese ondersoek
- Hoofstuk 5: Resultate van die empiriese ondersoek, gevolgtrekkings en aanbevelings

## 1.9 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die agtergrond tot, motivering vir en die probleemstelling van die navorsing omskryf. Hierna is die algemene en spesifieke doelstellings van die navorsing geformuleer. Die paradigmatiese perspektief van die navorsing is bespreek, waarna die navorsingsontwerp en -metode asook die hoofstukindeling bespreek is.

In Hoofstuk 2 word die rol en funksies van die verpleegdosent bespreek om te bepaal wat die implikasies daarvan vir haar selfaktualiseringsvlak is.

# HOOFSTUK 2

# DIE ROL EN FUNKSIES VAN DIE VERPLEEGDOSENT

Die doel van hierdie hoofstuk is om die rol en funksies van die verpleegdosent aan die hand van haar onderrig-, navorsings- en leierskapsrol te bespreek, ten einde die implikasies daarvan vir selfaktualisering te bepaal.

## 2.1 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP *ROL EN FUNKSIES* VAN DIE VERPLEEGDOSENT

Choudhry (1992:267) omskryf 'n ***rol*** as 'n georganiseerde stel gedragswyses wat aan 'n bepaalde pos toegeken word. Om aan die vereistes van 'n bepaalde pos te voldoen, moet sekere funksies uitgevoer word. 'n ***Funksie*** verwys na 'n taak of take wat 'n persoon moet verrig, omdat sy 'n bepaalde betrekking of posisie beklee (Labuschagne & Eksteen, 1993:192).

Volgens Choudhry (1992:265-273) is die verpleegdosent se rol en funksies interafhanklik en dinamies. Die interafhanklikheid is geleë in die take (funksies) wat uitgevoer moet word ten einde aan spesifieke rolverwagtinge te voldoen. Die dinamika verwys na die aanpassings (van die individu) binne 'n voortdurende staat van ontwikkeling (Barnard, 1990:250). Die rol en funksies van die verpleegdosent hou egter ook verband met die onderrigparadigma van die instansie waarin die onderrigprogram toegepas word, die doel van die program, die tipe student wat onderrig moet word, en die leergeleenthede waaraan die student blootgestel moet word (Crotty, 1992:350-356; Nelms, Jones & Grey, 1993:19-29).

In hierdie navorsing is die humanistiese onderrigparadigma van toepassing en behels dit al die invloede wat bydra tot individuele vryheid in die maak van ontwikkelingskeuses. Hierin word die deugde, waardes en ideale wat eie is aan menswees, bevestig (Mashaba & Brink, 1994:10). Vanuit hierdie onderrigparadigma gaan bepaalde rolle en funksies bespreek word, en wel met betrekking tot die dimensies van die verpleegdosent se onderrig-, navorsings- en leierskapsrol.

## 2.2 ONDERRIGROL EN -FUNKSIES

Binne die humanistiese konteks kan die rol van die verpleegdosent beskou word as die versterking en ontwikkeling van die verlangde waardes en gevoelens by studente (Mashaba & Brink, 1994:10). Hierdeur word die studente in staat gestel om uit te reik na pasiënte, op só 'n wyse dat nuwe betekenis aan die lewe gegee word.

Die verpleegdosent met 'n humanistiese ingesteldheid is gemoeid met studente as individue, en met hulle ervaring van die aktualiteit van hul eie bestaan (Reilly, 1980:18). In die uitlewing van haar onderrigrol behoort die dosent selfaktualisering by studente te stimuleer deur bewustelik die ontginning van haar eie potensiaal, asook dié van studente na te streef (Curzon, 1990:97). Die aanbieding van onderrig wat groei fasiliteer, kan slegs bewerkstellig word deur die verpleegdosent wat in haar eie lewe, haar strewe tot selfaktualisering uitleef en modelleer (Jordaan & Jordaan, 1992:23-33).

Die doel van humanistiese verpleegonderrig word deur Mashaba en Brink (1994:10) bevestig as, onder andere,

- die daarstelling van studente wat heel ("whole") is, na kan dink, op 'n diep vlak kan voel en waarneem, lief kan hê, kan skep en hul innerlike self kan uitbrei; en

- hulpverlening aan studente in die ontwikkeling van vertroue in hulself, kritiese denke en ontvanklikheid vir ander persone en nuwe ervaringe.

Binne hierdie humanisties gesentreerde verpleegonderrig realiseer die daarstelling van 'n verpleegkundige wat oor die vermoë beskik om gesonde oordeel in verpleegsorg toe te pas, wat kalm en beredeneerd in noodsituasies kan optree en wat haarself in die volle sin van die woord as professionele verpleegkundige handhaaf in die uitlewing van haar taak (Mellish & Brink, 1993:15).

Ten einde die gestelde doel van verpleegonderrig te bereik, soos saamgevat deur Maslow (1971:163) as "to help the person (student) to become the best he (or she) is able to become", wat selfaktualisering impliseer, behoort die verpleegdosent self oor die kenmerke van selfaktualisering te beskik.

As deel van haar onderrigtaak verrig die verpleegdosent die volgende funksies:

- Die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir die opleiding van studentverpleegkundiges
- Die toepassing van andragogiese leerbeginsels in verpleegonderrig
- Die fasilitering van leer by studentverpleegkundiges
- Die evaluering van leer van studentverpleegkundiges.

### 2.2.1 Die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir die opleiding van studentverpleegkundiges

'n *Kurrikulum* word deur Jansen (1984:90) omskryf as 'n onderrigprogram wat bestaan uit bepaalde doelstellings en geselekteerde, geordende inhoude. In aanlsuiting hierby wys Quinn (1988:233) daarop dat 'n kurrikulum in verpleging nie geïsoleer kan word van die oortuigings, waardes en ontwikkeling van die breë samelewing en dié van die verpleegprofessie nie. In hierdie verband identifiseer hierdie outeur vier verskynsels wat die verpleegdosent in aanmerking moet neem in die ontwikkeling van 'n kurrikulum. Hierdie verskynsels, wat impliseer dat die samelewing, sielkunde, onderwys en verpleging 'n invloed op die kurrikuleringsproses uiteoefen, word aan die hand van die volgende verduidelik:

- **Beheer versus vryheid.** Binne die samelewing blyk die tendens te wees om van 'n outoritêre ingesteldheid te beweeg na groter vryheid (liberale ingesteldheid). Binne die sielkunde blyk daar 'n klemverskuiwing te wees van die deterministiese aard van die behaviorisme na 'n humanistiese benadering. In die onderrig word 'n klemverskuiwing ook waargeneem, en wel van die tradisionele didaktiese onderrigmetodes na studentgesentreerde onderrig. Hiermee word die individuele vryheid en onafhanklikheid van studente in die verpleegonderrig beklemtoon.

- **Proses versus produk.** Hierdie verskynsel impliseer dat groter waarde geheg word aan die proses waardeur kwaliteiteindprodukte bereik word eerder as aan die kwantiteit. Binne die sielkunde is daar 'n verskuiwing van behaviorisme na 'n humanistiese beskouing, wat aantoon dat mense vry is om inligting te prosesseer en hul gedrag self te bepaal. Terselfdertyd

verskuif die klem binne die onderrig van die produk van leer na 'n prosesbenadering, wat leerervaring as belangrike veranderlike in die leerproses beskou. In hierdie verband word daar in die verpleging gefokus op die verpleegprosesbenadering, en nie op taakgesentreerde verpleegsorg nie.

- **Dele versus geheel.** Hierdie verskynsel illustreer dat daar in die samelewing wegbeweeg word van die fragmentering van mense in klasse na 'n meer holistiese groepering van mense. Binne die sielkunde verskuif die klem van fragmentering (volgens die behaviorisme) na die holistiese idee van humanisme. Die klemverskuiwing in die onderrig blyk te wees van die versameling van aparte vakke in die kurrikulum na 'n meer geïntegreerde benadering, wat in verpleging 'n holistiese benadering impliseer.

- **Instelling versus gemeenskap.** In hierdie verskynsel word die verantwoordelikheid van die gemeenskap beklemtoon. 'n Voorbeeld hiervan is die wetlike stelsel, waarbinne bepaalde bewaarsorgvonnisse ("custodial sentences") omskep word in tydperke van gemeenskapsdiens. In die sielkunde verskuif die klem van blote laboratoriumeksperimente na die ekologiese waarde daarvan vir alledaagse lewensprobleme. Afstandsonderrig as verkose alternatief teenoor tradisionele kollegebywoning word as onderrigwyse beklemtoon, terwyl tuis-versorging (versorging in die gemeenskap) in die verpleging bo instellingsversorging verkies word (Quinn, 1988:234-235).

'n Kurrikulum is derhalwe onderhewig aan deurlopende verandering om aan te pas by nuwe idees en ontwikkeling. In die ontwikkeling van 'n kurrikulum met die oog op doelgerigte en sistematiese verbetering van die breë kurrikulum (herhaaldelike evaluering, hersiening en hernuwing) (Jansen, 1984:90), behoort hierdie onderrigprogram gebaseer te wees op die missie en filosofie van die onderriginstansie asook die filosofie en oortuiginge van die verpleegdosent (Malan & Jorrisen, 1990:71; Quinn, 1988:231-235). Vanuit die humanistiese standpunt behoort 'n kurrikulum ontwikkel te word teen die agtergrond van die tipe lewe wat die student lei, asook haar behoeftes en belangstellings. In die lig hiervan bestaan daar 'n groter moontlikheid dat 'n voorafopgestelde kurrikulum kan misluk, daar dit opgestel is voor die behoeftes en belangstellings van studente bepaal en in ag geneem is (Mashaba & Brink, 1994:11).

Kurrikulumontwikkeling vind op drie vlakke plaas, naamlik op makro-, meso- en mikrovlak.

- **Makrokurrikulering** behels die breë riglyne en beginsels vir bepaalde kursusse wat deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) opgestel word (Du Plessis, 1993:62; Mellish & Brink, 1993:231-235).

- **Mesokurrikulering** volg uit bogenoemde en bevat meer detail met betrekking tot die vasgestelde riglyne en beginsels van kursusse. Hierdie kurrikulering word deur die opleidingsinstansie gedoen (Du Plessis, 1993:62).

- **Mikrokurrikulering** is die verantwoordelikheid van die individuele dosent en wel met betrekking tot die toepassing van die kurrikulumbeginsels. Hierdie beginsels impliseer die uitvoering van 'n situasie-analise, seleksie en ordening van leerinhoude, formulering van leerdoelwitte, beplanning van onderrig-leergeleenthede en evaluering (Krüger, 1980:22). Bogenoemde beginsels vorm 'n siklus, terwyl 'n reeks opeenvolgende siklusse 'n leerprogram vorm wat gerig is op die samestelling van 'n studiegids waarin duidelike riglyne en sperdatums vir studente daargestel word.

Die verpleegdosent se funksies ten opsigte van kurrikulering word hoofsaaklik op die mikrovlak uitgevoer. Mikrokurrikulering impliseer die dosent se aktiewe betrokkenheid by kurrikulering, waartydens sy, met inagneming van die mesokurrikulum, die mikrokurrikulum ontwikkel, en wel aan die hand van die genoemde beginsels, soos dit vervolgens in meer besonderhede uiteengesit word:

#### 2.2.1.1 Situasie-analise

Die verpleegdosent bepaal doelwitte vir die beplanning van die onderrig-leersituasie, met die oog op 'n spesifieke kursus wat aanpas by die tipe student wat die kursus gaan volg (Malan & Jorrisen, 1990:75-78).

#### 2.2.1.2 Seleksie en ordening van leerinhoude

Die verpleegdosent selekteer realistiese leerinhoude met betrekking tot die relevantste en belangrikste vakinhoudelike aspekte, soos van toepassing is op die jaarvlak van die student. Daarna word die leerinhoud deur die dosent in betekenisvolle leereenhede of modules georden, ten einde die uiteindelike leereenheiddoelstellings te verwesenlik. Op hierdie vlak besluit die dosent op die tipe

leerbronne, soos relevante handboeke en artikels (Du Plessis, 1993:66; Malan & Jorrisen, 1990:78; Mellish & Brink, 1993:235).

#### 2.2.1.3 Formulering van leerdoelwitte

Die verpleegdosent formuleer bepaalde leerdoelwitte volgens vasgestelde kriteria. Hierdie leerdoelwitte reflekteer presies waartoe die student in staat behoort te wees na afloop van 'n bepaalde leergeleentheid (Du Plessis, 1993:66; Malan & Jorrisen, 1990:78).

#### 2.2.1.4 Beplanning van onderrig-leergeleentheid en seleksie van onderrigmedia

Op hierdie vlak beplan die verpleegdosent die leergeleentheid op só 'n wyse dat die leerinhoud deur middel van die bereiking van leerdoelwitte bemeester word. Die verpleegdosent selekteer die onderrigmedia wat haar onderrigtaak en die leeraktiwiteit van die student die beste komplimenteer.

#### 2.2.1.5 Beplanning van die evaluering van onderrig-leerresultate

Die verpleegdosent beplan sinvolle evaluering van die leerresultate van die studente, en wel aan die hand van 'n verskeidenheid evalueringstegnieke. 'n Belangrike aspek in die evaluering van leerresultate van die student is die verskaffing van riglyne deur die verpleegdosent. Sy verskaf breë riglyne aan die student met betrekking tot selfaktiwiteit, asook vasgestelde sperdatums (Mellish & Brink, 1993:235). Die dosent beplan ook die evaluering van haar eie onderrigtaak aan die hand van remediëringsaksies, met die doel om die bereiking van gestelde doelwitte en doelstellings deurlopend te verbeter (Malan & Jorrisen, 1990:78).

### BESPREKING

Daar kan van die veronderstelling uitgegaan word dat die verpleegdosent, wat vanuit 'n humanistiese onderrigparadigma funksioneer, oor die nuutste kennis van kurrikuleringsprosesse beskik en in staat sal wees tot skeppende en innoverende insette in dié verband. Op grond hiervan, behoort die dosent tydens die kurrikuleringsproses klem te lê op die ontwikkeling van 'n gebalanseerde kurrikulum. Laasgenoemde impliseer dat die student se sosiale omgewing, en persoonlike, intellektuele en emosionele behoeftes in ag geneem word tydens die integrering van vakke. Hiermee word daar

gepoog om die student in staat te stel om insig te verkry in die aktiwiteite in die onderrig-leersituasie, ten einde begrip en groei by die student te bewerkstellig (Curzon, 1990:104; Mashaba & Brink, 1994:26). In hierdie verband verwys groei na die stimulering van selfaktualisering deur die bewustelike ontgunning van die student se potensiaal.

Om te verseker dat bogenoemde realiseer, is dit noodsaaklik dat die dosent self hoë waarde heg aan die stimulering van selfaktualisering, deur haar eie potensiaal bewustelik te ontgin. 'n Baie belangrike aspek in die bewustelike ontginning van haar eie potensiaal, is die dosent se ingesteldheid teenoor die student as totaliteitswese. Die dosent behoort die student, wat as geïntegreerde geheel funksioneer, se waardigheid en aktiewe wil tot groei (binne die onderrig-leersituasie) in ag te neem (Allport, 1961:389; Maslow, 1970:45,47).

Hierdie studentgesentreerde ingesteldheid impliseer dat die verpleegdosent 'n positiewe en optimistiese mensbeskouing moet handhaaf. Om 'n konstruktiewe beskouing van studente te handhaaf, moet die verpleegdosent haarself aanvaar en positief oor haarself voel. Laasgenoemde kenmerke stem ooreen met dié van die selfgeaktualiseerde persoon (soos bespreek in Hoofstuk 3).

Studente wat aanvanklik met hul opleiding begin, vorder geleidelik na volwassenheid en vanaf 'n staat van afhanklikheid, na onafhanklikheid. In hierdie verband wys Mellish en Brink (1993:72-73) daarop dat suksesvolle verpleegonderrigprogramme op die andragogiese leerbeginsels geskoei behoort te word, om sodoende aan te pas by die student se veranderde behoeftes.

### 2.2.2 Die toepassing van andragogiese leerbeginsels in verpleegonderrig

Tradisioneel is die pedagogiese leerbeginsels (leermodel) ook in volwasse onderrig (insluitend verpleegonderrig) toegepas. *Pedagogiek* verwys na die kuns en wetenskap om kinders te onderrig (Knowles, 1984:6). Wanneer die dosent die student erken as volwasse leerder wat verantwoordelik is vir eie leer, in staat is om haar lewe in 'n groot mate te rig en ook onafhanklik kan optree (Mellish & Brink, 1993:73), word die beginsels van die andragogiese leermodel toegepas.

*Andragogiek* verwys na die kuns en wetenskap om volwassenes te onderrig (Knowles, 1984:6). By implikasie dui *onderrig* op die dosent se leiding (hulp) aan die volwasse student, met die doel "to help the person (student) to become the best he (or she) is able to become" (Maslow, 1971:163). Hierdie

leiding is gerig op die uitgangspunt dat die student van 'n staat van afhanklikheid beweeg na onafhanklikheid in die professionele praktyk en dat sy dienooreenkomstig benader behoort te word.

Die aannames waarop die pedagogiese en andragogiese leermodelle onderskeidelik berus, word vervolgens bespreek.

#### 2.2.2.1 Aannames van die pedagogiese model

Die aannames van die pedagogiese model is soos volg (Knowles, 1984:8-12):

- **Selfkonsep van die leerder (student).** Die leerder (student) is die afhanklike persoon binne dié onderrigsituasie en voer slegs die bevele van die onderwyser (dosent) uit. Die onderwyser (dosent) neem volle verantwoordelikheid vir besluite met betrekking tot wat, waar, hoe en wanneer geleer moet word. In hierdie onderrigsituasie besluit die onderwyser (dosent) self of iets wel geleer is.

- **Rol van die leerder (student) se ervarings.** Die leerder (student) betree die onderrigsituasie met beperkte waardevolle ervaring wat as bron vir leer dien. Binne hierdie situasie is dit die dosent, of die outeur van die voorgeskrewe boek of die draaiboekskrywer wat as waardevolle bron beskou word. Die basis van die pedagogiese metodologie is geleë in oordragtegnieke soos lesings, toegewysde lees en oudiovisuele aanbiedinge.

- **Leergereedheid.** Gereedheid hou verband met die biologiese stadia en ouderdom van die leerder, met ander woorde die gereedheid om van een standerd na 'n ander bevorder te word.

- **Oriëntasie tot leer.** Vakgesentreerde oriëntering tot leer is by die pedagogiek ter sprake, terwyl die kurrikuluminhoude logies volgens die vakinhoude gerangskik is.

- **Motivering om te leer.** Motivering geskied primêr deur eksterne druk op die leerder deur ouers en onderwysers, wedywering met betrekking tot punte en die gepaardgaande gevolge van druip (Knowles, 1984:9). Hierdie tipe motivering dui daarop dat die student deur ekstrinsieke motiewe gemotiveer word, dit wil sê om teregwysing te voorkom of 'n tasbare beloning te verkry (Curzon, 1990:198).

#### 2.2.2.2 Aannames van die andragogiese model

Die aannames van die andragogiese model is soos volg (Knowles, 1984:9-12):

- **Selfkonsep van die leerder (student).** Binne die andragogiek word die volwasse leerder (student) beskou as selfrigtinggewend en verantwoordelik vir haar eie besluitneming. Gevoelens van gegriefdheid en weerstand word deur die leerder (student) ervaar, indien ander poog om hul wil en besluite op haar af te dwing. Knowles (1984) beweer dat selfs die volwasse leerder (student) binne die onderrigsituasie verlang na afhanklikheid en om geleer te word. Indien die dosent laasgenoemde binne die onderrigsituasie sou aanmoedig, sal konflik ontstaan tussen die student se gekondisioneerde verwagtinge van die onderrigsituasie en haar dieper psigologiese behoefte aan selfrigtinggewing.

  Die essensie in die onderrigsituasie is dat die dosent haar ondersteuning sal rig om die student te oriënteer in die oorgangstadium vanaf afhanklike leerder na 'n selfgerigte leerder (Knowles, 1984:8). Hierdeur erken die dosent 'n eie ingesteldheid om haar potensiaal in so 'n mate te ontwikkel dat sy deur middel van selfgerigtheid haar eie behoeftes kan vervul (Cangemi, 1984:151).

- **Rol van die leerder (student) se ervarings.** In die andragogiek word van die veronderstelling uitgegaan dat die volwassene die onderrigsituasie betree met meer ervaringe van verskillende kwaliteite as die kind. As gevolg hiervan is die volwassenes self dikwels die rykste leerhulpbronne vir mekaar, en laat dit ruimte vir tegnieke soos groepbesprekings, simulasie-oefeninge, veldervaringe en probleemoplossing as projekte, waarin volwassenes se ervaring gebruik word. Wanneer die volwasse leerder (student) se ervaring deur die dosent erken word, dien dit as bron vir haar selfidentiteit en openbaar die volwasse leerder (student) selfaanvaarding in die onderrigsituasie.

- **Leergereedheid.** In die andragogiek word daar veronderstel dat leergereedheid verband hou met die volwasse leerder (student) se behoefte daaraan om beter toegerus te word vir 'n bepaalde aspek van haar lewe. Leergereedheid kan deur die dosent bewerkstellig word deur die student bloot te stel aan bepaalde situasies waarby laasgenoemde persoonlik betrokke kan wees (Knowles, 1984:8). Deurdat aandag gegee word aan die leergereedheid van die student,

word haar behoefte aan eenheid en organisering ten opsigte van leer erken (Critelli, 1987:43-44; Jordaan & Jordaan, 1992:32).

- **Oriëntasie tot leer.** In die andragogiek word daar van die veronderstelling uitgegaan dat volwassenes die onderrigsituasie betree met 'n lewens-, taak- of probleemgesentreerde oriëntasie tot leer. Volwasse leerders (studente) se ingesteldheid tot leer is daarin geleë dat hul 'n taak wil uitvoer en/of probleme oplos. Die essensie is dat die dosent die leerervaringe (die kurrikulum) rondom lewensituasies organiseer en nie volgens vakinhoude nie. 'n Baie belangrike aspek in dié verband is die dosent se ingesteldheid oor die toepaslikheid van die leerervaring. In hierdie verband moet die dosent ten opsigte van leer, die "need to know" beklemtoon, en poog om hierdie persepsie by die studente te ontwikkel.

- **Motivering om te leer.** Binne hierdie model beskou die dosent intrinsieke motiveerders soos selfwaarde, erkenning, selfvertroue, 'n beter kwaliteit lewe en selfaktualisering, as sterker motiveerders as die ekstrinsieke motiveerders. Laasgenoemde geniet egter binne die onderrigsituasie steeds erkenning. Take word met ander woorde nie vir eksterne beloning onderneem nie, maar vir die aangenaamheid daarvan asook die bevrediging wat die student daaruit put (Curzon, 1990:198).

Die aannames van die pedagogiek as tradisionele leermodel teenoor dié van die andragogiese leermodel word in Tabel 2.1 uiteengesit (aangepas uit Quinn, 1988:47).

TABEL 2.1: AANNAMES VAN DIE PEDAGOGIEK EN DIE ANDRAGOGIEK

| AANNAMES | PEDAGOGIEK | ANDRAGOGIEK |
|---|---|---|
| 1. Selfkonsep van die leerder (student) | Afhanklik: Die dosent beheer die hoofdimensies van leer | Selfrigtinggewend: Student neem volle verantwoordelikheid vir eie leer |
| 2. Rol van leerder (student) se ervarings | Meeste ervaringe van studente is van min belang in leer. Pedagogiek berus op oordrag | Student se ervaringe is meer en verskil in kwaliteit vergeleke met diè van kinders en wel as gevolg van die verskillende rolle van die volwassene, bv. dié van werker of ouer |
| 3. Leergereedheid | Ouderdomgeoriënteerd en vasgestel deur biologiese stadium en standerdvlak | Behoeftegeoriënteerd. Student het 'n behoefte daaraan om iets te doen of te weet |
| 4. Oriëntasie tot leer | Vakgesentreerd: Kurrikulum is inhoud-gesentreerd | Lewensgesentreerd: Kurrikulum is taak- of probleemgesentreerd |
| 5. Motivering om te leer | Ekstrinsiek: As gevolg van eksterne druk, bv. die dosent | Intrinsiek: Behoefte aan selfwaarde en selfaktualisering |

(Aangepas uit Quinn, 1988:47)

Uit Tabel 2.1 blyk die pedagogiek meer geskik te wees vir die onderrig van kinders, terwyl die andragogiek, met handhawing van volwasse leerbeginsels, meer gerig is op die onderrig van die volwasse student, met inagneming daarvan dat leer gerig is op gedragsverandering by studente. Hierdie gedragsverandering wat onder andere gebaseer is op die ervaringe van die student, word teweeggebring deur haar reaksie op spesifieke onderriggebeure in die onderrig-leersituasie.

Die leerbeginsels volgens die andragogiek word vervolgens uiteengesit.

### 2.2.2.3 Onderrig volgens andragogiese leerbeginsels

In teenstelling met die pedagogiese model, wat gerig is op die vorming van studente deur middel van die verskaffing van inhoude ('n inhoudelike ontwerp), is die andragogiese model gerig op die vorming van die student deur middel van ontwikkeling ('n prosesontwerp). Laasgenoemde word gekenmerk deur sewe elemente wat vervolgens verduidelik word (Knowles, 1984:13-14).

**a. Daarstelling van 'n leerklimaat**

*Leerklimaat* verwys na die relevantste aspekte van die fisiese en psigologiese omgewing waarbinne leer aangemoedig en bevorder word. Om leer te bevorder, skep die verpleegdosent 'n onderrig-leerklimaaat waarbinne die student fisies en psigies geborge en gemaklik voel (Quinn, 1988:13-14). Volgens Knowles (1984:14) is die leerklimaat 'n voorvereiste vir effektiewe leer. De Young (1990:3) asook Mellish en Brink (1993:97) sluit hierby aan deur te impliseer dat studente slegs kan leer indien hulle omgewing (klimaat van leer) gekenmerk word deur gemak en die geleentheid om te leer en te groei deur die ontdekking van hulle eie potensialiteite.

Daar word 'n onderskeid getref tussen 'n fisiese en 'n psigiese leerklimaat. Die **fisiese leerklimaat** verwys na die sitplekrangskikking (verkieslik in 'n groot sirkel of 5-6 studente rondom kleiner lessenaars) asook die dekor (verkieslik helder, vrolik en kleurvol) (Knowles, 1984:14-15). Die psigologiese leerklimaat is, volgens Knowles (1984:15), selfs belangriker is as die fisiese leerklimaat en word gekenmerk deur die volgende:

- *'n Klimaat van wedersydse respek.* Studente neig om meer ontvanklik te wees vir leer wanneer hulle voel dat hulle gerespekteer word. Indien studente die teenoorgestelde ervaar, gebruik hulle hul energie om gevoelens wat hiermee verband hou, te hanteer in plaas daarvan om hul energie vir leerdoeleindes aan te wend (Knowles, 1984:15). Respek word gedemonstreer deur die dosent se persoonlike belangstelling in die student en haar menswees. Hierdie aspekte word verder geïllustreer deur die verpleegdosent se sensitiwiteit vir studente se gevoelens en probleme, haar pogings om hul angs te verlig, haar beskikbaarheid vir gesprekvoering, haar sin vir regverdigheid asook haar toeganklikheid vir en aanmoediging van studente om hul eie opinies te lug (De Young, 1990:4-5).

- *'n Klimaat van samewerking.* Knowles (1984:15) wys daarop dat studente 'n geneigdheid openbaar om die onderrigsituasie te betree met 'n mededingende houding, wat onstaan het uit vroeëre skoolervaringe. Die verpleegdosent wat sensitief vir hierdie situasie is en besef dat medestudente die rykste bron van leer is, gebruik tegnieke om deelnemende verhoudings te bewerkstellig (Knowles, 1984:15). Hierdeur word daar aan die studente leerervaringe gebied en is hulle blootgestel aan 'n konstante vloei van ervaringe wat hulle denke beïnvloed (Mellish & Brink, 1993:95). Die verpleegdosent se insette is daarop gerig om moontlikhede aan die studente uit te wys, verhoudings te beklemtoon, voorstelle aan die hand te doen en hul denke te stimuleer.

  Ander belangrike aspekte wat die verpleegdosent in diè verband in ag neem, is die studente se belangstellings, motivering, leergereedheid asook die kognitiewe style en kulturele patrone van leer by verskillende groepe studente. Hierdie ingesteldheid stel die dosent in staat om leerervaringe uit te brei en te transformeer (Mashaba & Brink, 1994:154; Reilly & Oermann, 1992:35).

- *'n Klimaat van wedersydse vertroue.* Dit blyk dat studente 'n neiging openbaar om meer te leer van dosente in wie hulle vertroue het. Die verpleegdosent behoort 'n klimaat te skep wat gekenmerk word deur wedersydse vertroue en warmte. Binne hierdie klimaat word die student aangemoedig om vrae te stel en probleme te bespreek, waardeur probleem-gesentreerde leer aangemoedig word (Armstrong, 1989:23; Knowles, 1990:77-78; Mellish & Brink, 1993:70).

- *'n Klimaat van ondersteuning.* Volgens Knowles (1984:16) kan die dosent haar kennis en vaardighede goed gebruik om die student op verskillende wyses bewus te maak van haar ondersteuning van hulle. Hierdeur toon die dosent dat sy daarvan bewus is dat leer in 'n groter mate plaasvind by studente wat voel hulle word ondersteun as by studente wat voel dat hulle veroordeel of bedreig word in die onderrig-leersituasie.

Om 'n klimaat van ondersteuning te skep, is dit vir die verpleegdosent noodsaaklik om die studente onvoorwaardelik te aanvaar en empatie met hulle te toon. Hierdeur word 'n situasie geskep waarin hulle verantwoordelikheid vir hul optrede kan aanvaar, vanuit die self kan optree, vrylik keuses kan maak en probleme kan oplos (Du Plooy, Griesel & Oberholzer, 1987:172).

Onvoorwaardelike aanvaarding impliseer verder dat die student deur die dosent waardeer word, en is 'n daadwerklike uitdrukking van die dosent se vertroue in die vermoë van die student (Rogers & Stevens, 1976:60). Dit is egter ook belangrik dat die verpleegdosent haar rol as hulpverlener sal definieer, studente in ondersteuningsgroepe sal indeel en hulle voorberei op die aanvaarding van hul eie verantwoordelikheid met betrekking tot die bied van ondersteuning. Om te verseker dat studente hul potensiaal in die uitlewing van hul beroep bereik, behoort die dosent hulle ook te ondersteun in die integrasie van die teorie en praktyk.

Indien die verpleegdosent daarin kan slaag om op bogenoemde wyses 'n klimaat van ondersteuning te skep, word die geleentheid vir studente gebied om self verantwoordelikheid te aanvaar vir die verwerwing van toepaslike kennis en vaardighede (Mellish, 1982:249-250). Die studente werk dus om hul eie doelwitte te bereik eerder as om ander se goedkeuring te soek (Du Plooy *et al.*, 1987:172; Mellish & Brink, 1993:94-95; Rogers & Stevens, 1976:60).

- *'n Klimaat van openheid en outentiekheid.* In 'n klimaat waarin studente vry voel om oop, natuurlik en eerlik te wees, sal daar groter oorspronklikheid en 'n bereidwilligheid wees om nuwe idees te ondersoek en met gedrag te eksperimenteer. In haar verhouding met die student, is die verpleegdosent oop teenoor haarself en die student. Sy is ontvanklik vir veranderinge en ervaringe, waardeur sy 'n klimaat bewerkstellig waarin emosies, gedagtes en idees op 'n spontane en onkonvensionele wyse na vore kom (Meyer *et al.*, 1993:395; Rogers, 1975:115-124).

Hierdie spontaneïteit impliseer 'n vryheid om gevoelens in spontane aksie uit te druk (Knapp, 1976:2-7) en hou verband met die dosent se vermoë tot kreatiwiteit, waar sy op 'n natuurlike direkte wyse, sonder om deur inhibisies beperk te word, die student ondersteun in die neem van risiko's en verantwoordelike besluitneming (Meyer *et al.*, 1993:384-387). Die verpleegdosent slaag hierin wanneer sy self openheid en outentieke gedrag (geloofwaardig-

heid, egtheid en oorspronklikheid) openbaar. Hierdeur word die verlangde gedrag by studente gefasiliteer (Knowles, 1984:16).

- *'n Klimaat van genoeglikheid ("pleasure").* Leer behoort een van die aangenaamste, avontuurlustigste en bevredigendste ervaringe te wees en bied die geleentheid vir die student om haar potensiaal te aktualiseer (Knowles, 1984:16). Binne hierdie ontspanne (genoeglike) klimaat, kry die student geleentheid om dinge wat vir haar belangrik is, te leer, wat impliseer dat sy deur haar eie behoeftes en nie deur dié van ander nie, gemotiveer sal word (Maslow, 1971:183-190; Rogers & Stevens, 1976:102). Die verpleegdosent behoort dus te konsentreer op die ontwikkeling van positiewe potensiaal asook die uitbouing daarvan in die onderrig-leersituasie.

- *'n Klimaat van menslikheid.* Die verpleegdosent wat studente as mense met individuele waardes en gevoelens benader, en ook léér as 'n menslike aktiwiteit aanvaar, sal die belangrikheid van die student se gemak (goeie beligting, ventilasie, gereelde verposing en verversings) besef en 'n menslike klimaat skep wat gekenmerk word deur omgee, aanvaarding, respek en hulpverlening (Knowles, 1984:17).

Die tweede element wat volgens Knowles (1984:14) bydra tot die vorming van die student en wel deur middel van ontwikkeling (prosesontwerp), is die student se betrokkenheid by die beplanning van haar eie leer.

**b. Betrek studente by wedersydse beplanning**

Die verpleegdosent bied aan studente die geleentheid om deel te neem aan besluitneming oor hul eie leer, en erken hulle insette. Dit lei daartoe dat studente se gevoel van betrokkenheid by eie leer verhoog word, en dra daartoe by dat hulle nie voel dat ander persone se besluite op hulle afgedwing word nie (Knowles, 1984:17).

Leer vind plaas deur aktiewe betrokkenheid van die student by 'n aktiwiteit (ervaring) wat lei tot begrip. In dié verband skryf Ramsden (1992:100) dat, wanneer daar van die studente verwag word om aktief met leerinhoude in interaksie te tree, daar voorkom word dat hulle oorafhanklik van die dosent raak. Aktiewe betrokkenheid, verbeeldingryke ondersoek en die vind van 'n paslike vlak en

styl, is oor die algemeen moontlik. 'n Vereiste met betrekking tot laasgenoemde, is die aanwending van onderrigmetodes wat studenteaktiwiteite, probleemoplossing en koöperatiewe leer aanmoedig.

In teenstelling met tradisionele leerstrategieë, wat gekenmerk word deur passiewe studente- en aktiewe dosentebetrokkenheid, vind betekenisvolle leer plaas wanneer studente aktief daarby betrokke is. Hierdeur word die student in staat gestel om haar denke, gevoelens, gewaarwordinge en gedrag te kombineer om die leersituasie persoonlik en holisties te ervaar (Mashaba & Brink, 1994:152-153).

**c. Betrek studente by die bepaling van hul eie leerbehoeftes**

Na afloop van die aanvanklike beplanning van leer, moet studente betrek word by die bepaling van hul eie leerbehoeftes. 'n Baie belangrike aspek hier ter sprake, is die verpleegdosent se vermoë om 'n balans te verkry tussen die persoonlike behoeftes van die student en die behoeftes van die onderrigsituasie (instansie). In hierdie verband kan onderhandeling tussen dosente en studente bewerkstellig word deur die aanwending van spesifieke strategieë. 'n Strategie wat hier gebruik kan word, is 'n model van bevoegdhede, waarin beide die onderriginstansie en die student se behoeftes gereflekteer word. In hierdie model word 'n bepaalde standpunt uiteengesit en kan die student haar eie posisie dienooreenkomstig bepaal (Knowles, 1984:17-18).

**d. Betrek studente by die formulering van hul eie leerdoelwitte**

'n Vierde element van groot waarde in die vorming van die student, is die formulering van leerdoelwitte. Om studente te help om hul geïdentifiseerde behoeftes in doelwitte om te skakel, stel Knowles (1984:18) voor dat die dosent leerkontrakte gebruik as effektiewe wyse om leer in die verband te struktureer

**e. Betrek studente by die ontwerp van hul eie leerplanne (leerkontrakte)**

'n Strategie wat die dosent kan toepas om die student te help om haar hulpbronne te identifiseer en strategieë te bedink om hierdie hulpbronne sinvol aan te wend, is 'n leerkontrak. 'n Leerkontrak verskaf aan die student outonomie ten opsigte van eie leer en word beskou as die fokus van selfgerigte leer (Knowles, 1984:70). Outonomie impliseer selfdeterminasie, 'n balans tussen

onafhanklikheid en afhanklikheid asook die aanvaarding van die gevolge van eie optrede. Hierdeur aanvaar die student verantwoordelikheid vir haar eie besluite, optrede en gevoelens (Meyer *et al.*, 1993:384-387). Laasgenoemde dui op selfdeterminasie, wat impliseer dat die student gemotiveerd is om vanuit die self op te tree en aktief aan die onderriggebeure deel te neem. Genoemde strategie word aan die hand van die volgende prosedure verduidelik (Knowles, 1984:18-19):

- Elke student omskep haar geïdentifiseerde behoeftes in leerdoelwitte, met 'n beskrywing van die uiteindelike gedrag wat bereik moet word, of die "direction of improvement in ability".

- Die student en dosent identifiseer gesamentlik die effektieste hulpbronne en strategieë vir doelwitbereiking. In hierdie geval kan daar van groepsaktiwiteite gebruik gemaak word met onafhanklike studie-insette deur groeplede, spesialiste of lede van die gemeenskap.

- Die student dui aan watter metodes gebruik word om te bepaal in watter mate elke leerdoelwit bereik is. Die student dui dan ook aan hoe hierdie metodes beoordeel of geldig verklaar kan word.

- Hersiening en voorstelle van verskillende afdelings van die plan word in kleingroepe deur die medestudente hanteer. Die dosent gaan die kontrakte na, verseker die korrektheid van doelwitte, doen voorstelle oor bykomende hulpbronne aan die hand en keur die kontrak goed. Na goedkeuring kan die leerkontrak (leerplan) geïmplementeer word, waarin die student deur die dosent gehelp en begelei behoort te word.

**f. Help die studente in die uitvoering van hul leerplanne**

Die dosent tree as konsultant en hulpbron op. By voltooiing van die kontrak, verskaf die student aan die dosent 'n reeks bewyse van hoe leerdoelwitte bereik is (byvoorbeeld kassetopnames) wat deur die dosent geëvalueer en goedgekeur word (Knowles, 1984:19).

**g. Betrek student by die evaluering van haar eie leer**

Die laaste en baie belangrike element binne die prosesontwerp van die andragogiese model behels die evaluering van leer (Knowles, 1984:19). Die aktiewe deelname van die student by die evaluering van leer is 'n baie belangrike aspek wat impliseer dat die student by die evalueringsaktiwiteite betrek moet word.

Vir die doel van hierdie navorsing word evaluering gedefinieer as 'n komplekse, multidimensionele, dinamiese, deurlopende en oop-eindeproses (Reilly, 1989:96-97). Die proses van evaluering behels 'n waardebepaling, waarin die deelnemers se oortuigings, waardes en houdings weerspieël word (Reilly, 1980:95). Verder wys Reilly (1980:95) ten opsigte van evaluering daarop dat "value" (waarde) wat 'n persoonlike konsep is, op subjektiwiteit dui. Hoewel onderworpe aan subjektiwiteit, word daar tydens die proses van evaluering gepoog om objektiwiteit te verkry.

Die proses van evaluering in die onderrig-leersituasie, impliseer 'n geldige beraming van die vermoëns (kennis, vaardighede en waardes) en houdings van studente. Hierdie beraming geskied deur middel van beoordelings volgens 'n voorgeskrewe vlak, en wel onder die toesig van 'n bekwame verpleegdosent (Reilly, 1989:96-97).

Die mens- en wêreldbeskouing van die verpleegdosent rig haar siening van beide die student en die onderrig-leerproses, en bepaal haar benadering teenoor evaluering. Die verpleegdosent wat evaluering beskou as 'n proses wat bydra tot groei, ondersteun die standpunt dat die primêre doel van die lewe gerig is op die vervulling van potensiaal (Reilly, 1980:95). Derhalwe word die student tydens die proses van evaluering, ondersteun in die bereiking van selfaktualisering wat gerig is op die ontwikkeling van selfkennis. Op grond van hierdie benadering word evaluering beskou as 'n proses wat groei fasiliteer.

Die funksies van die verpleegdosent ten opsigte van die evaluering van die leer van student-verpleegkundiges word in 2.2.4 meer volledig bespreek.

### 2.2.2.4 Onderrigmetodes in die andragogiek

Volgens Knowles (1990:77-78) voldoen tradisionele klaskameronderrig nie aan die vereistes van vandag se veranderde wêreld nie. As alternatief behoort leer gefasiliteer te word (Rogers, 1969:15-26) deur van ervaringsleer gebruik te maak sodat die student verantwoordelikheid vir haar leer aanvaar.

Ervaringsleer maak voorsiening vir persoonlike betrokkenheid, selfinisiëring, deurlopendheid en selfevaluering. Miles (1987:109) gaan van die veronderstelling uit dat indien 'n studentgesentreerde benadering in die onderrig geld, daar 'n verskeidenheid van onderrigmetodes bestaan wat aktiewe betrokkenheid van die student impliseer. In hierdie bespreking sal daar slegs na hierdie onderrigmetodes (wat betekenisvolle ervaringsleer fasiliteer) verwys word.

Volgens Rogers en Stevens (1976:58-59) is die sukses van die fasilitering van selfgerigte leer daarin geleë dat dit direk verband hou met die konfrontering van sake wat vir die student betekenisvol en relevant is. Vryheid en verantwoordelikheid word bewerkstellig deur die dosent se gewilligheid om studente toe te laat om die lewe te konfronteer en aan probleme blootgestel te word (Stockler, 1988:7).

Om aan die student die geleentheid te bied om haar eie wyse van leer te kies, impliseer dat die verpleegdosent vertroue in eersgenoemde se potensiaal moet hê, deur studente se eie ervarings en probleme te gebruik en hulpbronne aan studente te verskaf in die vorm van beide materiële en menslike hulpbronne. Die student aanvaar dus verantwoordelikheid vir haar eie leer. Vir hierdie tipe leer is dit nodig dat die verpleegdosent 'n optimistiese mensbeskouing handhaaf (Rogers & Stevens, 1976:57) wat gepaardgaan met die fasilitering van leer ten opsigte van die student in totaliteit.

In ervaringsleer kan die volgende onderrigmetodes gebruik word (Burnard, 1991:189):

- Selfstudie (lees)
- Lesings en eksperimentele lesings
- Groepbesprekings
- Gevallestudies en simulasies
- Rolspel en psigodrama

- Gestruktureerde oefeninge en groeigroepe
- Inoefening van kliniese verpleegvaardighede
- "Ysbreker"-aktiwiteite
- Probleemoplossingsaktiwiteite
- Oefeninge gerig op refleksie van vorige of huidige ervaringe
- Transaksionele analise oefeninge en gestaltoefeninge

Ander onderrigmetodes wat op ervaringsleer gebaseer is, sluit in meditasie of selfbewustheids-aktiwiteite, veldbesoeke, rekenaarsimulasies, films, ontspanningsoefeninge en oorlewingsopleiding (Mashaba & Brink, 1994:157).

**BESPREKING**

Alhoewel die andragogiek as leermiddel binne die raamwerk van hierdie navorsing voorgestaan word, blyk dit dat verpleegdosente tradisioneel van klaskameronderrig gebruik maak (Cilliers, 1992:19). Die kenmerke van hierdie tipe onderrig is daarin geleë, dat die teorie en praktyk op meganistiese wyse gedoseer word. Daar word metodologies van lesings, handboeke, instruksies en eksamens gebruik gemaak. Interaksioneel dra die verpleegdosent, as kenner van die vakgebied, die verantwoordelikheid vir die prestasie van die student, keuse van leerinhoude en opleidingsmateriaal, oordrag en weergawe van inligting, eksaminering en normbepaling vir prestasie, waardeur dosentafhanklikheid gestimuleer word. Hierdie tipe onderrig is hoofsaaklik gerig op kognitiewe gedrag (linkerhemisferiese gedrag soos denke, redenering en probleemoplossing), wat ten doel het om kennis en feite te absorbeer, met die hede en korttermyngeheue as waardes (vgl. Amstrong, 1989:22-23; Goodchild-Brown, 1985:5).

Teen hierdie agtergrond blyk dit dat tradisionele onderrig dit moeilik maak vir die dosent om haarself binne die onderrigsituasie te aktualiseer. Hoe meer vasgevang sy word in die verwagtinge wat aan haar gestel word, hoe minder is sy in staat om die innerlike wêreld van die student te verstaan. Dit lei tot 'n beheptheid met prosedures en tegnieke, en verwaarlosing van die menslike aspek. In aansluiting by die doel van hierdie navorsing, blyk die tradisionele onderrigmetodes meer ingestel te wees op die pedagogiese as op die andragogiese leerbeginsels. Die toepassing van die leerbeginsels en metodes van die andragogiek (in teenstelling met die pedagogiek), kan daartoe lei dat 'n aangename leerklimaat geskep word. Hierdie leerklimaat is bevorderlik vir die leer van studentverpleegkundiges. Dit blyk egter dat ander beginsels, metodes en tegnieke in die andragogiek

as in die pedagogiek ter sprake is. Dit vereis dat die verpleegdosent oor ander kennis, vaardighede en persoonlikheidskenmerke moet beskik as wat tradisioneel van haar vereis is.

Die verpleegdosent is dus nie net 'n deskundige instrukteur in haar vakgebied nie. Sy moet 'n studentgesentreerde benadering volg en moet in staat wees om die beste in die student na vore te bring. Hiervoor is die afwesigheid van intrapersoonlike konflikte, en die teenwoordigheid van gesonde intrapersoonlike funksionering asook goeie interpersoonlike vaardighede noodsaaklik. Laasgenoemde kenmerke en vaardighede stem ooreen met die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering (sien Hoofstuk 3).

Die andragogiese leerbeginsels vereis dat leer by studentverpleegkundiges gefasiliteer word. Daarom word die fasilitering van leer vervolgens bespreek.

### 2.2.3 Fasilitering van leer by studentverpleegkundiges

Cilliers (1992:19) wys daarop dat die konsep *fasilitering* vanuit die kliëntgesentreerde hulpverleningsparadigma van Rogers (1973) ontstaan het. Uit hierdie paradigma word gestel dat die kwaliteit van die **verhouding** tussen die dosent en die student doelbereiking in die onderrigsituasie beïnvloed (Rogers, 1969:160-166). Die verpleegdosent kan deur middel van sensitiewe verhoudingsvorming met die studentverpleegkundige laasgenoemde se leer bevorder (Wissing, 1978:84). Sensitiewe verhoudingsvorming verwys volgens Wissing (1978:84) na die vorming van fasiliterende interpersoonlike prosesse, of die skep van 'n verhoudingsklimaat wat opbouende prosesse stimuleer.

#### 2.2.3.1 Omskrywing van fasilitering

Die fasilitering van leer verwys na die vergemakliking van leer by die studentverpleegkundige in die teoretiese sowel as kliniese situasie wat 'n gevolg is van bepaalde response deur die verpleegdosent (Plug *et al.*, 1989:90). Hiermee word geïmpliseer dat die vereistes vir die effektiewe fasilitering van leer, 'n bewustheid is van die self, om háárself (dosent) in die klassituasie te wees, om aanvaarding en vertroue aan die studente te openbaar en hulle met begrip en empatie te benader (Curzon, 1990:97-98).

As fasiliteerder skep die dosent die geleentheid waardeur die student uit eie ervaring leer om van haarself te leer (Carr, 1992:222-223). Hierdie ervaring van die self stimuleer die student se regter- (intuïtiewe, estetiese en kreatiewe) breinhemisfeer, in teenstelling met die stimulering van die linkerbrein soos wat tydens instruksie (tradisionele leer) gedoen word (Cilliers, 1992:19-20). Die resultaat van fasilitering is dat die student deur ervaring leer en die leerervaring as meer betekenisvol ervaar (Quinn, 1988:44).

### 2.2.3.2 Kerndimensies van fasiliterende interpersoonlike prosesse

Die fasilitering van leer vereis van die verpleegdosent hoëvlakfunksionering ten opsigte van sekere kerndimensies. Hierdie dimensies is hoofsaaklik geskoei op die interpersoonlike verhouding tussen die verpleegdosent en student, en word beskou as die hoofveranderlikes waardeur leer beïnvloed word, wat op sy beurt weer die leerklimaat beïnvloed (Quinn, 1988:41-44). Verder word hierdie kerndimensies as basis vir alle interpersoonlike verhoudings binne die leersituasie beskou en word dit ook deur verpleegdosente gebruik in die onderrig van terapeutiese kommunikasie aan studente (De Young, 1990:4). Hierdie kerndimensies sluit in respek, empatie, egtheid en konkreetheid (Wissing, 1978:86-89).

a. **Respek.** Respek verwys na die onvoorwaardelike aanvaarding, erkenning en waardering van die student deur die verpleegdosent. Binne die onderrig-leersituasie betoon die verpleegdosent respek deur haar omgee vir die student, wat gekenmerk word deur onvoorwaardelikheid, positiwiteit en aktiewe luister (vgl. Cilliers, 1992:20). Onvoorwaardelike aanvaarding impliseer dat die dosent wat die student dienooreenkomstig aanvaar, die student se selfwaarde verhoog, wat daartoe kan lei dat haar leer vergemaklik word. Hierdie aanvaarding impliseer dat die student, as onvolmaakte mens, met gevoelens en potensialiteite, ook deur die dosent waardeer word en is 'n uitdrukking van die dosent se wesenlike vertroue in die vermoë van die student (Rogers & Stevens, 1976:60).

Die verpleegdosent wat 'n klimaat van onvoorwaardelike aanvaarding skep waarbinne student vry voel om vrae te stel en probleme te opper, dra by tot die fasilitering van leer. Hierdeur word die omstandighede geskep waarin die student verantwoordelikheid vir haar optrede kan aanvaar, vanuit die self kan optree, vrylik keuses kan maak en probleme oplos. Die student werk dus om haar eie doelwitte te bereik eerder as om ander se goedkeuring te soek (Du

Plooy *et al.*, 1987:172; Mellish & Brink, 1993:94-95; Rogers & Stevens, 1976:75-58). Hierdie aanvaarding impliseer dat die student, as onvolmaakte mens met gevoelens en potensialiteite, ook deur die verpleegdosent waardeer word en is 'n daadwerklike uitdrukking van die dosent se vertroue in die vermoë van die student (Rogers & Stevens, 1976:60).

b. **Empatie.** Empatie verwys na die bewustelike aanvoel en verstaan van die student se gevoel en bedoeling en die vermoë om hierdie begrip aan haar oor te dra (Wissing, 1978:86). Empatie met die student blyk uit die wyse waarop die verpleegdosent teenoor die studente respondeer (Cilliers, 1992:20). Die verpleegdosent wat daarop ingestel is om studente se angs te verlig en hul selfwaarde in stand te hou, luister na studente en poog om die wêreld deur hulle oë te sien.

Rogers (1969) wys op navorsing wat daarop dui dat studente meer leer in onderrigsituasies waar dosente studentgerig en empaties is (De Young, 1990:4). 'n Aspek wat nóú by empatie aansluit, behels die verpleegdosent se vermoë om studente se innerlike reaksies te verstaan. Hiermee openbaar die dosent 'n bewustheid van die wyse waarop die student die proses van onderrig en leer ervaar. Hierdie empatiese begrip van die dosent is 'n tipe begrip wat nooit in klaskameronderrig getoon is nie, maar 'n uiters belangrike aspek van klaskameronderrig is (Rogers & Stevens, 1976:60).

c. **Egtheid.** Egtheid verwys na kongruensie tussen dít wat die verpleegdosent sê of doen en dít wat sy werklik voel en bedoel (Cilliers, 1992:20). Dit impliseer dat die verpleegdosent normale reaksies (sonder fasade) toon teenoor die studente wat daartoe aanleiding gee dat studente die dosent as mens erken. Egtheid is een van die verpleegdosent se vernaamste funksies (Rogers & Stevens, 1976:59). Die verpleegdosent kan eg wees in haar interpersoonlike verhoudings met studente, daar sy haar eie gevoelens aanvaar, en dit nie op die studente afdwing nie.

Verdere implikasies in dié verband is dat, indien die verpleegdosent nie van die student se werk hou nie, dit nie noodwendig daarop dui dat sy nie van die student hou nie. Met ander woorde, die verpleegdosent is 'n persóón vir die student, nie 'n gesiglose verteenwoordiger van 'n kurrikulumvereiste, of 'n steriele buis waardeur kennis oorgedra word, of 'n masjien wat die produk wat studente lewer, sonder emosie evalueer nie. Egte, doeltreffende

kommunikasie behels gereelde eerlike, objektiewe terugvoer aan student oor hulle vermoëns en vordering wat gerig is op openheid tussen die dosent en student (Reilly, 1980:18-20). Haar terugvoer geskied met inagneming van die student as unieke mens, op weg na die realisering van die proses van selfaktualisering (Peens, 1990:10) met behoefte daaraan om met empatie, respek en kongruensie behandel te word (De Young, 1990:4-7; Rogers & Stevens, 1976:58-59).

d. **Konkreetheid.** Konkreetheid verwys na spesifiekheid of feitelikheid in uitdrukking met betrekking tot persoonlik of doelmatig tersaaklike inligting (Wissing, 1978:88). Konkreetheid in uitdrukking vergemaklik akkurate kommunikasie met die studentverpleegkundige en verhoed dat die empatiese gevoelsrefleksie van die verpleegdosent te ver van die student se belewing verwyder is. Konkreetheid help die student ook om op bepaalde probleemareas te fokus, waardeur probleemoplossing bespoedig word (Wissing, 1978:89).

Die verpleegdosent gebruik hierdie kerndimensies in die daarstelling en instandhouding van haar interpersoonlike verhoudings (insluitende haar werksverhouding met die student) binne die onderrig-leersituasie. Die doel hiervan is om leer te fasiliteer (Rogers & Stevens, 1976:102; Searle & Brink, 1993:95). Udolf (1976:32) dui aan dat die effektiefste werksverhouding met studente gebaseer is op wedersydse respek, bedagsaamheid, vrye kommunikasie en vertroue. Binne hierdie verhouding is die verpleegdosent ontvanklik teenoor haarself en die student vir veranderinge en vir ervaringe, waardeur sy 'n klimaat bewerkstellig waarin emosies, gedagtes en idees op 'n spontane en onkonvensionele wyse na vore kom (Meyer *et al.*, 1993:395; Rogers, 1975:115-124).

## BESPREKING

Volgens Cilliers (1984) is die eerste persoon in die fasiliteringsverhouding (die verpleegdosent) die belangrikste veranderlike vir fasilitering van leer by die studentverpleegkundige (vgl. ook Wissing, 1978). 'n Hoë selfontwikkelingsvlak (selfaktualiseringsvlak) by die verpleegdosent (opleier), kan groeistimulerend inwerk op studentverpleegkundiges (opleidelinge). 'n Lae selfontwikkelingsvlak by die verpleegdosent kan studentverpleegkundiges laat agteruitgaan. Daarom berus die opleiding van fasiliteerders onder andere op die fasilitering van psigologiese optimaliteit met die oog op die verhoging van hul selfontwikkelingsvlak (Cilliers, 1988:2). Aanwesigheid van hoë vlakke van die kernkondisies van sensitiewe relasievorming (empatie, egtheid, respek en konkreetheid) by die opleier

(in sy rol as fasiliteerder) lei tot groeifasiliterende verandering in die opleideling (vgl. Cilliers, 1984:88-89).

Om leer te fasiliteer behoort die verpleegdosent oor spesifieke persoonlikheidskenmerke en vaardighede te beskik.

- **Persoonlikheidskenmerke.** Die fasiliteerder beskik oor 'n bogemiddelde vlak van self-aktualisering (vgl. die bespreking van die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering in Hoofstuk 3).

- **Vaardighede.** Die fasiliteerder funksioneer op hoë vlakke van respek, empatie, egtheid en konkreetheid. Sy beskik ook oor die mikrovaardighede van luister, respondering en gedragswaarneming. Hierbenewens beskik sy oor vaardighede in die hantering van groepdinamiek (in 'n groepfasiliteringsituasie).

Hierdie vaardighede en kenmerke kan op die volgende maniere gestimuleer word (Cilliers, 1992:19-23):

- Opleiding in **groepvaardighede** deur middel van 'n teoriegebaseerde benadering, waarneming of modellering en ervaringsleer.

- Opleiding in **interpersoonlike vaardighede** deur middel van 'n teoriegebaseerde benadering, ervaringsleer, modellering en rolspel. Dit sluit in parafrasering, respondering, luister, empatie, selfgelding, gevoelsekspressie en die gee en ontvang van terugvoering.

- Die stimulering van die interpersoonlike kenmerke van **psigologiese optimaliteit** (deur 'n didaktiese rolspelsituasie) en intrapersoonlike kenmerke van psigologiese optimaliteit (deur 'n psigodinamiese inset deur die opleier - in die vorm van 'n groeigroepervaring) (Cilliers, 1984:133).

### 2.2.4 Evaluering van die leer van studentverpleegkundiges

Vanuit die andragogiek word geredeneer dat studentgesentreerde evalueringstrategieë en -metodes 'n positiewe effek op die leer van studentverpleegkundiges kan uitoefen. Hierdie strategieë is siklies in dié sin dat die verpleegdosent die bevindinge gebruik as basis vir kurrikulumontwikkeling sowel as in die leersituasie, wat weer geëvalueer word (Race & Holloway, 1992:266).

'n Belangrike aspek van onderrig is daarin geleë dat evaluering deur goed beplande eksamens en periodieke hersiening van die leermateriaal geskied (Adey & Steyn, 1989:14-16; Davis *et al.*, 1992:160; Gronlund & Linn, 1990:3; Mellish, 1983:8). Bogenoemde stelling blyk direk in teenstelling te wees met dié van Rogers (1961:297-313), naamlik die studentgesentreerde benadering van onderrig.

Die psigososiale klimaat waarin die proses van evaluering plaasvind, beïnvloed die effektiwiteit van die evalueringsproses. Hierdie proses word gefasiliteer deur 'n klimaat van respek, vertroue, empatie, omgee en neem van risiko's. Laasgenoemde is 'n integrale deel van die onderrigleer proses, wat gerig is op die groei en ontwikkeling van studente (De Young, 1990:5). Tydens die evalueringsproses, waarbinne genoemde groeifasiliterende aspekte realiseer, ervaar die student positiewe gevoelens van antisipering, aanmoediging, selfdeterminasie, en vrymoedigheid om risiko's te neem en beskou die evaluering as haar beloning (Reilly, 1980:95).

Hierteenoor is Reilly (1980:95) van mening dat 'n omgewing, geskep deur dosente met 'n behoefte daaraan om ander te beheer, die gebruik van evaluaring as 'n wyse van kontrole bevorder. Die verpleegdosent wat evaluering as 'n kontrolemaatreël beskou, waarin sy poog om ander te beheer, skep 'n psigososiale klimaat wat gekenmerk word deur groei-inhiberende aspekte wat die evaluerings-proses omskep in 'n magsvertoning. Anders as in die geval van 'n klimaat wat gekenmerk word deur groeifasiliterende aspekte, ervaar die student gevoelens van angs, pessimisme, 'n behoefte om beheer te word asook 'n gevoel van "veiligheid" omdat sy glo dat sy nie verantwoordelikheid vir haar eie groei en ontwikkeling hoef te aanvaar nie (Reilly, 1980:95). Hierdie proses van evaluering kortwiek die groeiproses van die student, aangesien dit die andragogiese beginsels ignoreer. Volgens Reilly (1980:95) word die groei van studente binne hierdie klimaat negatief beïnvloed daar hulle gedwonge voel om 'n "oorlewingsingesteldheid" binne die onderrig-leersituasie te ontwikkel. Hierdie oorlewingsingesteldheid skep 'n klimaat waarbinne die studente hul energie gebruik om speletjies te

speel ("game playing"), in plaas daarvan om leer te bewerkstellig (Reilly, 1980:95).

'n Ander belangrike aspek waaraan die verpleegdosent tydens die evalueringsproses aandag behoort te gee, is die interaktiewe aard van die psigomotoriese domein (prosedurale vaardighede), die kognitiewe domein (beskrywende kennis) sowel as die affektiewe domein (houdinge, gevoelens, waardes en belangstelling) van leer. Die verpleegdosent moet poog om die drie domeine geïntegreerd en afsonderlik te evalueer (West, Farmer & Wolff, 1992:15). Hierdeur kan daar verseker word dat die evalueringsbeginsels effektief toegepas word.

Die evalueringsproses bied aan die verpleegdosent die geleentheid om aan die student terugvoer te gee oor haar vordering. Dit gee ook aan die student die geleentheid om deur middel van selfevaluering 'n kritiese ingesteldheid en die vermoë tot besinning te ontwikkel (Klopper, 1994:199). Selfevaluering binne die evalueringsproses, as integrale deel van leer, is belangrik in die andragogiek. Tydens hierdie deel van evaluering is dit nodig dat die dosent bepaalde aspekte van die student in ag neem, soos angstigheid, die vrees om bespotlik gemaak te word, asook persoonlike terkortkominge.

**BESPREKING**

Ten einde onafhanklikheid te stimuleer, behoort die verpleegdosent die student te betrek by die evaluering van leeraktiwiteite. Die dosent kan evaluering van leeraktiwiteite in 'n groeiproses omskep deur die aanvaarding en aanmoediging van selfevaluering deur die student (Mellish & Brink, 1993:76). Dit blyk dat die verpleegdosent wat evaluering as 'n proses van groei beskou, 'n strewe na groei en selfaktualisering by die student fasiliteer. Hieruit blyk dit dat daar wel deur die dosent geleentheid geskep kan word in die leermilieu om selfaktualisering in die proses van evaluering te verwesenlik.

Evaluering is dus 'n gedeelde verantwoordelikheid van die verpleegdosent en die student, waarin die student nie deur die dosent gekontroleer word nie, maar sy vanuit 'n interne lokus van kontrole (selfgerig) optree. Dit vereis egter dat die verpleegdosent onafhanklikheid sal stimuleer en 'n sensitiewe verhouding (gekenmerk deur respek, empatie, egtheid en konkreetheid) met die student sal handhaaf.

Vervolgens word die navorsings- en leierskapsrol van die verpleegdosent meer volledig bespreek.

## 2.3 NAVORSINGSROL

*Navorsing* word omskryf as 'n sistematiese, doelgerigte ondersoek na die geldigheid van bestaande kennis of die ontwikkeling van nuwe kennis, wat funksionele optredes in die praktyk rig (Uys & Basson, 1991:4). Quinn (1988:426) omskryf navorsing as 'n rasionele proses waardeur wetenskaplike inligting wat gerig is op 'n vraag of probleem, verkry word.

Navorsing speel 'n belangrike rol in alle aspekte van onderrig (insluitend teorie en praktyk), en is derhalwe nie uitsluitlik beperk tot formele empiriese navorsing nie (Quinn, 1988:425). As lid van 'n professie wat ingestel is op die aanpassing en bevrediging van voortdurend veranderende behoeftes van pasiënte, studente en die samelewing in die algemeen, besef die dosent die belang van haar eie ingesteldheid teenoor navorsing as basis vir haar onderrig van teorie en praktyk (Quinn, 1988:424-245).

Mellish en Brink (1993:350) beklemtoon dat die verpleegdosent navorsing as 'n aaneenlopende aspek van haar onderrig moet beskou. Haar funksie in hierdie verband behels nie slegs die bevordering van 'n navorsingsingesteldheid by studente nie, maar ook die beplanning en implementering van navorsingsprojekte en die publikasie van navorsingsresultate (Davis *et al.*, 1992:160). Crotty (1992:155) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat dit wil voorkom asof daar 'n toenemende bewustheid by verpleegdosente is om geloofwaardigheid in die onderrigsituasie te verkry, en wel deur kritiese analise van haar eie praktyk deur middel van navorsing en publikasie.

Die verpleegdosent beoordeel navorsing met betrekking tot die bydraende waarde daarvan in die uitbouing van verpleging, en lewer referate by vakkundige kongresse (Choudhry, 1992:265-272). Die beoordeling van en deelname aan navorsing verseker dat sy op hoogte bly van die nuutste ontwikkelinge op navorsingsgebied. In aansluiting hierby beklemtoon Mellish en Brink (1993:350) die belangrikheid daarvan dat die verpleegdosent ook op relevante navorsingstydskrifte inteken.

Die verpleegdosent stimuleer die studentverpleegkundige om 'n navorsingsingesteldheid te ontwikkel (Quinn, 1988:425). Sy kweek 'n positiewe ingesteldheid teenoor navorsing by studente deur hulle bewus te maak van die belang van navorsing en deur hulle aktief by die navorsingsproses te betrek. Sy is dus betrokke by die voorbereiding van en leiding aan studente in die ontwikkeling van 'n wetenskaplike bevraagtekening, identifisering en ontleding van navorsingsprobleme (Choudhry,

1992:265-272) en die uitvoering van die navorsingsproses. Sy beplan gereelde sessies waarin studente die geleentheid kry om relevante navorsingsartikels te bestudeer en kommentaar daarop te lewer (Mellish & Brink, 1993:350).

**BESPREKING**

Deur vraagstukke of probleme van die praktyk te identifiseer, poog sy om, deur middel van navorsing, positiewe veranderinge in die toekoms teweeg te bring. Haar betrokkenheid by navorsing dui op 'n betrokkenheid by mense of 'n taak buite haarself waardeur sy 'n groter saak dien, te wete die ontwikkeling van die student en die professie (Maslow, 1971:135-170).

Die verpleegdosent se begeleiding van studente in die navorsingsproses en haar bereidwilligheid om self navorsing te onderneem, toon haar bereidwilligheid om intensief en persoonlik betrokke te wees by haar werk, wat lei tot die uitbreiding van kennis en begrip in hierdie verband (Allport, 1951: 147-150). Deur navorsing te doen, akkommodeer sy bewustelik haar eie ontwikkeling, sowel as diè van die studente, en illustreer hierdeur haar oorkoepelende lewensfilosofie deur hoë waarde te heg aan die uitbreiding van kennis (Curzon, 1990:98).

In die uitvoering van hierdie navorsingsrol, demonstreer die verpleegdosent vertroue en waagmoed in die self deur openheid te toon tydens die onderneem van navorsing. Hierdie openheid word weerspieël in haar onderrig wanneer sy die realiteit op 'n akkurate, kritiese, objektiewe en onverdraaide wyse aan die student aanbied (Frankl, 1959:148; Schultz,1977:108-109).

In die uitlewing van haar navorsingsrol moet sy kreatief, objektief, intelligent en logies redeneer om tot sinvolle gevolgtrekkinge in die navorsing te kom en hierdeur begelei sy die studente in die ontwikkeling van die nodige kognitiewe vaardighede (Kaplan, Sadock & Grebb, 1994:225). Dit blyk dat die verpleegdosent binne hierdie navorsingsrol poog om antwoorde op vrae te verkry of ware lewensprobleme op te los.

## 2.4 LEIERSKAPSROL

Vir die bevordering van die samelewing se betrokkenheid by optimale gesondheid, is effektiewe leierskap binne die verpleegberoep van kardinale belang. Die verpleegdosent se erkenning van die belangrikheid van haar eie verantwoordelikheid met betrekking tot alle aspekte van gesondheid, is geleë in haar siening van leierskap asook die doel daarvan (Mashaba & Brink, 1994:24).

Die dosent wat 'n wye visie van leierskap huldig, sal deur haar optrede haarself en ander in staat stel om dít te bereik waartoe die individu alleen nie in staat is nie (Mashaba & Brink, 1994:24). Hierdie outeurs wys daarop dat, in die huidige samelewing wat gekenmerk word deur voortdurende ontwikkeling en verandering, dit gebiedend noodsaaklik is dat die dosent haar leierskapsrol op so 'n wyse uitlewe, dat magsdeling en die ontwikkeling van leierskapspotensiaal plaasvind.

In haar leierskapsrol, wat gekenmerk word deur betrokkenheid, die strewe na doelwitbereiking en bestuur van leerervaringe, en waar voortdurende aanpassings by veranderinge essensieel is, is die kreatiwiteit van die verpleegdosent ter sprake (Mashaba & Brink, 1994:124). Vir Mashaba en Brink (1994:127) hou kreatiwiteit verband met kognitiewe aktiwiteite wat aanleiding gee tot nuwe sienswyses of probleemoplossing. Jackson en Messick (1965:1-19) sluit hierby aan wanneer hulle kreatiwiteit in verband bring met vernuwing, toepaslikheid, vorming en kondensasie, wat dui op die vermoë van die dosent om af te wyk van die gewone wyse waarop dinge gedoen word, en eerder 'n openheid en waardering vir nuwe ervaringe van elke dag te openbaar.

Die verpleegdosent het 'n funksie met betrekking tot spesifieke administratiewe aktiwiteite. Haar verantwoordelikhede in hierdie verband behels die bywoning van en pligte wat verband hou met spesifieke vergaderings en komitees soos kollegeraad, senaat-, personeel-, klinies-, saal-, kurrikulum-, vak-, kwaliteitsirkel- en ouditkomitees. Crotty (1992:155) sluit ook ander aktiwiteite hierby in, soos gemeenskapsamewerking, pligte van die gesondheids- en veiligheidsoffisier, liassering en tikwerk. Sy identifiseer en gebruik die werkgewende instansie se administratiewe strukture, beleid en prosedures (Choudhry, 1992:265-272).

Die funksies van die verpleegdosent in dié verband is nou verwant aan die administrasie en organisasie van die opleidingsinstansie, en die sukses hiervan berus op haar vaardigheid in die vestiging van deelnemende bestuur, leierskap, besluitneming, konflikhantering en spanwerk. Binne hierdie milieu

van interafhanlikheid skep sy leergeleenthede in die gesondheidsdienssituasie waarin kennis uitgebrei en probleme opgelos kan word, en groei van personeel kan plaasvind (Barnard, 1990:350; Troskie, 1989:38). Deur haar belangstelling in die administrasie van die diens verhoog haar kennis van en insig in die diens se reëls en regulasies (Adey & Steyn, 1989:13-26).

In haar betrokkenheid by wetgewende en professionele verpleegliggame soos die huidige Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) en die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging (SAVV) asook ander professionele genootskappe, dra sy by tot die doel en promovering van die professie. Hierdie deelname bied aan die verpleegdosent die ideale forum tot rolmodellering (Mashaba & Brink, 1994:29).

**BESPREKING**

In haar betrokkenheid by take en mense buite die self, in haar strewe na die bereiking van sinvolle en betekenisvolle doelwitte, ervaar sy 'n gevoel van sinvolheid en geluk (Frankl, 1980:21). Haar betrokkenheid impliseer dat die dosent oor kennis en vaardighede beskik wat verband hou met die vermoë om innoverend, verbeeldingryk en produktief op te tree (Mashaba & Brink, 1994:25, 127).

Die verpleegdosent toon begrip vir ander se waardes en menings, openbaar 'n warmte en beoefen effektiewe interpersoonlike vaardighede op 'n nie-besitlike en onafhanklike wyse in die praktyk (Allport, 1961:275-304). Sy toon begrip vir mense, hul behoeftes, strewes, bydraes, kulturele verskille en vrese waardeur sy respek en waardering vir ander betoon (Frankl, 1980:21). In haar leierskapsrol dien die dosent as rolmodel (Poggenpoel, 1989:39) vir kollegas, studente en belangrike ander persone waardeur sy 'n positiewe invloed uitoefen op die fasilitering van hierdie vaardighede in die ontwikkeling van die potensiaal van diegene met wie sy in aanraking kom (Mellish, 1982:237).

Sy fasiliteer die effektiewe funksionering van die organisasie, professionele en plaaslike gemeenskap deur met ander saam te werk (Choudhry, 1992:265-272). Hierdie samewerkingsbenadering van die dosent is noodsaaklik vir die ontwikkeling en groei van die professie in die algemeen (Mashaba & Brink, 1994:25). Sy openbaar 'n entoesiasme om deel te neem aan voortgesette onderrigprogramme (Choudhry, 1992:267) en ander geleenthede waardeur sy persoonlik sowel as professioneel kan groei en sodoende haar proses van selfaktualisering voortsit.

In die uitlewing van die verpleegdosent se leierskapsrol, blyk sy nie net verantwoordelik te wees vir die opleiding van studente nie, maar het sy ook 'n primêre verantwoordelikheid ten opsigte van haar eie ontwikkeling asook diè van haar kollegas. Haar verantwoordelikheid ten opsigte van bogenoemde is geleë in haar vaardighede om bestaande denkwyses uit te daag, nuwe idees te genereer, kennis te deel en bestaande praktyke uit te toets (Mellish & Brink, 1993:29). Die mate waarin die dosent haar leierskapsrol beoefen, word bepaal deur die posisie wat sy beklee sowel as haar gewilligheid om betrokke te raak.

## 2.5 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die verpleegdosent se rol en funksies asook die implikasies vir selfaktualisering daarvan bespreek. Hiermee is die tweede doelstelling van die navorsing, naamlik om te bepaal wat die rol en funksies van die verpleegdosent is en wat die implikasies daarvan vir selfaktualisering is, afgehandel.

In Hoofstuk 3 word selfaktualisering vanuit verskillende humanistiese perspektiewe gekonseptualiseer.

## HOOFSTUK 3

## SELFAKTUALISERING

Die doel van hierdie hoofstuk is om selfaktualisering te konseptualiseer met die oog op die meting daarvan in die empiriese ondersoek. Die doel word bereik deur selfaktualisering vanuit die humanistiese perspektief te verduidelik, en kenmerke van die selfaktualiserende persoon te identifiseer.

### 3.1 OMSKRYWING VAN SELFAKTUALISERING

Histories het die fokus van ondersoek in die sielkunde verskuif vanaf die abnormale, verby die bloot normale, na optimale gedrag (Cilliers, 1984:47) (sien Figuur 3.1).

|-----------------◇-----------------◇---------------------|

| Psigologies abnormaal | Psigologies normaal | Psigologies optimaal |
|---|---|---|

Figuur 3.1: Fokusverskuiwing vanaf abnormale na optimale gedrag

Volgens Maslow (1971) is hierdie onderskeid tussen negatief en positief kwalitatief (in tipe) en kwantitatief (in graad) waarneembaar. Dit impliseer dat die persoonlikheidskenmerke van die psigologies ongesonde (abnormale) persoon van die kenmerke van die gesonde (normale) persoon verskil, en dié weer van die persoonlikheidskenmerke van die psigologies optimaal funksionerende (selfaktualiserende) persoon (Cilliers, 1984:48).

Die proses van ontwikkeling na en die kenmerke van optimale psigologiese funksionering word in die literatuur van die groeipsigologie bespreek (Jourard & Landsman, 1980:2). Prosesmatig word hiermee verwys na die hiërargies georganiseerde menslike motivering en begeerte om eie potensiaal te aktualiseer en beperkinge te transendeer (Walsh & Shapiro, 1983:4). Vanuit die groeipsigologie word meestal na psigologiese optimaliteit as selfaktualisering verwys.

Henjum (1983:52) definieer selfaktualisering as "the need to live up to one's potentials, to become what one has in him to become and to utilize one's energies, to live life as fully as possible". Hy maak die stelling dat goeie geestesgesondheid 'n voorvereiste vir selfaktualisering blyk te wees: "because one cannot drink deeply of life if he is continually at the mercy of fear, insecurity, anxiety or self-doubt" (Henjum, 1983:52).

Die behoefte aan selfaktualisering sluit die individuele begeerte na selfvervulling in, wat uitgedruk kan word in die "self" in, byvoorbeeld, kuns, musiek, literatuur, of in begeerte tot produktiwiteit, om 'n bydrae te lewer of bevrediging te vind in die verwerkliking van die hoogste potensialiteite (of moontlikhede) van die estetiese behoefte. Dit sluit in die begeerte na orde, harmonie, waarheid en dít wat mooi is, sowel as die ontwikkeling van bevoegdhede (Curzon, 1990:19-23).

Die begrip *selfaktualisering* word omskryf as die neiging tot die ontwikkeling van 'n individu se potensiaal om sodoende 'n beter mens te word (Cangemi, 1984:151). Die behoefte van 'n persoon om selfaktualisering te bereik, behels selfgerigtheid en die vervulling van behoeftes. Dit impliseer dat die dosent altyd in 'n proses van wording is om beter te word. Knowles (1970:24) sluit hierby aan wanneer hy selfaktualisering beskryf as 'n proses waarin die individu haar potensiaal aktualiseer om sodoende alles te bereik waartoe sy in staat is.

Maslow (1971:40-50) definieer selfaktualisering as die individu se optimale verwesenliking van haar talente, vermoëns en potensiaal. Rogers (1975:115-124) beskou selfaktualisering as die proses waardeur die individu ooreenkomstig haar selfkonsep optree en ontwikkel. Hiervolgens is selfaktualisering nie 'n uitlewing van die aktualiseringsneiging as die persoon nie 'n ten volle funksionerende persoon is nie (Plug *et al.*, 1989:318).

Op grond van bogenoemde bespreking word selfaktualisering vir die doel van hierdie navorsing soos volg gedefinieer: Selfaktualisering is 'n natuurlike geneigdheid tot groei by die mens in die strewe om haar potensiaal en talente optimaal te ontwikkel deurdat sy ooreenkomstig haar positiewe selfkonsep optree en ontwikkel.

By gebrek aan 'n enkele of volledige teorie oor selfaktualisering (Cilliers, 1984:49), word die kenmerke van selfaktualisering vervolgens vanuit die humanistiese persoonlikheidsteorieë bespreek. Uitgangspunte rakende selfaktualisering hou verband met individuele teoretici se mens-, wêreld- en waardebeskouings sowel as hul lewenservarings. Alhoewel daar nie altyd definitief uitgespel word wat elke teorie se siening van optimaliteit is nie, kan daar afleidings daaroor gemaak word (Louw, Gerdes & Meyer, 1984:141; Meyer, *et al.*, 1993:9). Om hierdie rede en in aansluiting by die latere gekose meetinstrumente vir selfaktualisering, word selfaktualisering vervolgens gekonseptualiseer (Prinsloo, 1992:433).

## 3.2 HUMANISTIESE TEORIEË VAN SELFAKTUALISERING

Die humanisme as derde mag of revolusionêre psigologiese oriëntasie (Cilliers, 1984:58) het ontstaan as reaksie op die psigo-analise en die behaviorisme, en handhaaf 'n holistiese siening van die mens. Klem word hier geplaas op eenheid, integrasie, beginselvastheid en organisasie as die natuurlike en normale toestand van die individu (Critelli, 1987:43-44; Jordaan & Jordaan, 1992:32).

Volgens die humanistiese beweging streef die individu na die volle ontwikkeling van haar potensiaal, wat enige meganiese of materialistiese verklaring van psigologiese prosesse verwerp. Klem word hier geplaas op die mens as 'n geestelike wese met waardes (Meyer *et al.*, 1993:335-337). Ooreenstemmende sienswyses van die humanistiese teoretici is daarin geleë dat hierdie benadering duidelik die belang van persoonlike vryheid en verantwoordelikheid in die lewenslange proses van besluitneming erken, wat bydra tot die verwesenliking van menslike potensiaal (Jordaan & Jordaan, 1992:32).

Hieruit kan dus afgelei word dat elke individu 'n verantwoordelikheid en 'n geleentheid het tot selfrigtinggewing. Dit hang van haarself af hoe sy kies om te lewe - lewe word hier nie beperk deur vorige ervaringe of huidige omgewing nie. Alhoewel teoretici van hierdie benadering dus 'n positiewe siening van die mens as volkome eenheid van bewussyn ("mind") en liggaam beklemtoon, verskil hulle in presies waardeur die vervulde (geaktualiseerde) persoon gekenmerk word en op watter wyse hulle lewenskrag ("force") verkry wat aanleiding gee tot groei.

Die verskillende humanistiese persoonlikheidsteorieë wat implikasies vir selfaktualisering het, word vervolgens bespreek.

### 3.2.1 Gordon Allport

Gordon Allport beskryf selfaktualisering as ***volwassenheid*** wat eers op 'n hoë ouderdom bereik word. Volwassenheid word gedefinieer as die rypheid van inherente gedragstendense in die afwesigheid van opleiding en ervaring. Dit word bereik wanneer die individu deur al sewe die persoonlikheids-ontwikkelingsfases ontwikkel het te wete die liggaamlike self, selfidentiteit, selfwaarde, self-uitbreiding, selfbeeld, die self as rasionele heerser en behoorlike doelgerigtheid. Laasgenoemde verwys na die ervaring van voldoende sekuriteit en affeksie waarin prosesse soos differensiasie, integrasie, aanpassing en buigsaamheid bemeester word (Allport, 1951:147-150; Cilliers, 1985:60-63).

Allport se teorie oor die volwasse individu is gebaseer op 'n optimistiese, positiewe en hoopvolle mensbeskouing (Schultz,1977:12-23). Hy beskou die individu as 'n holistiese wese wat op 'n opportunistiese vlak (gerig op biologiese voortbestaan) optree en besluite neem sowel as op 'n propriale vlak (ooreenkomstig eie waardes) (Meyer, *et al.*, 1993:345-346). Volwassenheid ontwikkel as gevolg van genoegsame sekuriteit en affeksie gedurende al die ontwikkelingsfases van die self (Schultz, 1977:12-23).

Die volwasse persoon beskik oor die volgende persoonlikheidskenmerke (Allport, 1951:47-150; 1961:275-304):

- 'n Hoë mate van selfuitbreiding. Die volwasse persoon is intensief en persoonlik betrokke by sake buite die self (bv. die werksituasie) en beskik oor 'n hoë propriale outonomie (dit wil sê sy doen dinge omdat dit vir die self belangrik is). Hierdie outonomie impliseer dat die mens 'n behoefte daaraan het om betekenis in die lewe te soek en dat geluk net bereik kan word deur betekenis buite die self te soek.

- Warm verhoudings met ander mense. Die volwasse persoon se verhoudings met mense is gebaseer op menslike warmte en sy handhaaf intieme verhoudings met geselekteerde persone. Hierdie verhouding is nie besitlik of afhanklik nie. In die intieme verhoudings wat sy met geselekteerde persone aanknoop, handhaaf sy 'n afstand waardeur besitlikheid of afhanklikheid voorkom word. Hierdie verhoudings is egter nie eksklusief nie en stel haar in staat om respek vir en empatie met die mensdom te betoon.

- Emosionele sekuriteit en selfaanvaarding. Die volwasse persoon is in staat om haar emosies te beheer en dit op 'n gebalanseerde wyse uit te leef aangesien sy haarself ken en aanvaar soos sy is. Sy voel nie bedreig deur elke mislukking of kritiek nie. Hierdie kenmerk is onderhewig aan 'n hoë mate van integrasie van die verskillende aspekte van die persoonlikheid.

- Realistiese waarneming. Die volwasse persoon is in staat om die self, andere en die omgewing realisties waar te neem. Sy is hiertoe in staat omdat sy haar eie vermoë ken en vir haarself realistiese doelwitte in ooreenstemming hiermee stel. Laasgenoemde impliseer 'n sekere minimum vlak van intelligensie en vaardighede as voorwaarde vir volwassenheid.

- Insig en humor. Die volwasse persoon openbaar die vermoë om vir haar eie foute en tekortkominge te lag as gevolg van 'n goeie selfkennis en aanvaarding van die self. Hierdeur is sy in staat om mense korrek te beoordeel en om hulle met hulle swakhede te aanvaar. Omdat sy haarself aanvaar, voel sy nie bedreig deur die swakhede van ander nie.

- 'n Oorkoepelende lewensfilosofie. Die volwasse persoon is in staat om haar eie gedrag en verdere ontwikkeling bewustelik te bepaal op grond van haar eie geloof en waardes wat vir haar belangrik is (Meyer *et al.*, 1993:365-366). Haar lewensfilosofie hou ook verband met haar waardes en die wyse waarop sy waardes en etiese reëls belewe.

### 3.2.2 Erich Fromm

Vir Erich Fromm is selfaktualisering geleë in ***produktiwiteit*** in terme van denke, liefde en geluk van die volwassene wat ook haar werk geniet (Kaplan *et al.*, 1994:225). Hierdie produktiewe oriëntasie behels die intellektuele, emosionele en sensoriese reaksies teenoor mense, objekte, gebeure en die self en impliseer die volle aktualisering van die self (Schultz, 1977:47).

Volgens Fromm skep die produktiewe persoon 'n eie "self" deur haar potensiaal ten volle te vervul. Fromm onderskei die volgende vier fasette van die produktiewe persoon (Cilliers, 1986:72; Schultz, 1977:43):

- Produktiewe liefde. Die produktiewe persoon handhaaf gelyke verhoudings waarin die individualiteit van elke persoon behoue bly en die self uitgebrei word. Produktiewe liefde word gekenmerk deur omgee, verantwoordelikheid, respek en kennis.

- Produktiewe denke. Produktiewe denke word gekenmerk deur aktiewe, kreatiewe, objektiewe en intelligente beredenering. Die produktiewe persoon heg waarde aan die geheel eerder as aan geïsoleerde komponente van 'n situasie.

- Geluk. Geluk is die resultaat van 'n produktiewe oriëntasie en alle produktiewe aktiwiteite. Die resultaat hiervan is fisiese gesondheid, verhoogde vitaliteit en die vervulling van eie potensiaal.

- Gewete. Die produktiewe persoon is selfgerig, selfgereguleerd en tree met hoë sosiale waardes op. Haar gedrag is innerlik en individueel gerig, wat aanleiding gee tot goedkeuring en geluk.

### 3.2.3 Viktor Frankl

Frankl beskryf die mens as 'n somaties-psigies-geestelike wese of as 'n psigofisicum met gees ("Geist") wat weens haar geestelike dimensie selfstandige en verantwoordelike besluite kan neem. Die mens is 'n eksistensiële wese wat verantwoordelik optree (Jourard & Landsman, 1980:133-135).

Vir Frankl (1978) verwys optimaliteit na selftransendensie, die proses waardeur die persoon se ingesteldheid op haarself verskuif na verhoudings met iets of iemand buite haarself. Deur hierdie proses word die individu se self spontaan en natuurlik vervul en geaktualiseer en vind sy sin en doel in haar lewe (Frankl, 1969:164-166). "Om te wees" beteken in wese "om te verskil" van andere (Frankl, 1966:5) en "te wees wat sy wil". Hierdie doelnastrewing gee aanleiding tot spanning waarin die persoon lewensbetekenis en selftransendering ervaar (Frankl, 1969:164-166). Selfaktualisering is gesetel in die "wil tot betekenis" ("will to meaning"), wat impliseer dat die mens aangespoor word deur die geestelike vryheid van keuse en die aanvaarding van verantwoordelikheid. Die self-transenderende persoon organiseer haar bestaan op so 'n wyse dat sy sin en betekenis daarin vind (Schultz, 1977:104-120).

Die selftransenderende persoon beskik oor die volgende kenmerke (Maddi, 1980:137; Schultz, 1977:108-119; Frankl, 1959:148; 1978: 14-43; 1980:21):

- Selfbepalende optrede. Die selftransenderende persoon is in staat om standpunt teenoor die self en omstandighede in te neem en vryelik, eerlik en op 'n verantwoordelike wyse te besluit hoe sy gaan optree.

- Realistiese waarneming. Die selftransenderende persoon is in staat om die self en omstandighede krities, objektief en onverdraaid waar te neem.

- Humor. Die selftransenderende persoon beskik oor die vermoë om vir haarself te lag omdat humor afstand skep tussen die self, haar tekortkominge en probleme.

- Transendering. Die selftransenderende persoon is gerig op take en/of mense buite die self en nie op haarself nie. Betrokkenheid by take en/of mense buite die self lei daartoe dat die persoon sin en betekenis vind. In haar toegewydheid aan haar waardes en ideale, poog sy om haar eie beperkinge te oorkom, wat haar in staat sal stel om intieme en produktiewe verhoudings met andere op te bou. Deur haar strewe na sinvolle en betekenisvolle doelwitte, ervaar sy 'n gevoel van vervulling en geluk wat gestalte vind in haar betrokkenheid buite die self.

- Toekomsgerigtheid. Die selftransenderende persoon is doelgerig ingestel op die toekoms. Dit stel haar in staat om die lewe na die beste van haar vermoë te geniet en die dood as 'n sinvolle einde van hierdie lewe te ervaar.

- Werk as roeping. Die selftransenderende persoon is betrokke by en toegewyd aan haar werk.

- Respek en waardering vir die uniekheid van ander. Die selftransenderende persoon openbaar respek en waardering vir die uniekheid van ander. Sy diskrimineer nie en is nie bevooroordeeld teenoor ander persone nie. Dit lei daartoe dat sy sin vind uit verhoudings met ander.

- Sin in lyding. Die selftransenderende persoon aanvaar die tragiek van die lewe op so 'n wyse dat dit nie haar lewensvreugde demp nie, maar juis haar geloof in die sin van die lewe verdiep. Die persoon wat volgens Frankl die sin in lyding, skuld en die dood vind, het die hoogste vlak van ontwikkeling bereik.

- Waardering van die goeie, mooie en egte. Die selftransenderende persoon is oop vir die nuwe ervarings van elke dag. Ervaring van die goeie, mooie en egte wat die lewe haar bied, dra by tot meelewing daarmee en waardering daarvan.

### 3.2.4 Carl Rogers

Carl Rogers verwys na selfaktualisering as ***ten-volle funksionering.*** Rogers (1973, 1975), as optimis, beskou die mens as basies goed. Die mens het een basiese behoefte, naamlik om haarself te aktualiseer - dit is 'n biologiese dryfkrag om die genetiese bloudruk te aktualiseer, om te wees wat sy is (Rogers, 1973:484). Rogers se beskrywing van die ten volle funksionerende persoon is gerig op 'n persoon wat meer lewendig ("alive") is, meer sensitief is vir ervaringe en meer bewus is van haar emosies (Cilliers, 1984:54; Maddi, 1980:309). Die ten volle funksionerende persoon is nie noodwendig altyd gelukkig nie, maar beleef soms pyn weens haar openheid vir ervaringe en haar vermoë om genot uit kleinighede te put (Cilliers, 1984:72; 1985:89; Meyer *et al.*, 1993:395; Rogers, 1975:115-124, 180-196).

Volgens Rogers word die ten volle funksionerende persoon gekenmerk deur 'n openheid vir ervaring, 'n eksistensiële leefwyse, vertroue in die self en die eie oordeel, verantwoordelike keusevryheid, kreatiwiteit, vertroue tot positiewe en konstruktiewe optrede en 'n vol en opwindende lewe (Meyer *et al.*, 1993: 408-410; Rogers & Stevens, 1976:21). Indien 'n persoon oor hierdie kenmerke beskik, stel dit haar in staat om kreatief te werk en te leef, en aanpassings te doen.

- Openheid vir ervaring impliseer dat die ten volle funksionerende persoon sonder verdediging die self beskikbaar of onderworpe kan stel aan ervaring ten einde psigiese aanpassing te bewerkstellig. Hierdeur openbaar sy 'n openheid teenoor die self en die lewe van andere (Rogers, 1961).

- 'n Eksistensiële leefwyse verwys na die vermoë van die ten volle funksionerende persoon om só te leef dat sy elke oomblik daarvan ten volle en vrylik kan benut. Sodoende beweeg sy weg van 'n front wat nie 'n ware weerspieëling van haarself is nie. Sy is ook nie rigied in die toepassing van haar waardes nie.

- Vertroue in die self en eie oordeel verwys na die vermoë van die ten volle funksionerende persoon om meer op haarself en haar eie oordeel staat te maak in situasies waar sy gedragskeuses moet maak. Hierdeur word haar waagmoed tot nuwe selfuitdrukking gerealiseer.

- Vryheid van keuse impliseer dat die ten volle funksionerende persoon op 'n vrye en verantwoordelike wyse keuses met betrekking tot haar gedrag maak.

- Deur haar openheid vir verandering, is die ten volle funksionerende persoon in staat om alle emosies aan te wend tot verdere ontdekking en verryking van haar eie potensiaal ten einde 'n vol en opwindende lewe te lei (Meyer *et al.*, 1993:409-411).

Die voortdurende strewe van die individu om die potensiaal waaroor sy beskik (en wat reeds by geboorte teenwoordig was) op so 'n wyse te ontwikkel dat sy die beste word waartoe sy in staat is, is volgens Rogers die belangrikste aspek van menslike funksionering. Hiervolgens is gedrag gerig op die verbetering van liggaamlike en psigiese aspekte van die individu (Meyer *et al.*, 1993:400).

Die geneigdheid tot selfaktualisering hou verband met die ontwikkeling van die self. Selfaktualisering as lewenslange proses en die belangrikste doel van die lewe is volgens Rogers die proses waardeur die individu haar eie psigologiese eienskappe en potensialiteite ontwikkel (Schultz, 1977:28).

### 3.2.5 Abraham Maslow

Abraham Maslow, die bekendste eksponent van hierdie konsep, omskryf selfaktualisering as "actualizing one's potential, becoming everything one is capable of becoming. The need for self-actualization is a healthy man's prime motivation. The healthy person is one whose basic needs (that of physiological safety, belonging, love, respect and self-esteem) have been met, so that he is principally motivated by his needs to actualize his highest potentialities, by his higher need" (Ivic,

1982:24-27). Dit lei daartoe dat die individu haar vermoëns aanwend en individuele kwaliteite en potensiaal vervul (Schultz, 1977:64).

Maslow (1968:97) definieer selfaktualisering as episodes waartydens die kragte van 'n persoon op 'n effektiewe en intens genotvolle wyse bymekaarkom en meebring dat die persoon meer geïntegreerd optree, meer oop is vir ervaringe, meer spontaan optree, meer kreatief en humoristies is en meer onafhanklik van haar laerordebehoeftes is. Tydens hierdie episodes word die persoon meer haarself en aktualiseer sy haar potensiaal. Maslow wys daarop dat die episodes te eniger tyd in 'n persoon se lewe kan voorkom. Die verskil tussen selfaktualiserende en gemiddelde individue is dat die episodes meer gereeld, intens en perfek voorkom in geval van eersgenoemde.

Vir Maslow beskik elke mens oor 'n aktiewe wil tot gesondheid, 'n impuls tot groei, gesien as 'n ingebore stel kragte wat 'n persoon lei na selfaktualisering (Maslow, 1971:135-170). Maslow (1970:150) beskryf selfaktualisering as 'n dinamiese proses waarin 'n individu haar volle potensiaal en kreatiwiteit op 'n vreugdevolle wyse gebruik. Sy gebruik en benut haar talente en potensiaal om sodoende alles te wees waartoe sy in staat is. Selfaktualisering word beskou as 'n seldsame toestand omdat daar geen volmaakte mens bestaan nie. Volgens Maslow (1971:89) bereik slegs een persent van die bevolking volkome selfaktualisering.

Die selfaktualiserende persoon beskik oor die volgende kenmerke (Meyer *et al.*, 1993:384-387):

- Akkurate waarneming van die realiteit. Die selfaktualiserende persoon kan die realiteit waarneem vir wat dit is. Sy vrees nie die realiteit of die onbekende met die onsekerheid wat daarmee gepaardgaan nie, en is bereid om te waag.

- Aanvaarding van die self en ander. Die selfaktualiserende persoon aanvaar haarself, haar tekortkominge en sterkpunte. Sy sien die menslike aard soos wat dit is en nie soos sy dit verkies nie. Hierdie positiewe houding teenoor die self behels ook 'n selfbewustheid, objektiwiteit oor die self en realistiese aspirasies wat noodwendig met die ouderdom verander.

- Spontaneïteit, eenvoud en natuurlikheid. Die selfaktualiserende persoon openbaar haar emosies en gedagtes op 'n spontane en onkonvensionele wyse sonder om haarself of ander persone te benadeel. Sy neem etiese kodes in ag, alhoewel haar etiek nie noodwendig altyd

met dié van die gemeenskap ooreenstem nie.

- Taakbetrokkenheid. Die selfaktualiserende persoon is betrokke by 'n taak buite haarself waardeur sy 'n groter saak dien. Sy is nie egosentries nie, maar openbaar 'n wyer perspektief wat verband hou met filosofiese en etiese aangeleenthede wat die mensheid in die geheel raak. Sy maak die lewe vir haarself en andere makliker omdat sy nie oor kleinlikhede bekommerd is nie.

- Die behoefte aan privaatheid. Die selfaktualiserende persoon geniet afsondering en privaatheid. Sy kan haarself distansieer van ongemaklike situasies en dit met kalmte, objektiwiteit en waardigheid hanteer. Sy neem besluite wat nie noodwendig op die menings van ander hoef te steun nie.

- Outonomie. Die selfaktualiserende persoon funksioneer relatief onafhanklik van haar fisiese en sosiale omgewing. Haar voortgesette groei is nie afhanklik van eksterne belonings nie, maar van haar eie potensiaal. Outonomie sluit in selfdeterminasie, 'n balans tussen onafhanklikheid en afhanklikheid asook die aanvaarding van die gevolge van haar eie optrede. Dit impliseer selfverantwoordelikheid vir besluite, handelinge, gedagtes en gevoelens. Gevolglik kan sy outonomie en vryheid in ander respekteer.

- Volgehoue vars waardering. Die selfaktualiserende persoon beskik oor die vermoë om die eenvoudige dinge wat die lewe bied, telkens met dieselfde mate van genot en van verwondering te waardeer en inspirasie daaruit te put.

- Die piekervaring. Die selfaktualiserende persoon kan oomblikke van intense opwinding en hoë spanning, maar ook oomblikke van vrede, saligheid en stilte ervaar.

- Gemeenskapsgevoel. Alhoewel die selfaktualiserende persoon soms geïrriteer word deur die gewone mens se tekortkominge, toon sy 'n besorgdheid oor die mensdom in die algemeen.

- 'n Demokratiese karakter. Die selfaktualiserende persoon diskrimineer nie op grond van kwalifikasies, politieke oortuigings, ras of kleur nie en is bereid om van haar meerderes te leer.

- Dieper interpersoonlike verhoudinge. Die selfaktualiserende persoon het dieper, inniger interpersoonlike verhoudinge as ander volwassenes.

- 'n Filosofiese, nie-vyandige sin vir humor. Die selfaktualiserende persoon is bereid om vir haarself te lag en geniet humor wat nie ten koste van ander mense is nie.

- Kreatiwiteit. Die selfaktualiserende persoon beskik oor die vermoë om op 'n vars, naïewe en direkte wyse na die lewe te kyk sonder om deur inhibisies beperk te word. Kreatiwiteit is gekoppel aan haar vermoë om dieper en akkurater te sien en om spontaner, natuurliker en mensliker op te tree.

- Weerstand teen akkulturasie. Die selfaktualiserende persoon word deur haar eie reëls eerder as die samelewing regeer. Dit beteken egter nie dat sy in opstand teenoor die lewe is nie, maar impliseer dat sy geduldig vanuit die sisteem sal werk om sosiale verbeteringe te bewerkstellig. In haar selfaktualisering verkeer sy in relatiewe harmonie met die samelewing, maar maak haar in 'n sekere sin los deur outonoom te funksioneer en nie te konformeer nie.

## 3.3 KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING

Teen die agtergrond van voorafgaande humanistiese teoretici se bespreking of siening van die selfaktualiserende persoon, kan die kenmerke van sodanige persoon verdeel word in intra- en interpersoonlike kenmerke. Hierdie kenmerke is interafhanklik, met die intrapersoonlike kenmerke wat as voorvereiste vir die interpersoonlike kenmerke dien (Walsh & Shapiro, 1983:200).

### 3.3.1 Intrapersoonlike kenmerke

Die intrapersoonlike kenmerke van die selfaktualiserende persoon kan soos volg ingedeel word (Cilliers, 1984:63-83): **Fisieke kenmerke** (wat met die liggaam te doen het), **emosionele kenmerke** (wat met gevoelens te doen het), **kognitiewe kenmerke** (wat met die verstand te doen het) en **konatiewe kenmerke** (wat wilsaspekte en gemotiveerdheid impliseer).

#### 3.3.1.1 Fisieke kenmerke

Die selfaktualiserende persoon is bewus van haar fisieke funksionering en voel tevrede daarmee. Sy doen gereelde en aktiewe fisieke oefening, heg groot waarde aan fiksheid en beskik oor baie energie en stamina (Ardell, 1977:94-177; Maslow, 1971:27-29). Alhoewel fisieke gesondheid algemeen by selfaktualiserende persone voorkom, toon navorsing dat indien die persoon 'n positiewe houding teenoor fisiese siekte handhaaf, dit haar nie noodwendig negatief beïnvloed nie (Frankl, 1967; 1969).

Alhoewel sy omgee vir haar gesondheid en voorkoms, word ander waardes nie hierdeur in gevaar gestel nie. Sy leef gesond, rus voldoende, oefen gereeld en volg 'n voedsame dieet (Jourard & Landsman, 1980:158).

#### 3.3.1.2 Kognitiewe kenmerke

Die selfaktualiserende persoon is in staat daartoe om haar kognitiewe vermoëns meer optimaal te gebruik weens haar bogemiddelde intellektuele vermoë en verbeeldingrykheid in die skep van alternatiewe (Allport, 1951:147-150; Rogers, 1975:115-124). Sy is gedissiplineerd, objektief en buigsaam in haar denke, waardeur insig gefasiliteer word en word sodoende in staat gestel om optimistiese kognitiewe evaluerings te maak (Meyer *et al.*, 1993:455-457).

Die selfaktualiserende persoon het abstrakte belange buite haarself (Maslow, 1971:135-170). Sy is in staat om die realiteit meer akkuraat, realisties en objektief waar te neem (Allport, 1951:147-150; Frankl, 1969:164-166; Maslow, 1971:135-170). Volgens Allport en Frankl handhaaf sy 'n oorkoepelende lewensfilosofie gerig op die bereiking van toekomsgerigte doelwitte (Meyer *et al.*, 1993:384-387; Schultz, 1977:16-48).

Die selfaktualiserende persoon het 'n goeie geheue en ervaar verandering as natuurlik, betekenisvol en interessant, al is daar 'n mate van stres ter sprake (Allport, 1951:147). Aangesien die persoon voortdurend in 'n proses van "wording" verkeer om haar ware self tussen haar vele potensialiteite te vind, word sy deur haar talentvolheid, kreatiwiteit en sin van verantwoordelikheid blootgestel aan betekenisvolle projekte en planne waarin sy belang stel.

#### 3.3.1.3 Emosionele kenmerke

Die selfaktualiserende persoon toon (in vergelyking met 'n nie-selfaktualiserende persoon) 'n groter bewustheid van haar eie emosies en kan meer objektief wees daarteenoor (Maslow, 1968:40-54). Sy is oop vir haar eie gevoelens en heg positiewe waarde daaraan (Rogers & Stevens, 1976:26). Sy ervaar positiewe en negatiewe gevoelens meer intens en sonder inhibisie. As gevolg van haar kontak met die realiteit, beskik sy oor die vermoë om die lewe te sien en te aanvaar soos dit is en nie soos sy wens dit is nie.

Die selfaktualiserende persoon word gekenmerk deur 'n bewustheid van haar sterkpunte, tekortkominge, waardes, houdings, impulse, begeertes, vrese en voorkeure. Sy beskik dus oor selfbegrip en selfkennis en aanvaar haarself (Rogers & Stevens, 1976:25). Hierdeur word haar selfinsig verhoog, wat voorkom dat sy deur haar eie behoeftes gereguleer word (Johnson & Johnson, 1982:455-456). Die selfaktualiserende persoon leef in kontak met haar bewustheid sodat sy haar volle potensiaal vir groei besef en ontwikkel (Rogers, 1975:116).

Die selfaktualiserende persoon beskik oor 'n realistiese selfbeeld (Allport, 1961:287; Rogers, 1975:115-124). Haar selfbeeld word gekenmerk deur selfaanvaarding, selfesteem, selfrespek, selfliefde, selftevredenheid en positiewe selfagting (Allport, 1970:290; Maslow, 1954:208; Rogers, 1975:85-87). Sy beskik oor 'n vars waarnemingsvermoë, wat haar in staat stel om tussen verskillende gedragsalternatiewe te kies (Maslow, 1971:27-29).

Die selfaktualiserende persoon word gekenmerk deur emosionele sekuriteit en selfaanvaarding (Allport, 1970:290; Maslow, 1968:60-150; Rogers, 1975:186-187). Sy het vertroue in haarself en is oop vir nuwe ervaringe (Rogers & Stevens, 1976:21-25). Sy ervaar piekervaringe (Maslow, 1971:162) en geluk (Meyer *et al.*, 1993:384-385, 401-457; Schultz, 1977:18-48) en is ook in staat om teenoorgesteldes in die lewe as sinvol te ervaar (Maslow, 1971:352-353).

Die selfaktualiserende persoon kan haar behoeftes en emosies uitleef sonder om kompulsief of impulsief te wees (Jourard, 1974:4). Alhoewel sy ook wisselende gemoedstemminge kan ervaar en pessimisties kan raak, tree sy nie impulsief op nie (Allport, 1961:28). Sy funksioneer in die hede, in die hier-en-nou eerder as in die verlede of die toekoms (Jourard & Landsman, 1980:18-19).

Die selfaktualiserende persoon ervaar 'n hoë frustrasietoleransie en funksioneer vry van stremmende angs (Allport, 1970:290, Rogers, 1975:186-187). Sy ervaar 'n aangename, opwindende, avontuurlustige en fasiliterende vorm van spanning te wete eustres (Strümpfer 1982:5-6). Sy besluit oor haar eie vermoë tot of kapasiteit vir vryheid en houding (Frankl, 1966:xviii-xix) en is verantwoordelik vir haar eie bewussyn ("conscience"). In haar strewe na ervaring van bestaansvervulling ervaar die selfaktualiserende persoon dus lewensinvolheid (Frankl 1969; 1978). Sy openbaar voortdurende oorspronklikheid en waardering, selfs vir herhaalde ervaringe (Maslow, 1968:189-222).

#### 3.3.1.4 Konatiewe kenmerke

Die selfaktualiserende persoon ervaar vryheid van keuse en funksioneer vanuit 'n interne lokus van kontrole (Rogers, 1975:118-196). Sy ervaar dus vryheid in die skepping van haar eie wêreld waarin sy verantwoordelikheid neem vir die kontrole en beheer van haar eie gedrag, en tree selfregerend en rigtinggewend op. Sy voel vry om keuses te maak met betrekking tot haar optrede en lewe (Meyer *et al.*, 1993:345; Rogers & Stevens, 1976:25; Schultz, 1977:43-49). Sy poog dus om uit haarself op te tree eerder as om ander tevrede te stel ("to please others").

### 3.3.2 Interpersoonlike kenmerke

Volgens Cilliers (1984:322) is daar 'n sterk verband tussen die intrapersoonlike en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering. Die intrapersoonlike kenmerke het verryking en bevordering van groei in die gedrag van andere binne die interpersoonlike kontak tot gevolg.

Die selfaktualiserende persoon het belange buite die self gerig op outentieke deelname aan en betrokkenheid by interpersoonlike verhoudinge (Allport, 1970:290). Sy beskik oor hoë vlakke van empatie, respek en egtheid (Rogers, 1975:50-54). Hierdie kenmerke is noodsaaklik vir die stimulering van interpersoonlike verhoudinge.

Die selfaktualiserende persoon openbaar onvoorwaardelike aanvaarding van en respek vir ander mense. Sy is ook verdraagsaam en nie-veroordelend. Haar respek in interpersoonlike verhoudings is die resultaat van 'n simboliese uitbreiding van die self en 'n demokratiese persoonlikheidstyl (Allport, 1970:286). Sy het 'n sosiale belangstelling in ander mense en ervaar 'n sterk gevoel van

eenheid met die mensheid in die algemeen ("Gemeinschaftsgefühl") (Maslow, 1968:189-222).

Die selfaktualiserende persoon is verantwoordelik, spontaan en natuurlik in haar optrede. Sy is geneig om openlik, kongruent en eg te wees in haar verhoudings (Rogers & Stevens, 1976:25). Sy poog dus nie om van agter 'n masker te beïndruk nie.

Haar verhoudings met mense word ook gekenmerk deur empatie, konsiderasie en liefde (Rogers & Stevens, 1976:26; Schultz, 1977:96-100). Haar interpersoonlike funksionering word verder gekenmerk deur belangstelling in ander persone, eerlikheid, opregtheid, geduld, konsiderasie, nederigheid, 'n goeie humorsin en die aanvaarding van die teenoorgestelde geslag as haar gelyke. Haar interaksie word gekenmerk deur vertroue, respek en aanvaarding van andere in eie reg, sonder selfopoffering of dominansie. Sy is in staat om liefde te ontvang en om lief te hê - die hoogste aktiwiteit van die menslike siel waarin lewensinvolheid ervaar word (Frankl, 1966:36). Haar interpersoonlike verhoudings is gebaseer op onafhanklike, demokratiese, etiese, kreatiewe en spontane denke en emosies, positiewe aanvaarding van die self en ander, asook 'n gebrek aan selfgesentreerdheid.

Die selfaktualiserende persoon kan op ander persone vertrou sonder om afhanklik van hulle te raak en is betroubaar sonder om afhanklikheid aan te moedig (Fromm, 1950:75-76). Die selfaktualiserende persoon ervaar 'n vryheid van keuse en gesindheid in interpersoonlike verhoudings en beskou bewussyn en verantwoordelikheid as die vernaamste elemente van menslike bestaan. Sy het begrip vir ander mense se uniekheid en potensiaal. Sy begryp die kern en waarde van ander se persoonlikhede en aanvaar die onveranderlike en onmisbare kwaliteit van menslike lewe.

Die selfaktualiserende persoon handhaaf diep, openlike en hegte interpersoonlike verhoudings (Rogers & Stevens, 1967:26). Sy is gerig op intieme interpersoonlike verhoudings met 'n geselekteerde groep persone eerder as op veelvuldige oppervlakkige verhoudings met baie persone. Intieme verhoudings skep dieper en meer belonende interpersoonlike verhoudings. Sy toon egter weerstand teen akkulturasie, met ander woorde sy is gewoonlik onafhanklik van enige gegewe kultuur (Maslow, 1968:189-222; Meyer *et al.*, 1993:384-387,456-457; Schultz, 1977:16-45).

## 3.4 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is selfaktualisering omskryf, waarna dit vanuit die humanistiese persoonlikheidsteorieë gekonseptualiseer is. Vervolgens is 'n opsomming van die kenmerke van die selfaktualiserende persoon aangebied.

Hiermee is die tweede doelstelling van hierdie navorsing bereik, naamlik om selfaktualisering vanuit die literatuur te konseptualiseer.

In Hoofstuk 4 word die empiriese ondersoek bespreek.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk word die doelstellings van die empiriese ondersoek, die ondersoekgroep wat betrek is, die evalueringsbattery, die ondersoekprosedures, die insameling en nasien van die data asook die statistiese verwerking daarvan bespreek, waarna die hipotese van die navorsing geformuleer sal word.

## 4.1 DOELSTELLING VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doelstelling van die empiriese ondersoek is om deur middel van gekose meetinstrumente vir die konstruk, die vlak van selfaktualisering by 'n verteenwoordigende groep verpleegdosente te bepaal.

## 4.2 ONDERSOEKGROEP

As populasie vir hierdie navorsing is verpleegdosente aan verpleegkolleges in Gauteng gekies. Om praktiese redes is die gebied verder afgebaken tot die Pretoria-Johannesburg-gebied (N=150). As gevolg van faktore soos onvoltooide vraelyste, en siekte en verlof van die respondentegroep, is slegs 103 volledige stelle data verkry. Die kenmerke van die ondersoekgroep is soos volg:

* Almal woon in 'n stedelike gebied.

* Almal is blankes (so gekies omdat die meetinstrumente vanuit die Westerse kultuur saamgestel is en geen standaardiseringsdata vir die ander kultuurgroepe in Suid-Afrika beskikbaar is nie).

* Almal is vroulik.

* Almal is by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging geregistreer as verpleegkundiges asook as verpleegkundedosente.

* Elkeen se posinhoud behels die teoretiese en praktiese opleiding van studentverpleegkundiges.

Die verspreiding van die respondente volgens verpleegkollege en ouderdom word in Tabel 4.1 aangedui.

TABEL 4.1: SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| **KOLLEGE** | **AANTAL PERSONE** | **OUDERDOM ($\bar{x}$)** |
|---|---|---|
| SAGD - Pretoria | 13 | 35 |
| B.G. Alexander | 32 | 40 |
| Ann Latsky | 27 | 38 |
| S.G. Lourens | 31 | 36 |
| Totaal | 103 | 37 |

## 4.3 DIE EVALUERINGSBATTERY

Die volgende evalueringbattery is in hierdie empiriese ondersoek gebruik:

- Die Persoonlike Oriëntasievraelys, vir die meting van die intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering.

- Die Schutz-vraelyste, vir die meting van die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering.

### 4.3.1 Die meting van die intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering

Die volgende vraelyste kan gebruik word vir die meting van selfaktualisering (vgl. Cilliers, 1984:232; Schulz, 1994:68):

- Die *Self-actualization test* van Valett
- Die *Self-actualization inventory* van Reddin en Powell
- Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI)
- Die Selfaktualiseringseienskappe-vraelys (ISAC)
- Die Sinvolheidstoets (PIL)

- Die Soeke-na-geestelike-doelwitte-toets (SONG).

Die selfaktualiseringsvraelys wat die meeste aspekte van selfaktualisering meet en ook goed ondersteun word deur betroubaarheids- en geldigheidsdata is die POI. Dié vraelys, wat in die navorsing gebruik word, word vervolgens meer volledig bespreek.

#### 4.3.1.1 Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI)

Die ontwikkeling en rasionaal, beskrywing, afneem, nasien, interpretasie, betroubaarheid en geldigheid en motivering vir die keuse van die POI word vervolgens bespreek.

##### 4.3.1.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die POI

Die POI is deur Shostrom ontwikkel vir die meting van terapeutiese groei (Shostrom, 1976:29). Die POI is 'n selfevalueringsinstrument, waarvan die skale saamgestel is uit die humanistiese persoonlikheidsteorieë van Maslow, Rogers, Shostrom, May, Riesman, Glaser en Denny (Shostrom & Knapp, 1966:193).

Die doel van die POI is daarin geleë dat dit waardes en gedrag meet wat belangrik is vir die ontwikkeling van die selfaktualiserende persoon. Selfaktualisering word hierin omskryf as die mate waarin eie talente en vermoëns meer volledig benut kan word as by die gemiddelde persoon, in die mate waarin die persoon in die hede leef, eerder as in die verlede of toekoms, relatief outonoom funksioneer en 'n meer welwillende lewensuitkyk op die menslike natuur as die gemiddelde persoon het (Cilliers, 1984: 92-96). Uit die POI-tellings kan die respondent se vlak van positiewe geestesgesondheid dus geëvalueer word met die oog op voorligting of terapie (Knapp, 1976:2; Shostrom, 1963, 1964, 1976).

##### 4.3.1.1.2 Beskrywing van die POI

Die vraelysmateriaal van die POI bestaan uit 'n vraeboekie, antwoordblad, stel maskers en 'n profielbladsy.

Die vraeboekie bevat 150 gepaarde, teenoorgestelde positiewe en negatiewe stellings as pare van 'n kontinuum (Knapp, 1976:2-3). Die antwoordblad bied ruimte vir die beantwoording van 150 vrae, wat bestaan uit 'n A- en B-alternatief by elk. Daar is twaalf skale en elke skaal bevat tussen nege en 127 vrae. Daar is twaalf maskers (een per skaal). Die profielbladsy dui die respondent se selfaktualisering aan, met positiewe eienskappe bo en negatiewe eienskappe onder aan die skaal.

Die twaalf skale waaruit die POI bestaan, word verdeel in twee hoof- en tien subskale (Knapp, 1976:2-7). Die twee hoofskale is:

- **Die Tydsratio (Tc).** 'n Hoë telling op hierdie skaal dui op die positiewe eienskap van tydsbevoegdheid, dit wil sê 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervaringe uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. 'n Lae telling dui op die negatiewe eienskap van tydsonbevoegdheid. Dit hou 'n leef in die verlede in, die ervaring van skuldgevoelens en spyt, of 'n leef in die toekoms met geïdealiseerde verwagtinge of vrese.

- **Die Ondersteuningsratio (I).** 'n Hoë telling op hierdie skaal dui op die positiewe eienskap van reaksie vanuit die self. 'n Lae telling dui op uiterlike of ander-gerigtheid. Reaksie vanuit die self dui daarop dat die respondent op 'n onafhanklike en outonome wyse en vanuit geïnternaliseerde beginsels en motivering vir haarself kan besluit. Sy integreer en transendeer beide na-binne en ander-gerigtheid in 'n optimale ratio. Uitsluitlike ander-gerigtheid dui op afhanklikheid en beïnvloeding deur eksterne magte en 'n soeke na aanvaarding, gekenmerk deur manipulering en 'n poging om van agter haar masker te beïndruk.

Die tien subskale is twee-twee in vyf afdelings gegroepeer, naamlik waardes, gevoelens, selfpersepsie, sinergistiese bewustheid en interpersoonlike sensitiwiteit.

Waardes

- **Selfaktualiseringswaarde (Sav).** Hierdie skaal meet die bevestiging van primêre waardes van 'n selfaktualiserende persoon. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent volgens die waarde wat eie aan selfaktualisering is, leef.

- **Eksistensialiteit (Ex).** Hierdie skaal meet die vermoë om in ooreenstemming met die eise van 'n situasie, dit wil sê eksistensieel op te tree, sonder die rigiede handhawing van beginsels. 'n Hoë telling dui op buigsaamheid in die toepassing van waardes, en 'n lae telling op die neiging om rigied, kompulsief en dogmaties aan waardes vas te klou.

Gevoelens

- **Gevoelsrefleksie (Fr).** Hierdie skaal meet die responsiwiteit ten opsigte van eie gevoelens en behoeftes. 'n Hoë telling dui op sensitiwiteit hierteenoor en 'n lae telling op onsensitiwiteit.

- **Spontaneïteit (S).** Die vryheid om spontaan op te tree of om jouself te wees, word deur hierdie skaal gemeet. 'n Hoë telling dui op die vermoë om gevoelens in spontane aksie uit te druk en 'n lae telling op vrees om gevoelens in optrede uit te druk.

Selfpersepsie

- **Selfagting (Sr).** Hierdie skaal meet die bevestiging van die self op grond van eie waarde of sterkte. 'n Hoë telling dui op die vermoë om van die self te hou as gevolg van die feit dat 'n persoon sterk is, en 'n lae telling op gevoelens van lae selfwaarde.

- **Selfaanvaarding (Sa).** Die bevestiging van die aanvaarding van die self ten spyte van swakhede of tekortkominge, word deur hierdie skaal gemeet. 'n Hoë telling dui op die aanvaarding van die self en eie swakhede en 'n lae telling op 'n onvermoë om swakhede te aanvaar.

Sinergistiese bewustheid

- **Mensbeskouing (Nc).** Die mate waarin 'n konstruktiewe beskouing oor menswees gehuldig word, word deur hierdie skaal gemeet. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent die mens as goed beskou en dat sy teenoorgesteldes soos goed-sleg, manlikheid-vroulikheid, selfsugtigheid-onselfsugtigheid kan oplos. 'n Lae telling dui daarop dat die respondent die mens as sleg beskou.

- **Sinergie (Sy).** Hierdie skaal meet die vermoë om sinergisties te wees - dit wil sê om teenoorgesteldes te transendeer en op 'n betekenisvolle wyse met lewensobjekte te relateer. 'n Hoë telling dui op die vermoë om teenoorgesteldes in die lewe as betekenisvol in verband te sien, dit wil sê om te sien dat werk en speel, selfsug en selfloosheid nie teenoorgesteldes hoef te wees nie. 'n Lae telling dui daarop dat die respondent teenoorgesteldes as antagonisties ervaar.

Interpersoonlike sensitiwiteit

- **Aanvaarding van aggressie (A).** Hierdie skaal meet die vermoë om die eie natuurlike aggressiwiteit te aanvaar in teenstelling met ontkenning, verdringing en 'n verdedigende houding ten opsigte van aggressie. 'n Hoë telling dui op die vermoë om woede of aggressie in die self as natuurlik te aanvaar en 'n lae telling dui op die ontkenning van sodanige gevoelens.

- **Kapasiteit vir intieme kontak (C).** Hierdie skaal meet die vermoë om betekenisvolle, intieme verhoudings met ander mense te ontwikkel, sonder verwagtinge en verpligtinge. 'n Hoë telling dui op die vermoë tot betekenisvolle relasies en noue kontak met ander mense, en 'n lae telling op probleme met warm interpersoonlike verhoudinge.

#### 4.3.1.1.3 Afneem en nasien van die POI

Die POI kan individueel of in groepsverband afgeneem word. Die instruksies is in die vraeboekie uiteengesit en die respondent lees dit self deur. Die respondent beantwoord die 150 items deur telkens te besluit watter een van die A- of B-stelling die beste op haar optrede van toepassing is.

Die antwoordblad word met die stel maskers nagesien en die routellings word op die antwoordblad aangedui. Die routellings word dan na die profielbladsy oorgedra, waarna die selfaktualiseringsprofiel met behulp van standaardtellings getrek word. Hierdie standaardtellings is volgens norme van Amerikaanse studente en volwassenes bereken (Shostrom, 1963, 1964).

#### 4.3.1.1.4 Interpretasie van die POI

Die twaalf POI-skale gee 'n gesamentlike beeld van die respondent se selfaktualisering, hoewel die skale afsonderlik geïnterpreteer moet word. 'n Hoë telling op 'n individuele skaal dui daarop dat die eienskap van selfaktualisering sterk by die individu aanwesig is, en 'n lae telling dat die eienskap in 'n mindere mate aanwesig is. Standaardtellings tussen 50 en 60 dui op selfaktualisering, terwyl tellings laer as 50 as ontwikkelingsareas beskou kan word. Tellings hoër as 60 dui op vervalsing van die POI.

'n Poging om die POI positief te vervals deur 'n respondent wat oor min kennis van selfaktualisering beskik, sal manifesteer in verhoogde tellings vir selfwaarde, verlaagde tellings vir selfaanvaarding en verlaagde tellings vir eksistensialiteit.

#### 4.3.1.1.5 Betroubaarheid en geldigheid van die POI

Navorsing in die Verenigde State van Amerika bied positiewe bewyse van die betroubaarheid en geldigheid van die POI. Shostrom (1976:325) wys daarop dat die vervalsing van response op die POI in 'n oordrewe horisontale selfaktualiseringsprofiel waargeneem kan word. Hix en Hensley (1978:117-122) wys daarop dat, tensy die respondent spesiale inligting oor die POI en die konsep van selfaktualisering het, die POI weerstand teen vervalsing het. Indien dit nie die geval sou wees nie, beïnvloed vervalsing veral die tyd- en ondersteuningsratio's (Hix & Hensley, 1978:117-122). Vervalsing deur nie-gesofistikeerde respondente kan tot 'n laer selfaktualiseringstelling lei (Oakland, Freed, Lovekin, Davis & Comilleri, 1978:81).

**a. Betroubaarheid**

In Amerika lewer toets-hertoets-betroubaarheidsondersoeke die volgende betroubaarheidskoëffisiënte (Oakland *et al.*, 1978:80):

- 0,91 vir tydsratio (TC) en 0,93 vir ondersteuningsratio (I) (skoolsielkundiges)
- 0,52 vir aanvaarding van aggressie (A) tot 0,82 vir eksistensialiteit (Ex) (studente)
- 0,40 vir sinergie (Sy) tot 0,74 vir eksistensialiteit (Ex) (verpleegstudente).

Schulz (1994:110) verkry die volgende betroubaarheidskoëffisiënte vir die verskillende POI-skale in 'n Suid-Afrikaanse toets-hertoetsbetroubaarheidsondersoek (sien Tabel 4.2):

TABEL 4.2: DIE TOETS-HERTOETSBETROUBAARHEID VAN DIE POI IN SUID-AFRIKA

| **Skaal** | **Betroubaarheidskoëffisiënte** |
|---|---|
| Tydsratio (TC) | 0,73 |
| Ondersteuningsratio (I) | 0,82 |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 0,58 |
| Eksistensialiteit (Ex) | 0,68 |
| Gevoelsreaktiwiteit (Fr) | 0,50 |
| Spontaneïteit (S) | 0,62 |
| Selfwaarde (Sr) | 0,50 |
| Selfaanvaarding (Sa) | 0,66 |
| Mensbeskouing (Nc) | 0,41 |
| Sinergie (Sy) | 0,63 |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 0,47 |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 0,57 |

Dit blyk uit Tabel 4.2 dat die betroubaarheid van die meeste POI-skale aanvaarbaar is. Die uitsondering is die Nc-skaal, waarvan die betroubaarheid relatief laag is. Die rede hiervoor is, volgens Schulz (1994:111), dat respondente dikwels probleme ervaar om items van hierdie skaal te beantwoord. Ander redes wat aangevoer word vir die lae betroubaarheid van sommige skale is dat dit moontlik te min items bevat.

**b. Geldigheid**

Volgens Maslow (1971:28) meet die POI selfaktualisering soos dit operasioneel gedefinieer is. Die POI beskik oor konstrukgeldigheid en onderskei duidelik tussen selfgeaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde persone in die terapeutiese situasie (Shostrom & Knapp, 1966:193-202). Die studie van Leitschuh en Rawlins (1991:687-690) ondersteun die konstrukgeldigheid van die POI.

Hulle bevind dat 'n hoë telling vir selfagting en selfaktualiseringswaarde ook verband hou met beter fisiese gesondheid van respondente.

In 'n ondersoek wat in Suid-Afrika onderneem is, bevind Schulz (1994:118) dat die POI wel oor konstrukgeldigheid beskik. Hy bevind dat die tydsratio (Tc) en die ondersteuningsratio (I) positief korreleer met emosionele stabiliteit, ekstroversie, selfgelding en entoesiasme (soos gemeet deur die Sestien-Persoonlikheidsfaktorvraelys). Negatiewe korrelasies is tussen die genoemde skale en angs, agterdog en depressie (wat die teenoorgestelde van selfaktualisering is), gevind. Soortgelyke bevindings is ten opsigte van die ander POI-skale gevind (Schulz, 1994:119).

Volgens Oakland *et al.* (1978:84) kan die POI 'n aanduiding van positiewe geestesgesondheid gee, maar kan die vraelysinligting nie sonder meer as 'n geldige aanduiding van selfaktualisering vertolk word nie. Hierdie kritiek lê waarskynlik op die vlak van semantiese verskille tussen die konstrukte positiewe geestesgesondheid en selfaktualisering. Du Plessis (soos aangehaal deur Cilliers, 1984:239) bevind dat die POI beduidend tussen beangste en nie-beangste eerstejaardamestudente onderskei.

In hulle ondersoek na die POI, spreek Siez en Forest (1980:376-378) kritiek uit teen die toepaslikheid van norme vir die algemene populasie op spesifieke groepe. By gebrek aan verskeie normgroepe, soos tans in die RSA ervaar word, is die gebruik van die algemene norme nog die enigste oplossing vir hierdie kritiek.

'n Poging om die POI positief te vervals deur 'n respondent wat wel oor kennis van selfaktualisering beskik, sal manifesteer in baie hoë tellings op al die skale.

**4.3.1.1.6 Motivering vir die keuse van die POI**

Die POI is 'n selfaktualiseringsvraelys wat die meeste aspekte van selfaktualisering meet en ook goed ondersteun word deur betroubaarheids- en geldigheidsdata (Schulz, 1994:120). Ter ondersteuning hiervan meld Shostrom (1976:13) en Knapp (1976:1) dat die POI homself uitstekend daartoe leen om selfaktualisering (psigologiese optimaliteit) te meet. Die POI evalueer nie patologie nie, maar waarde-oordele, wat veel meer van die individu se innerlike belewingswêreld openbaar.

### 4.3.2 Die meting van die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering

Verskillende instrumente kan gebruik word vir die meting van die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering. Die Schutz-vraelyste (Schutz, 1983; 1992) is veral geskik vir die meting en stimulering van 'n persoon se bewustheid en die ontwikkeling van haar interpersoonlike verhoudinge. Die voordeel van die Schutz-vraelyste is dat dit die respondente teen 'n bepaalde kriterium eerder as teen 'n normgroep meet, dat dit teoreties goed begrond is en dat die psigometriese kenmerke daarvan aanvaarbaar is. Dit maak die vraelys geskik vir toepassing in die empiriese ondersoek.

#### 4.3.2.1 Die Schutz-vraelyste

Die ontwikkeling en rasionaal, beskrywing, afneem, nasien, interpretasie, betroubaarheid en geldigheid en motivering vir die keuse van die Schutz-vraelyste word vervolgens bespreek.

##### 4.3.2.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die Schutz-vraelyste

Hierdie vraelyste is deur Schutz (1978) ontwikkel vir die meting en stimulering van 'n persoon se bewustheid van haarself en haar verhoudinge met ander persone (Schutz, 1978:3). Die Schutz-vraelyste meet dus die oortuigings van toetslinge oor hul kenmerkende optrede in hul verhoudinge met ander persone (Gluck, 1983:7).

Die teorie waarop die Schutz-vraelyste berus, is gebaseer op die aanname dat alle menslike interaksie in drie kategorieë verdeel kan word, naamlik insluiting, kontrole en affeksie. Hierdie drie areas verteenwoordig die interpersoonlike behoeftes van mense. Die Schutz-vraelyste bestaan uit vyf elemente, naamlik B ("behaviour") vir gedrag, F ("feelings") vir gevoelens, S ("self") vir selfbeeld en R ("relationships") vir relasies (Schutz, 1992:915-937).

Die Schutz-vraelyste kan in huweliksvoorligting, maar ook in groepsituasies soos groeigroepe en in selfbewustheidsopleiding gebruik word. Omdat die administrasie eenvoudig is, kan dit selfs in die bevordering van selfondersoek, selfkennis, verandering en ontwikkeling gebruik word. Verder word dit dikwels in bedryfsopleiding en die kliniese situasie gebruik (Schutz, 1992:915-937).

#### 4.3.2.2.2 Beskrywing van die Schutz-vraelyste

Die vraelysmateriaal van die Schutz-vraelyste bestaan uit vier vraeboekies (een vir elke element). Elke element bestaan uit 54 items wat op 'n sespuntskaal beantwoord word wat wissel van "beslis nie waar nie" tot "baie waar". Elke item word twee keer beantwoord - die eerste keer vir die wyse waarop dinge waargeneem word, en die tweede keer 'n aanduiding te gee van hoe die respondent dit sou wou hê. Die items is kort en die terme is eenvoudig. Elke element neem ongeveer twintig minute om te voltooi. Die vrae word in die vraeboekie beantwoord (Schutz, 1992:915-937).

Die Schutz-vraelyste bestaan uit die volgende elemente (Schutz, 1983:6-14; 1992:915-937):

**1. Element B: Gedrag**

Element B meet drie interpersoonlike behoeftes, naamlik insluiting ("inclusion"), kontrole ("control") en openheid ("openness") (Schutz, 1983:6; Schutz, 1992:922-923).

- Insluiting: Insluiting is die area wat betrekking het op die regte hoeveelheid kontak met ander persone. Persone met 'n groot behoefte aan insluiting neig na ekstroversie, woon graag gesellighede by, is groepsgebonde en knoop gemaklik gesprekke met mense aan. Persone met 'n lae behoefte aan insluiting is teruggetrokke, vermy gesellighede, verkies om alleen te wees en knoop selde gesprekke met mense aan.

- Kontrole: Kontrole verwys na die behoefte om te beheer of beheer te word. Sommige persone is gemaklik wanneer hulle ander persone kan beheer, bevele gee en besluite neem vir ander en vir hulself. Ander persone verkies egter om geen kontrole oor ander te hê nie. Hulle is tevrede om nooit vir ander persone te besluit nie en verkies situasies waar hulle geen verantwoordelikheid hoef te neem nie.

- Openheid: Openheid hou verband met die bereiking van die regte mate van openheid met mense. Sommige persone geniet verhoudings met ander waar hulle kan praat oor hul gevoelens en gedagtes. Hulle verkies om minstens een of 'n paar persone te hê wat hulle in hul vertroue kan neem. Ander verkies egter om openheid teenoor ander persone te vermy, die verhouding op 'n onpersoonlike vlak te hou en eerder kennisse as intieme vriende te hê.

Elke persoon het in 'n meerdere of mindere mate 'n behoefte aan openheid of privaatheid in verhoudings.

Element B meet twee aspekte vir elk van die drie gedragsdimensies, soos aangetoon in Tabel 4.3.

TABEL 4.3: BESKRYWING VAN ELEMENT B: GEDRAG

| | **Waargenome ("perceived") gedrag** | **Verlangde ("wanted") gedrag** |
|---|---|---|
| Uitgedrukte ("expressed"): | | |
| I = Insluiting | Ek sluit mense in | Ek wil mense insluit |
| Cr = Kontrole | Ek beheer mense | Ek wil mense beheer |
| O = Openheid | Ek is openlik met mense | Ek wil openlik wees met mense |
| Ontvangde ("received"): | | |
| I = Insluiting | Mense sluit my in | Ek wil hê mense moet my insluit |
| Cr = Kontrole | Mense beheer my | Ek wil hê mense moet my beheer |
| O = Openheid | Mense is openlik met my | Ek wil hê mense moet openlik wees met my |

**2. Element F: Gevoelens ("Feelings")**

Schutz (1983:9) onderskei tussen drie basiese gevoelens, naamlik betekenisvolheid ("significance"), bevoegdheid ("competency") en innemendheid ("likeability") wat onderskeidelik parallel is met insluiting, kontrole en openheid (soos gemeet deur Element B). Die volgende gevoelens word met behulp van Element F ondersoek: hoe die respondent oor mense voel, hoe die respondent dink mense oor haar voel, hoe die respondent oor mense wil voel en hoe die respondent wil hê mense oor haar moet voel (Schutz, 1992:915-937).

- Betekenisvolheid. Die respondent heg betekenisvolheid aan mense wanneer sy voel dat hulle vir haar bestaan, iets vir haar beteken en belangrik is vir haar. Andersyds poog sy om by ander mense uit te vind of hulle voel dat sy betekenisvol is. Die repondent bepaal dus of hulle aan haar aandag skenk, haar ignoreer, of haar onthou wanneer sy weg is. Die respondent ervaar 'n gevoel van betekenisvolheid wanneer andere haar in ag neem, met haar praat, haar herken

en erkenning aan haar gee as 'n persoon wat 'n verskil maak. Om betekenisvol te voel, beteken nie noodwendig om bevoeg of innemend te wees nie. Dit beteken om te bestaan.

- Bevoegdheid. Die respondent voel dat iemand bevoeg is wanneer sy van mening is dat hulle oor die vermoë beskik om hulle behoeftes te bevredig, tragedie te vermy en in staat is om hulle alledaagse probleme te hanteer. Bevoegdheid verwys na die vermoë om 'n werk te behou, 'n gesin tot stand te bring, om selfonderhoudend te wees en om iets tasbaars in die vorm van materiële dinge te bereik. Dit het te doen met die vermoë om besluite te neem en probleme op te los.

- Innemendheid. Innemendheid is gebaseer op die vermoë om 'n atmosfeer te skep waarin mense van hulself hou. Die respondent vind iemand innemend wanneer sy van haar eie optrede en gevoelens in die aanwesigheid van dié persoon hou. Paradoksaal het die respondent se "hou van" min met die ander persoon te doen. Die respondent hou van die ander persoon indien sy van haarself hou in die teenwoordigheid van die ander persoon. Die respondent mag betekenisvol en bevoeg wees, maar sal nie noodwendig innemend wees nie.

Die gevoelsdimensies wat deur Element F gemeet word, word in Tabel 4.4 uiteengesit.

TABEL 4.4: BESKRYWING VAN ELEMENT F: GEVOELENS

| | **Waargenome gevoelens** | **Verlangde gevoelens** |
|---|---|---|
| Uitgedrukte ("expressed"): | | |
| S = Betekenisvolheid | Ek voel mense is betekenisvol | Ek wil voel mense is betekenisvol |
| Cp = Bevoegdheid | Ek voel mense is bevoeg | Ek wil voel dat mense bevoeg is |
| L = Innemendheid | Ek hou van mense | Ek wil van mense hou |
| Ontvangde ("received"): | | |
| S = Betekenisvolheid | Mense voel ek is betekenisvol | Ek wil hê mense moet voel ek is betekenisvol |
| Cp = Bevoegdheid | Mense voel ek is bevoeg | Ek wil hê mense moet voel ek is bevoeg |
| L = Innemendheid | Mense hou van my | Ek wil hê mense moet van my hou |

**3. Element S: Selfkonsep ("Self-concept")**

Volgens Schutz (1983:11-12) bestaan die selfkonsep uit waargenome en verlangde gedrag (dit wil sê insluiting, kontrole en openheid) en gevoelens (dit wil sê betekenisvolheid, bevoegdheid en innemendheid). Die uitgedrukte ("expressed") en ontvangde ("received") aspekte is nie van toepassing nie, aangesien dit binne dieselfde persoon geskied. Om selfkonsep te eksploreer, ondersoek die respondent hoe sy haarself sien (in plaas van hoe sy oor mense voel). Om selfkonsep te begryp, dink die respondent haarself in hoe sy optree en oor haarself voel.

Gedrag teenoor die self bestaan uit selfinsluiting, selfkontrole en bewustheid (openheid teenoor die self) (Schutz, 1992:931-932).

- Selfinsluiting ("self-inclusion"). Selfinsluiting impliseer teenwoordigheid van die respondent, om dít wat sy doen, met oorgawe ("all of myself") te doen. Wanneer die respondent laag toets in teenwoordigheid van die self, is dele van haar versprei of losgemaak en dink sy aan ander dinge. Wanneer sy hoog toets in teenwoordigheid, identifiseer sy met dít wat sy doen. Die respondent se teenwoordigheid kan wissel tussen intense teenwoordigheid en intense afsydigheid.

- Selfkontrole ("self-control"). Om die self te beheer impliseer spontane uitdrukking. Indien die respondent laag toets vir selfkontrole, raak sy buite beheer en is haar gedrag soms van so 'n aard dat sy later spyt is daaroor (bv. antisosiale gedrag). Indien die respondent hoog toets vir selfkontrole, voel sy geïnhibeer en hou sy haarself terug. Dit lei daartoe dat sy rigied en nie-spontaan is en traag is om kanse te waag uit vrees vir wat mag gebeur. Sy is spontaan indien sy alles doen wat sy wil doen en uit eie keuse daarmee ophou. Selfkontrole wissel tussen totale vryheid en totale beheersdheid.

- Bewustheid ("self-openness"). Om oop te wees vir die self impliseer selfkennis en bewustheid van die self. Indien die respondent laag toets vir bewustheid, ken sy haarself nie goed genoeg nie. Dit is moeilik om openlik te wees teenoor haarself as sy nie weet wie sy is nie. Indien sy nie bewus is van die self nie, tree sy op maniere op wat sy nie begryp nie. Indien sy baie hoog toets vir bewustheid mag sy in haarself begin verswelg raak ("wallow"), verloor sy kontak met die wêreld en is sy so geokkupeer met haarself en so introspektief dat sy nie

aandag gee aan enigiets buite haarself nie. Wanneer die respondent bewus is van die self, ken sy haarself goed en is sy gemaklik met haarself. Bewustheid van die self wissel tussen volle bewustheid en onbewustheid.

Gevoelens teenoor die self bestaan uit selfbetekenisvolheid ("self-ignificance"), selfbevoegdheid ("self-competence") en hou van die self ("self-like") (Schutz, 1992:932).

- Selfbetekenisvolheid impliseer gevoelens van betekenisvolheid, belangrikheid en waardevolheid in teenstelling met gevoelens van onbelangrikheid, betekenisloosheid en waardeloosheid.

- Selfbevoegdheid impliseer gevoelens van bevoegdheid, intelligensie, vermoë en krag teenoor gevoelens van swakheid, onbevoegdheid en onvermoë om die eise van die lewe te hanteer.

- Hou van die self impliseer dat die respondent goed voel in die teenwoordigheid van die self en alleen kan wees, in teenstelling met 'n persoon nie haar eie geselskap geniet nie.

Die verskillende aspekte van die selfkonsep wat in die Schutz-vraelyste gemeet word, word in Tabel 4.5 uiteengesit.

TABEL 4.5: BESKRYWING VAN ELEMENT S - SELFKONSEP

| | **Waargenome ("perceived")** | **Verlangde ("wanted")** |
|---|---|---|
| Gedrag ("behaviour") | | |
| I = Insluiting | Ek is teenwoordig | Ek wil teenwoordig wees |
| Cr = Kontrole | Ek beheer myself | Ek wil myself beheer |
| Aw = Bewustheid | Ek is bewus van die self | Ek wil bewus wees van die self |
| Gevoelens ("feelings") | | |
| S = Betekenisvolheid | Ek voel betekenisvol | Ek wil betekenisvol voel |
| Cp = Bevoegdheid | Ek voel bevoeg | Ek wil bevoeg voel |
| L = Innemendheid | Ek hou van myself | Ek wil van myself hou |

## 4. Element R: Verhoudings ("Relationships")

Element R:Verhoudings meet die interpersoonlike aspekte van 'n verhouding tussen twee mense. Dit gebruik die ses dimensies van gedrag en gevoelens van twee mense teenoor mekaar. Albei die aspekte van uitgedrukte-ontvangde ("expressed-received") en "waargenome-verlangde" ("perceived-wanted") is relevant by die meting van hierdie element (Schutz, 1983:13-14).

Die verskillende aspekte van Element R wat gemeet word, word in Tabel 4.6 uiteengesit.

TABEL 4.6: BESKRYWING VAN ELEMENT R: VERHOUDINGS

| | | **Waargenome ("perceived")** | **Verlangde ("wanted")** |
|---|---|---|---|
| UITGEDRUKTE | Gedrag | | |
| | I = Insluiting | Ek sluit jou in (jou = ander persoon) | Ek wil jou insluit |
| | Cr = Kontrole | Ek beheer jou | Ek wil jou beheer |
| | O = Openheid | Ek is openlik met jou | Ek wil openlik wees met jou |
| | Gevoelens | | |
| | S = Betekenisvolheid | Ek voel jy is betekenisvol | Ek wil voel dat jy betekenisvol is |
| | CP = Bevoegdheid | Ek voel jy is bevoeg | Ek wil voel dat jy bevoeg is |
| | L = Innemendheid | Ek voel jy is innemend | Ek wil voel dat jy innemend is |
| ONTVANGDE | Gedrag | | |
| | I = Insluiting | Na my mening, sluit jy my in | Ek wil hê jy moet my insluit |
| | Cr = Kontrole | Na my mening, beheer jy my | Ek wil hê jy moet my beheer |
| | O = Openheid | Na my mening, is jy openlik met my | Ek wil hê jy moet openlik wees met my |
| | Gevoelens | | |
| | S = Betekenisvolheid | Na my mening, voel jy dat ek betekenisvol is | Ek wil hê dat jy moet voel dat ek betekenisvol is |
| | Cp = Bevoegdheid | Na my mening, voel jy dat ek bevoeg is | Ek wil hê dat jy moet voel dat ek bevoeg is |
| | L = Innemend | Na my mening, voel jy dat ek innemend is | Ek wil hê dat jy moet voel dat ek innemend is |

#### 4.3.2.2.3 Afneem en nasien van die Schutz-vraelyste

Die Schutz-vraelyste kan individueel of in groepsverband afgeneem word. Die instruksies is in die vraeboekie uiteengesit en die respondent lees dit self deur. Die respondent beantwoord die 54 items deur telkens te besluit watter van die ses alternatiewe met haar optrede ooreenstem. Die antwoordblad word met die stel nasienmaskers nagesien, waarna die verkreë tellings oorgedra word na die profielbladsy (Schutz, 1992:915-937).

Die items is kort en die terme is eenvoudig. Elke element neem ongeveer 20 minute om te voltooi. Die nasienprosedure is eenvoudig genoeg dat die respondent self die elemente kan nasien. Vir elke skaal kan 'n telling van 0 tot 9 toegeken word, wat die mate aandui waarin die respondent met die stelling saamstem. Hoe hoër die telling, hoe groter die mate van ooreenstemming (Schutz, 1992:915-937).

#### 4.3.2.2.4 Interpretasie van die Schutz-vraelyste

Tellings op die individuele skale van die Schutz-vraelyste kan geïnterpreteer word (waar nege die maksimum en 0 die minimum telling is wat behaal kan word). Tellings van 0, 1, en 2 word as laag; 3, 4, 5 en 6 as gemiddeld; en 7, 8 en 9 as hoog beskou. Die som van uitgedrukte en verlangde optrede by elk van die dimensies en die verskil tussen uitgedrukte gedrag en verlangde gedrag kan ook geïnterpreteer word (vgl. Schutz, 1983:5-14).

Die totale tellings vir insluiting, kontrole en openheid en die verskil tussen die uitgedrukte en verlangde tellings vir insluiting, kontrole en openheid word geïnterpreteer op grond van die omvang van die telling. Die verhouding tussen die tellings op die verskillende skale kan ook geïnterpreteer word. 'n Hoë totale telling vir uitgedrukte gedrag, dui op die aktiewe inisiëring van optrede teenoor ander, terwyl 'n lae telling dui op 'n lae behoefte daaraan om optrede teenoor ander persone te inisieer. 'n Hoë totale telling vir verwagte optrede dui daarop dat die respondent van ander persone verwag om gedrag teenoor haar te inisieer, terwyl 'n lae telling daarop dui dat die respondent nie wil hê dat ander optrede teenoor haar moet inisieer nie.

Die verskil tussen wat die werklike situasie (optrede) is en hoe die respondent graag wil hê dat dit moet wees, kan geïnterpreteer word as ontevredenheid van die respondent met haarself. Hierdie ontevredenheid kan tot hartseer en depressie in haar lewe aanleiding gee (Schutz, 1992:920).

Die telling van die respondent vir al bogenoemde aspekte kan ook met normtabelle vergelyk word (Schutz, 1978:7,13). Sodanige normtabelle is egter nog nie in Suid-Afrika opgestel nie.

#### 4.3.2.2.5 Betroubaarheid en geldigheid van die Schutz-vraelyste

**a. Betroubaarheid**

Die betroubaarheid van die verskillende elemente van die Schutz-vraelyste is met behulp van die koëffisiënt van interne konsekwentheid en die toets-hertoetsmetode bepaal. Hieruit blyk dit dat die Schutz-vraelyste wel betroubaar is. Schutz (1992:923-937) verkry die volgende gemiddelde koëffisiënte van interne konsekwentheid (soos gemeet deur reproduseerbaarheid) vir die vier elemente:

- Element B = 0,92.
- Element F = 0,91.
- Element S = 0,91.
- Element R = 0,92

Die FIRO-B beskik oor 'n gemiddelde toets-hertoetsbetroubaarheid van 0,76 (Schutz, 1983:7). Aangesien die verskillende elemente se psigometriese eienskappe in 'n groot mate ooreenstem, word dit as 'n benadering van die betroubaarheid van die skale van Element B gebruik. Volgens Schutz (1992:925) is toets-hertoetsbetroubaarheid egter nie 'n belangrike aanduier van die betroubaarheid van die Schutz-vraelyste nie, aangesien daar verwag kan word dat die trekke wat gemeet word, veranderlik sal wees.

**b. Geldigheid**

Volgens Schutz (1978:9) en Gluck (1983:19) beskik die Schutz-vraelyste oor inhoudsgeldigheid omdat al die items dieselfde dimensie meet en die reproduseerbaarheid daarvan hoog is (>0,9). Gluck

(1983:20-21) wat 'n oorsig gee van die voorspellingsgeldigheid van die FIRO-B (wat grootliks dieselfde is as Element B van die Schutz-vraelyste) in verskillende ondersoeke, kom tot die gevolgtrekking dat die vrae 'n goeie voorspeller is van waarneembare gedrag (kommunikasie, houding en respek vir ander groepslede), doelmatigheid in 'n motoriese taak in 'n groep en voorkeur vir 'n hoë mate van struktuur en leierskap.

Wat samevallende geldigheid betref, kom Gluck (1983:23) tot die gevolgtrekking dat die FIRO-B beduidend verband hou met persoonlikheidstrekke soos gemeet deur ander psigologiese meetinstrumente. Daar is matige korrelasies tussen affeksie en affiliasie. Kontrole hou verband met dominansie. Hoë verlangde kontrole hou negatief verband met konformiteit.

Salminen (1991:787-790) bevind dat die FIRO-B oor konstrukgeldigheid beskik. Hiervolgens is die diskriminantgeldigheid van die FIRO-B aanvaarbaar (sodat toetstellings nie betekenisvol korreleer met veranderlikes wat verskil van dít wat die toets teoreties behoort te meet nie).

#### 4.3.2.2.6 Motivering vir die keuse van die Schutz-vraelyste

Die Schutz-vraelyste is gekies vir die meting van die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering in hierdie navorsing aangesien dit 'n betroubare en geldige psigometriese meetinstrument is. 'n Voordeel van hierdie vraelyste is dat dit min tyd in beslag neem om dit in te vul, wat lei tot minder vermoeienis en 'n groter motivering aan die kant van respondente om dit te voltooi. Die items van die vraelyste is ook nie bedreigend nie, wat tot 'n afname in toetsangs lei. Die meetinstrument is redelik bestand teen vervalsing.

## 4.4 WERKSWYSE TYDENS DIE NAVORSING

Vervolgens word die werkswyse tydens die navorsing beskryf.

### 4.4.1 Afneem van die meetinstrumente

Die twee meetinstrumente van die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering is in Augustus 1988 by die verpleegdosente van elke verpleegkollege afgeneem. Afsprake vir die afneem van die vraelyste is met die hoofde van elk van hierdie kolleges wat by die navorsing betrek is,

gemaak. 'n Vergadering met elke kollege se verpleegdosente is vir 'n spesifieke dag en tyd belê. As gevolg van praktiese oorwegings is verpleegdosente van verskillende kolleges op verskillende dae getoets. Die data is oor 'n tydperk van twee weke ingesamel.

'n Sielkundige (kategorie bedryfsielkunde) het die toetse afgeneem onder gekontroleerde omstandighede en met inagneming van alle vereistes soos in die handleidings vir die onderskeie toetse vermeld. Voldoende rustydperke is ingepas, soos in die toepaslike toetse gemeld word. Die sielkundige is deur die navorser bygestaan. (Die sielkundige toetse word nie as bylaag aangeheg nie aangesien dit slegs deur geregistreerde sielkundiges hanteer mag word.)

### 4.4.2 Nasien van die meetinstrumente

Die POI is per hand deur die navorser met behulp van nasienmaskers en volgens voorskrifte in die handleiding nagesien. Die Schutz-vraelyste word sonder maskers nagesien. Noukeurige instruksies word in die handleiding voorsien met betrekking tot die kontrolering van die antwoordblaaie en die omskakeling van routellings na standaardtellings. Hierdie voorskrifte is stiptelik deur die navorser nagekom. In die geval van die POI is die bestaande Amerikaanse norme gebruik in die omskakeling van routellings na standaardtellings. Die tellings op die Schutz-vraelyste is nie omgeskakel na genormaliseerde standaardtellings nie aangesien die vraelyste kriteriumgerig meet.

## 4.5 STATISTIESE VERWERKINGS

Statistiese verwerkings is met behulp van die SAS-rekenaarprogram (SAS Institute, 1985) gedoen. Beskrywende statistiek word in hierdie navorsing gebruik aangesien daar met 'n volledige populasie gewerk word. Die beduidendheid van waardes (p-waardes) is dus nie ter sake nie.

Beskrywende statistiek stel die navorser in staat om die data op 'n betekenisvolle wyse te organiseer (Burns & Grove, 1993:766). In hierdie navorsing word gebruik gemaak van rekenkundige gemiddeldes, standaardafwykings, minimum waardes en maksimum waardes. Die rekenkundige gemiddelde ($\bar{x}$) behels die punt op 'n betrokke skaal wat verkry word deur die som van tellings te deel deur die aantal tellings. Die standaardafwyking (s) dui op die hoeveelheid waarmee 'n individuele waarde van die gemiddelde van gegewe verspreidings van data verskil. Hiervoor word vierkante van afwykings gebruik en die gemiddelde dien as bepaler van die verpreiding (De Wet, Monteith, Venter

& Steyn, 1981:176).

## 4.6 HIPOTESEFORMULERING

As gevolg van die ontwerp van die navorsing is daar geen nulhipoteses of alternatiewe hipoteses geformuleer nie. Die volgende navorsingshipotese word geformuleer om die verwagting van die resultate van die navorsing aan te dui:

Die verpleegdosent moet oor die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering beskik om haar rol te vervul en haar funksies uit te voer, wat die stimulering van hierdie kenmerke deur middel van opleiding en ontwikkeling impliseer.

## 4.7 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie uiteengesit in die vorm van die ondersoekgroep, die evalueringsbattery, die navorsingsprosedure ten opsigte van die insameling, afneem en nasien van die data. Daarna is die statistiese ontledings gegee en die hipoteses geformuleer.

In Hoofstuk 5 word die resultate van hierdie navorsing uiteengesit en bespreek.

# HOOFSTUK 5

# RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer. Eerstens word die intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering van die verpleegdosente uiteengesit, waarna die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering van die verpleegdosente gerapporteer en bespreek sal word.

## 5.1 DIE INTRAPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING VAN VERPLEEGDOSENTE

Die intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering van verpleegdosente word vervolgens bespreek. Die item, rekenkundige gemiddeldes ($\bar{x}$,), standaardafwykings (s), minimum waardes (MIN.) en maksimum waardes (MAKS.) word by elke item aangedui.

In Tabel 5.1 word die tellings van die verpleegdosente op die POI gerapporteer.

TABEL 5.1: INTRAPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY VERPLEEGDOSENTE SOOS GEMEET DEUR DIE POI

| **Item** | $\bar{x}$ | s | **Min.** | **Maks.** |
|---|---|---|---|---|
| Tydsratio (TC) | 46,816* | 11,846 | 7 | 68 |
| Ondersteuningsratio (I) | 47,515* | 7,452 | 22 | 68 |
| Selfaktualiseringswaarde (Sav) | 47,107* | 8,968 | 15 | 66 |
| Eksistensialiteit (Ex) | 43,359* | 7,400 | 21 | 65 |
| Gevoelsreaktiwiteit (Fr) | 49,155* | 7,642 | 31 | 68 |
| Spontaneïteit (S) | 51,000 | 8,195 | 25 | 68 |
| Selfwaarde (Sr) | 52,291 | 8,069 | 10 | 80 |
| Selfaanvaarding (Sa) | 46,000* | 9,010 | 27 | 74 |
| Mensbeskouing (Nc) | 46,563* | 9,595 | 0 | 58 |
| Sinergie (Sy) | 44,777* | 10,869 | 22 | 65 |
| Aanvaarding van aggressie (A) | 51,214 | 8,290 | 27 | 70 |
| Kapasiteit vir intieme kontak (C) | 52,835 | 10,547 | 21 | 73 |

N = 103
* Tellings laer as 50

Op grond van die resultate in Tabel 5.1 blyk dit dat daar ontwikkelingsareas by verpleegdosente ten opsigte van sewe items bestaan. Hierdie items is Tydsratio (Tc), Ondersteuningsratio (I), Selfaktualiseringswaarde (Sav), Eksistensialiteit (Ex), Gevoelsreaktiwiteit (Fr), Selfaanvaarding (Sa), Mensbeskouing (Nc) en Sinergie (Sy).

Die resultate in Tabel 5.1 kan soos volg geïnterpreteer word:

- **Tydsratio.** Die resultate dui hier op die negatiewe eienskap van tydsonbevoegdheid. Dit dui daarop dat die verpleegdosente in die verlede leef, wat met gevoelens van skuld of spyt gepaard gaan, óf dat hulle in die toekoms leef, met geïdentifiseerde verwagtinge of vrese.

- **Ondersteuningsratio.** Dit blyk dat die verpleegdosente geneig is om hul gedrag só te rig dat dit andere se goedkeuring, aanvaarding en waardering verkry. Hierdie gedrag dui op verpleegdosente se afhanklikheid en moontlike manipulasie in 'n poging om te beïndruk. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat verpleegdosente in hul werksituasie nie werklik die geleentheid gegun word om vanuit die self op te tree nie.

- **Selfaktualiseringswaarde.** Dit blyk dat die verpleegdosente nie geneig is om volgens die waardes eie aan selfaktualisering te leef nie.

- **Eksistensialiteit.** Die gevolgtrekking kan gemaak word dat verpleegdosente neig om rigied te wees in die toepassing van hul waardes en beginsels. Dit dui op die neiging om rigied, kompulsief en dogmaties aan waardes vas te klou.

- **Gevoelsreaktiwiteit.** Dit blyk dat die verpleegdosente onsensitief is met betrekking tot hul eie gevoelens en behoeftes.

- **Selfaanvaarding.** Hierdie resultaat dui daarop dat die verpleegdosente nie oor die onvermoë beskik om hulself en eie swakhede te aanvaar nie.

- **Mensbeskouing.** Vanuit hierdie resultate blyk dit dat die verpleegdosente 'n geneigdheid openbaar om die mens meer negatief as positief te ervaar.

- **Sinergie.** Die verpleegdosente ervaar teenoorgesteldes waarskynlik nie as betekenisvol nie.

Dit blyk dus uit bogenoemde bevindings dat daar verskeie areas is waar groei tot selfaktualisering by verpleegdosente kan plaasvind aangesien dit noodsaaklik is om hul onderrig-, navorsings- en leierskaprol effektief te vervul.

Indien die minimum en maksimum waardes wat op die POI behaal is ontleed word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- Daar is enkele respondente wat tellings hoër as 60 en laer as 50 op die POI behaal het. Indien die standaardafwykings op die betrokke skale egter ontleed word, blyk dit dat die grootste

spreiding van tellings voorgekom het by Tydsratio, Sinergie en Kapasiteit vir Intieme Kontak. Op hierdie skale was daar dus meer respondente wat tellings hoër as 60 en laer as 50 behaal het. Dit blyk dus dat hulle meer geneig was om hul tellings op hierdie skale te vervals deur hulself beter voor te doen.

- Indien die gemiddelde tellings op die verskillende skale egter in aanmerking geneem word, kan die afleiding egter gemaak word dat die grootste aantal verpleegdosente se vlak van psigologies optimale funksionering ondergemiddeld is.

- Die hoë tellings wat sekere respondente behaal het kon moontlik beïnvloed word deur die organisasieklimaat en -kultuur in die verskillende verpleegkolleges. 'n Leemte van hierdie navorsing is egter dat die verskillende verpleegkolleges se resultate nie met mekaar vergelyk is nie aangesien die data op 'n anonieme wyse ingesamel is.

'n Moontlike rede vir die lae vlak van selfaktualisering by verpleegdosente is dat die formele struktuur, rolvoorskrifte en gesag binne die organisasie van verpleegkunde hul groei tot selfaktualisering belemmer (Shostrom, 1974:44-45). Verligte bestuurspraktyke kan daartoe bydra dat 'n omgewing vir die stimulering van selfaktualisering geskep word.

## 5.2 DIE INTERPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING VAN VERPLEEGDOSENTE

Die interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering van verpleegdosente word vervolgens bespreek. Die item, rekenkundige gemiddeldes ($\bar{x}$,), standaardafwykings (s), minimum waardes (MIN.) en maksimum waardes (MAKS.) word by elke item aangedui.

In Tabel 5.2 word die tellings van die verpleegdosente op Element B van die Schutz-vraelyste gerapporteer.

TABEL 5.2: INTERPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY VERPLEEGDOSENTE SOOS GEMEET DEUR DIE SCHUTZ-VRAELYSTE: ELEMENT B ("BEHAVIOR")

| Item | $\bar{x}$ | s | Min. | Maks. |
|---|---|---|---|---|
| Uitgedrukte insluiting$^{B1}$ | 4,777 | 1,825 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte insluiting$^{B2}$ | 5,689 | 1,863 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte insluiting$^{d}$ | -0,961 | 1,501 | -4 | 3 |
| Verlangde insluiting$^{B1}$ | 4,194 | 2,822 | 0 | 9 |
| Verlangde insluiting$^{B2}$ | 6,097 | 2,614 | 0 | 9 |
| Verlangde insluiting$^{d}$ | -1,971 | 2,962 | -8 | 7 |
| Uitgedrukte kontrole$^{B1}$ | 2,835 | 2,331 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte kontrole$^{B2}$ | 4,000 | 2,779 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte kontrole$^{d}$ | -1,165 | 2,314 | -8 | 7 |
| Verlangde kontrole$^{B1}$ | 4,748 | 2,408 | 0 | 9 |
| Verlangde kontrole$^{B2}$ | 3,068 | 2,120 | 0 | 9 |
| Verlangde kontrole$^{d}$ | 1,680 | 2,224 | -3 | 8 |
| Uitgedrukte openheid$^{B1}$ | 2,883 | 1,951 | 0 | 8 |
| Uitgedrukte openheid$^{B2}$ | 3,718 | 1,947 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte openheid$^{d}$ | -0,835 | 1,380 | -5 | 2 |
| Verlangde openheid$^{B1}$ | 4,718 | 2,286 | 0 | 9 |
| Verlangde openheid$^{B2}$ | 5,534 | 2,400 | 0 | 9 |
| Verlangde openheid$^{d}$ | -0,864 | 1,971 | -8 | 6 |

B1 = soos wat dit is

B2 = soos wat ek dit graag wil hê

d = B1-B2

N = 103

Die volgende afleidings ten opsigte van die interpersoonlike gedrag van verpleegdosente kan op grond van die resultate in Tabel 5.2 gemaak word:

- **Insluiting.** Dit blyk dat die verpleegdosente 'n gemiddelde behoefte het om ander persone in te sluit, maar dat hulle ander persone in 'n groter mate wil insluit (vgl. die negatiewe verskil op uitgedrukte insluiting). Dit blyk verder dat verpleegdosente 'n gemiddelde behoefte openbaar dat ander persone hulle moet insluit. Hulle voel ook ontevrede met die mate waarin hulle tans deur ander persone ingesluit word en wil graag hê dat ander persone hulle meer moet insluit. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Sellick (1991:3-11), wat aandui dat verpleegdosente 'n gemiddelde neiging het om ander persone in te sluit. Volgens die huidige navorsing openbaar verpleegdosente egter 'n groter behoefte daaraan dat ander persone hulle moet insluit.

- **Kontrole.** Dit blyk dat die verpleegdosente 'n lae behoefte het om ander persone te beheer, alhoewel dit tog blyk dat hulle groter beheer oor ander persone wil uitoefen (vgl. die negatiewe verskil op uitgedrukte kontrole). Alhoewel hulle tans 'n gemiddelde behoefte het om deur ander persone beheer te word, wil hulle minder beheer word (vgl. die positiewe verskil op verlangde kontrole). Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Sellick (1991:3-11), wat aandui dat verpleegdosente 'n lae behoefte openbaar om ander persone te beheer. Volgens die huidige navorsing verlang verpleegdosente egter 'n groter mate van beheer en invloed in interpersoonlike situasies.

- **Openheid.** Dit blyk dat die verpleegdosente 'n lae openheid teenoor ander persone openbaar, alhoewel hulle graag meer openlik met mense wil wees (vgl. die negatiewe telling op wat dit is in vergelyking met hoe hulle wil hê dit moet wees op uitgedrukte openheid). Die verpleegdosente verlang in 'n gemiddelde mate dat ander mense openlik met hulle moet wees, alhoewel hulle tog wil hê dat ander persone nog meer openlik met hulle moet wees (vgl. die negatiewe verskil op verlangde openheid).

Die minimum en maksimum waardes van respondente op hierdie skaal is die hoogste ten opsigte van verlangde insluiting, verlangde kontrole en uitgedrukte kontrole (sien standaardafwykings van hierdie faktore). Laasgenoemde dui daarop dat respondente redelik verskil het van mekaar ten opsigte van hierdie faktore.

Sellick (1991:10) beveel aan dat interpersoonlike vaardigheidsopleiding gebruik kan word om hierdie interpersoonlike gedrag van verpleegdosente te verbeter. Groter openlikheid in interpersoonlike verhoudinge kan daartoe lei dat verpleegdosente meer empatie en warmte openbaar en op die gevoelens van ander persone fokus.

In Tabel 5.3 word die tellings van die verpleegdosente op Element F van die Schutz-vraelyste gerapporteer.

TABEL 5.3: INTERPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY VERPLEEGDOSENTE SOOS GEMEET DEUR DIE SCHUTZ-VRAELYSTE: ELEMENT F ("FEELINGS")

| **Item** | $\bar{x}$ | **s** | **Min.** | **Maks.** |
|---|---|---|---|---|
| Uitgedrukte betekenisvolheid$^{F1}$ | 4,835 | 2,708 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte betekenisvolheid$^{F2}$ | 5,951 | 2,491 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte betekenisvolheid$^{d}$ | -1,165 | 1,961 | -8 | 3 |
| Ontvangde betekenisvolheid$^{F1}$ | 4,505 | 2,209 | 0 | 9 |
| Ontvangde betekenisvolheid$^{F2}$ | 6,699 | 2,038 | 0 | 9 |
| Ontvangde betekenisvolheid$^{d}$ | -2,194 | 2,434 | -7 | 4 |
| Uitgedrukte bevoegdheid$^{F1}$ | 3,670 | 2,311 | 0 | 8 |
| Uitgedrukte bevoegdheid$^{F2}$ | 6,330 | 2,713 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte bevoegdheid$^{d}$ | -2,709 | 2,681 | -9 | 4 |
| Ontvangde bevoegdheid$^{F1}$ | 2,883 | 2,406 | 0 | 8 |
| Ontvangde bevoegdheid$^{F2}$ | 6,262 | 2,090 | 0 | 9 |
| Ontvangde bevoegdheid$^{d}$ | -3,379 | 2,941 | -9 | 6 |
| Uitgedrukte innemendheid$^{F1}$ | 4,515 | 2,518 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte innemendheid$^{F2}$ | 6,360 | 2,440 | 0 | 9 |
| Uitgedrukte innemendheid$^{d}$ | -1,825 | 2,180 | -8 | 2 |
| Ontvangde innemendheid$^{F1}$ | 4,330 | 2,788 | 0 | 9 |
| Ontvangde innemendheid$^{F2}$ | 7,136 | 2,413 | 0 | 9 |
| Ontvangde innemendheid$^{d}$ | -2,777 | 2,980 | -9 | 7 |

1 = Hoe ek voel
2 = Hoe ek wil voel
d = F1 - F2

Die volgende afleidings kan uit Tabel 5.3 gemaak word:

- **Betekenisvolheid.** Die verpleegdosente heg 'n gemiddelde betekenisvolheid aan ander persone, wat daarop dui dat hulle voel dat ander iets vir hulle beteken en belangrik is vir hulle. Hulle wil egter in 'n groter mate betekenisvolheid aan ander persone heg (vgl. die negatiewe verskil op uitgedrukte betekenisvolheid). Alhoewel die verpleegdosente in 'n gemiddelde mate voel dat ander persone hulle in ag neem en erkenning aan hulle gee, wil hulle egter in nog 'n groter mate hê dat ander persone hul bestaansreg erken (vgl. die negatiewe verskil op ontvangde betekenisvolheid).

- **Bevoegdheid.** Die verpleegdosente voel in 'n lae mate dat ander persone oor die vermoë beskik om hulle eie behoeftes te bevredig en alledaagse probleme te hanteer, alhoewel hulle in 'n groter mate so wil voel (vgl. die negatiewe verskil op uitgedrukte bevoegdheid). Die dosente voel in 'n lae mate dat ander persone hulle as bevoeg sien, maar wil graag hê dat ander hulle as mense moet sien wat hulle eie behoeftes kan bevredig en hul alledaagse probleme kan hanteer (vgl. die negatiewe verskil op ontvangde bevoegdheid).

- **Innemendheid.** Die verpleegdosente voel in 'n gemiddelde mate dat hulle van mense hou. Dit dui daarop dat hulle gemiddeld van hul eie optrede en gevoelens in die aanwesigheid van ander persone hou. Hulle wil egter in nog 'n groter mate voel dat hulle van mense hou (vgl. die negatiewe verskil op uitgedrukte innemendheid). Die dosente voel in 'n gemiddelde mate dat ander mense van hulle hou, maar wil baie meer hê dat ander nog meer van hulle moet hou (vgl. die negatiewe verskil op ontvangde innemendheid).

Met die uitsondering van Uitgedrukte Betekenisvolheid, dui die minimum en maksimum waardes en die standaardafwykings van die ander faktore op hierdie skaal op redelike verskille tussen respondente. Laasgenoemde bevinding kan moontlik toegeskryf word aan die situasie waarbinne die verskillende verpleegdosente hulle bevind asook persoonlikheidsverskille.

In Tabel 5.4 word die tellings van die verpleegdosente op Element S van die Schutz-vraelyste gerapporteer.

TABEL 5.4: INTERPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY VERPLEEGDOSENTE SOOS GEMEET DEUR DIE SCHUTZ-VRAELYSTE: ELEMENT S ("SELF")

| **Item** | $\bar{x}$ | **s** | **Min.** | **Maks.** |
|---|---|---|---|---|
| Gedrag - Insluiting$^{S1}$ | 5,000 | 2,119 | 0 | 9 |
| Gedrag - Insluiting$^{S2}$ | 7,281 | 1,917 | 0 | 9 |
| Gedrag - Insluiting$^{d}$ | -2,330 | 2,403 | -8 | 7 |
| Gedrag - Kontrole$^{S1}$ | 3,456 | 2,195 | 0 | 9 |
| Gedrag - Kontrole$^{S2}$ | 5,990 | 2,243 | 0 | 9 |
| Gedrag - Kontrole$^{d}$ | -2,485 | 2,275 | -9 | 5 |
| Gedrag - Bewustheid$^{S1}$ | 5,252 | 2,375 | 0 | 9 |
| Gedrag - Bewustheid$^{S2}$ | 6,476 | 1,781 | 0 | 9 |
| Gedrag - Bewustheid$^{d}$ | -1,223 | 2,169 | -6 | 5 |
| Gevoel - Betekenisvolheid$^{S1}$ | 4,311 | 2,142 | 0 | 9 |
| Gevoel - Betekenisvolheid$^{S2}$ | 6,495 | 2,024 | 0 | 9 |
| Gevoel - Betekenisvolheid$^{d}$ | -2,184 | 2,388 | -9 | 5 |
| Gevoel - Bevoegdheid$^{S1}$ | 5,485 | 2,132 | 0 | 9 |
| Gevoel - Bevoegdheid$^{S2}$ | 7,146 | 1,833 | 0 | 9 |
| Gevoel - Bevoegdheid$^{d}$ | -1,612 | 1,996 | -8 | 5 |
| Gevoel - Hou van die self$^{S1}$ | 4,010 | 2,328 | 0 | 9 |
| Gevoel - Hou van die self$^{S2}$ | 5,728 | 2,336 | 0 | 9 |
| Gevoel - Hou van die self$^{d}$ | -1,748 | 2,222 | -9 | 2 |

S1 = Hoe ek is
S2 = Hoe ek wil wees
d = S1 - S2
N = 103

- **Selfinsluiting.** Die verpleegdosente openbaar 'n gemiddelde mate van selfinsluitingsgedrag, dit wil sê om dít wat hulle doen, met oorgawe te doen. Die afleiding kan egter gemaak word dat hulle selfs meer wil identifiseer met wat hulle doen (vgl. die negatiewe telling op Gedrag - Insluiting).

- **Selfkontrole.** Die verpleegdosente openbaar 'n laag-gemiddelde mate van selfkontrole. Dit kan impliseer dat hulle soms buite beheer kan raak en gedrag kan openbaar waaroor hulle later spyt is. Dit blyk dat hulle meer geïnhibeerd wil optree en minder spontaan wil wees (vgl. die negatiewe verskil op Gedrag - Kontrole). Die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings dui aan dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is (veral ten opsigte van hoe die respondente tans is).

- **Bewustheid.** Die verpleegdosente openbaar 'n gemiddelde selfkennis en bewustheid van die self. Dit blyk egter dat hulle meer bewus en introspektief wil word as wat hulle is, wat sal lei tot groter selfbewustheid en selfkennis (vgl. die negatiewe verskil op Gedrag - Bewustheid).

- **Selfbetekenisvolheid.** Dit blyk dat verpleegdosente laag tot gemiddelde gevoelens van betekenisvolheid, belangrikheid en waardevolheid ervaar. Dit blyk egter dat hulle meer betekenisvol, belangrik en waardevol wil voel (vgl. die negatiewe verskil op Gevoel - Betekenisvolheid).

- **Selfbevoegdheid.** Dit blyk dat die verpleegdosente gemiddelde gevoelens van bevoegdheid, intelligensie, vermoë en krag ervaar. Dit blyk egter dat hulle in 'n groter mate gevoelens van bevoegdheid, intelligensie, vermoë en krag wil ervaar (vgl. die negatiewe verskil op Gevoel - Bevoegdheid). Die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings dui aan dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is (veral ten opsigte van hoe hulle hulself tans ervaar).

- **Hou van die self.** Dit blyk dat die verpleegdosente gemiddeld goed voel in die teenwoordigheid van die self. Dit blyk egter dat hulle nog beter oor hulleself wil voel en hul eie geselskap nog meer wil geniet (vgl. die negatiewe verskil op Gevoel - Hou van die self). Die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings dui aan dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is (veral ten opsigte van hoe hulle hulself tans

ervaar).

In Tabel 5.5 word die tellings van die verpleegdosente op Element R ("me-to-you-relations") van die Schutz-vraelyste gerapporteer.

TABEL 5.5: INTERPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY VERPLEEGDOSENTE SOOS GEMEET DEUR DIE SCHUTZ-VRAELYSTE: ELEMENT R ("ME-TO-YOU-RELATIONS")

| **Item** | $\bar{x}$ | s | **Min.** | **Maks.** |
|---|---|---|---|---|
| Insluiting$^{R1}$ | 3,883 | 1,957 | 0 | 7 |
| Insluiting$^{R2}$ | 4,981 | 2,105 | 0 | 8 |
| Insluiting$^{d}$ | -1,126 | 1,655 | -6 | 2 |
| Kontrole$^{R1}$ | 3,417 | 2,721 | 0 | 9 |
| Kontrole$^{R2}$ | 4,505 | 3,093 | 0 | 9 |
| Kontrole$^{d}$ | -1,058 | 1,914 | -8 | 4 |
| Openheid$^{R1}$ | 5,000 | 2,477 | 0 | 9 |
| Openheid$^{R2}$ | 4,155 | 2,278 | 0 | 9 |
| Openheid$^{d}$ | 0,825 | 2,084 | -6 | 5 |
| Betekenisvolheid$^{R1}$ | 4,146 | 2,925 | 0 | 9 |
| Betekenisvolheid$^{R2}$ | 5,748 | 2,674 | 0 | 9 |
| Betekenisvolheid$^{d}$ | -1,592 | 2,636 | -9 | 8 |
| Bevoegdheid$^{R1}$ | 3,146 | 1,891 | 0 | 9 |
| Bevoegdheid$^{R2}$ | 4,194 | 2,368 | 0 | 9 |
| Bevoegdheid$^{d}$ | -1,049 | 1,549 | -6 | 3 |
| Innemendheid$^{R1}$ | 4,039 | 2,697 | 0 | 9 |
| Innemendheid$^{R2}$ | 5,340 | 2,640 | 0 | 9 |
| Innemendheid$^{d}$ | -1,301 | 1,924 | -9 | 3 |

R1 = Hoe ek voel
R2 = Hoe ek wil voel
d = R1 - R2
N = 103

Die volgende afleidings kan op grond van Tabel 5.5. gemaak word:

- **Gedrag - Insluiting.** Dit blyk dat die telling van verpleegdosente laag is wat betref die insluiting van ander persone, maar dat hulle ander persone in 'n groter (gemiddelde) mate wil insluit (vgl. die negatiewe verskil op Insluiting).

- **Gedrag - Kontrole.** Dit blyk dat die verpleegdosente lae tellings behaal wat betref die beheer van ander persone in verhoudings, maar dat hulle groter beheer oor ander persone in verhoudings wil hê (vgl. die negatiewe verskil op Kontrole). Die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings dui aan dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is (veral ten opsigte van hoe hulle voel en wil voel).

- **Gedrag - Openheid.** Dit blyk dat die verpleegdosente gemiddelde tellings ten opsigte van openlikheid in verhoudings behaal, maar dat hulle minder openlik wil wees (vgl. die positiewe verskil op Openheid). Die blyk dus dat verpleegdosente geringer behoeftes openbaar om persoonlike verhoudings, waarin oor gedagtes en gevoelens gepraat kan word, met ander persone te openbaar.

- **Gevoelens - Betekenisvolheid.** Dit blyk dat die verpleegdosente gemiddeld geneig is om te voel dat ander persone betekenisvol in die verhouding is, maar dat hulle graag meer wil voel dat ander betekenisvol is (vgl. die negatiewe verskil op Betekenisvolheid). Hulle openbaar dus 'n behoefte daaraan om te voel dat ander vir hulle bestaan, iets vir hulle beteken en belangrik is vir hulle.

- **Gevoelens - Bevoegdheid.** Dit blyk dat verpleegdosente 'n lae telling behaal wat betref hul gevoelens dat ander persone bevoeg is. Dit blyk egter dat hulle 'n groter behoefte ervaar om te voel dat ander persone in die verhouding oor die vermoëns van besluitneming en probleemoplossing beskik (vgl. die negatiewe verskil op Bevoegdheid).

- **Gevoelens - Innemendheid.** Dit blyk dat verpleegdosente in 'n gemiddelde mate voel dat ander persone in die verhouding innemend is. Hulle wil egter in 'n groter mate voel dat ander persone innemend is (vgl. die negatiewe verskil op Innemendheid).

In Tabel 5.6 word die tellings van die verpleegdosente op Element R ("you-to-me-relations") van die Schutz-vraelyste gerapporteer.

TABEL 5.6: INTERPERSOONLIKE KENMERKE VAN SELFAKTUALISERING BY VERPLEEGDOSENTE SOOS GEMEET DEUR DIE SCHUTZ-VRAELYSTE: ELEMENT R ("YOU-TO-ME-RELATIONS")

| **Item** | $\bar{x}$ | **s** | **Min.** | **Maks.** |
|---|---|---|---|---|
| Insluiting$^{Y1}$ | 4,359 | 2,244 | 0 | 9 |
| Insluiting$^{Y2}$ | 5,621 | 2,280 | 0 | 9 |
| Insluiting$^{d}$ | -1,262 | 2,165 | -7 | 7 |
| Kontrole$^{Y1}$ | 3,573 | 3,108 | 0 | 9 |
| Kontrole$^{Y2}$ | 5,310 | 2,866 | 0 | 9 |
| Kontrole$^{d}$ | -1,738 | 2,462 | -8 | 7 |
| Openheid$^{Y1}$ | 5,699 | 2,321 | 0 | 9 |
| Openheid$^{Y2}$ | 4,961 | 2,388 | 0 | 9 |
| Openheid$^{d}$ | 0,738 | 2,048 | -4 | 6 |
| Betekenisvolheid$^{Y1}$ | 3,136 | 2,790 | 0 | 9 |
| Betekenisvolheid$^{Y2}$ | 5,660 | 2,588 | 0 | 9 |
| Betekenisvolheid$^{d}$ | -2,524 | 2,866 | -9 | 7 |
| Bevoegdheid$^{Y1}$ | 2,689 | 2,201 | 0 | 9 |
| Bevoegdheid$^{Y2}$ | 4,447 | 2,350 | 0 | 9 |
| Bevoegdheid$^{d}$ | -1,757 | 2,130 | -8 | 4 |
| Innemendheid$^{Y1}$ | 4,165 | 2,639 | 0 | 9 |
| Innemendheid$^{Y2}$ | 5,427 | 2,278 | 1 | 9 |
| Innemendheid$^{d}$ | -1,243 | 1,855 | -7 | 4 |

Y1 = Na my opinie voel jy
Y2 = Ek wil hê dat jy moet voel

Die volgende afleidings kan op grond van Tabel 5.6 gemaak word:

- **Gedrag - Insluiting.** Dit blyk dat die verpleegdosente voel dat ander persone hulle gewoonlik in 'n gemiddelde mate in verhoudings insluit, maar dat hulle graag in 'n groter mate ingesluit wil word (vgl. die negatiewe verskil op Insluiting).

- **Gedrag - Kontrole.** Dit blyk dat verpleegdosente voel dat hulle in 'n geringe mate beheer word in verhoudings ( alhoewel die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings aandui dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is), maar dat hulle graag in 'n groter (gemiddelde) mate beheer wil word (vgl. die negatiewe verskil op Kontrole).

- **Gedrag - Openheid.** Dit blyk dat verpleegdosente in 'n gemiddelde mate voel dat ander persone openlik is met hulle, maar dat hulle minder openlikheid in verhoudings verlang (vgl. die positiewe verskil op Openheid).

- **Gevoelens - Betekenisvolheid.** Dit blyk dat die verpleegdosente in 'n lae mate voel dat ander hulle as betekenisvol ervaar (alhoewel die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings aandui dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is) en dat hulle in 'n groter mate verlang dat ander hulle as betekenisvol in verhoudings moet ervaar (vgl. die negatiewe verskil op Betekenisvolheid).

- **Gevoelens - Bevoegdheid.** Dit blyk dat die verpleegdosente in 'n lae mate voel dat ander persone hulle as bevoeg in verhoudings ervaar (alhoewel die minimum en maksimum waardes en standaardafwykings aandui dat daar redelike verskille tussen respondente op hierdie faktor is), maar dat hulle 'n groter (gemiddelde) behoefte het om as bevoeg deur ander beskou te word (vgl. die negatiewe verskil op Bevoegdheid).

- **Gevoelens - Innemendheid.** Die verpleegdosente voel in 'n lae tot gemiddelde mate dat hulle as innemend deur ander persone beskou word, terwyl hulle verlang dat ander moet voel dat hulle innemend in verhoudings is (vgl. die negatiewe verskil op Innemendheid).

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings word op grond van hierdie navorsing gemaak:

Daar bestaan by verpleegdosente groei-areas ten opsigte van die **intrapersoonlike kenmerke** van selfaktualisering wat hul uitvoering van die onderrig-, navorsings- en leierskapsrol kan beïnvloed. Hierdie kenmerke sluit die volgende in:

- 'n Neiging om nie in die hede nie, maar in die verlede of toekoms te leef, wat gevoelsekspressie in die hede kan belemmer.
- 'n Neiging om afhanklik te wees en op te tree soos wat ander persone van hulle verwag eerder as op grond van 'n innerlike gerigtheid.
- 'n Neiging om nie volgens die waardes eie aan selfaktualisering te leef nie.
- 'n Neiging om rigied, kompulsief en dogmaties aan waardes vas te klou.
- 'n Neiging om onsensitief te wees met betrekking tot hul eie gevoelens en behoeftes.
- 'n Neiging om nie hulself en hul eie swakhede te aanvaar nie.
- 'n Neiging om mense meer negatief as positief te ervaar.
- 'n Neiging om teenoorgesteldes nie as betekenisvol te ervaar nie.

Daar bestaan by verpleegdosente groei-areas ten opsigte van die **interpersoonlike kenmerke** van selfaktualisering wat hul uitvoering van die onderrig-, navorsings- en leierskapsrol kan beïnvloed. Hierdie kenmerke sluit die volgende in:

- Om ander persone in 'n groter mate in hul interaksie in te sluit, en om meer deur hulle ingesluit te word.

- Om in 'n mindere mate beheer in interpersoonlike situasies te verlang, en ook minder deur ander persone beheer te word.

- Om meer openlik teenoor ander persone te wees, en ook meer openlikheid van ander persone te bekom sodat gevoelens van warmte en empatie uitgeruil kan word.

- Om ander persone in 'n groter mate in ag te neem en erkenning aan hulle te gee, en om self ook as meer betekenisvol deur ander beskou te word.

- Om in 'n groter mate te voel dat hulle oor die vermoë beskik om hul eie behoeftes te bevredig en probleme te hanteer, en ook om deur ander persone as sodanig beskou te word.

- Om in 'n groter mate hul eie optrede en gevoelens in die aanwesigheid van ander persone te aanvaar en van hulself te hou.

- Om dit wat hulle doen met groter oorgawe te doen en meer te identifiseer met wat hulle doen.

- Om in ‘n groter mate spontaan in interpersoonlike situasies op te tree sonder om ander persone daardeur skade te berokken.

- Om in 'n groter mate kennis te verkry en bewus te wees van die self in interpersoonlike situasies.

- Om in 'n groter mate betekenisvol, belangrik en waardevol te voel in interpersoonlike situasies.

- Om in 'n groter mate bevoegd en intelligent te voel in interpersoonlike situasies.

- Om meer positief in die teenwoordigheid van die self te voel en hul eie geselskap te geniet.

- Om in 'n groter mate te voel dat ander persone vir hulle bestaan, iets vir hulle beteken en belangrik is vir hulle.

- Om in 'n groter te voel dat ander persone bevoeg is en dat hulle oor die vermoëns wat nodig is vir besluitneming en probleemoplossing beskik.

- Om in 'n groter mate te voel dat ander persone innemend is.

- Om in 'n groter mate te voel dat ander persone hulle as betekenisvol in verhoudings beskou.

- Om in 'n groter mate te voel dat ander persone hulle as bevoeg in verhoudings beskou.

- Om in 'n groter mate as innemend in verhoudings met ander persone beskou te word.

Hiermee is die derde doelstelling van die ondersoek, naamlik om te bepaal wat die selfaktualiseringsvlak van verpleegdosente is, afgehandel. Aanbevelings vir verdere ingrepe en toekomstige navorsing word vervolgens geformuleer.

## 5.4 TEKORTKOMINGE VAN DIE NAVORSING

Hierdie navorsing was slegs eksplorerend van aard en die bevindinge is dus onderworpe aan verskillende beperkinge. Die volgende aspekte kan as beperkinge beskou word:

- Die navorsingsontwerp het nie voorsiening gemaak vir die bepaling van die verskil tussen die werkseffektiwiteit van self-geaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde verpleegdosente nie.

- Daar is nie onderskei tussen die verpleegdosente van die verskillende verpleegkolleges in die insameling van data nie. Laagenoemde hou die beperking in dat dosente van verskillende verpleegkolleges nie met mekaar vergelyk kon word nie.

- Die ondersoekgroep is as gevolg van praktiese oorwegings nie ewekansig saamgestel nie. Die resultate kan dus slegs veralgemeen word na die spesifieke groep verpleegdosente.

## 5.5 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings kan op grond van die navorsing geformuleer word:

- Daar behoort aandag gegee te word aan die stimulering van die intra- en interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering in die opleiding van verpleegdosente. Ontwikkelingsprogramme wat gerig op die stimulering van selfaktualisering kan deel vorm van 'n opknappingstydperk wat opgeleide dosente moet deurloop.

- Navorsing kan onderneem word oor die effek van 'n ontwikkelingsprogram in sensitiewe verhoudingsvorming op die fasiliteringsvaardighede en selfaktualisering van verpleegdosente.

- Die organisasieklimaat en -kultuur in verpleegopleidingsinstansies behoort ondersoek te word. Die invloed van die bestaande organisasiekultuur op die selfaktualisering van verpleegdosente, in besonder, kan veral nagevors word.

- Die verband tussen die vlak van selfaktualisering en werkseffektiwiteit van verpleegdosente kan ondersoek word aangesien daar in hierdie navorsing nie aan die effektiwiteitsdimensie aandag gegee is nie. Toekomstige navorsing kan spesifiek gerig word op die invloed van die selfaktualisering van die verpleegdosent op die funksionering van studentverpleegkundiges.

- Die invloed van studentgesentreerde onderrigstrategieë op die selfaktualisering van studentverpleegkundiges kan nagevors word.

## 5.6 SLOT

Die doel van hierdie navorsing was om die vlak van selfaktualisering by 'n groep verpleegdosente te bepaal. Ten opsigte van intrapersoonlike kenmerke van selfaktualisering, dui die resultate op die teenwoordigheid van ontwikkelingsareas met betrekking tot sewe van die twaalf items van die POI. Hierdie items is Tydratio, Ondersteuningsratio, Selfaktualiseringswaarde, Eksistensialiteit, Gevoelsreaktiwiteit, Selfaanvaarding, Mensbeskouing en Sinergie. Ontwikkelingsareas ten opsigte van interpersoonlike kenmerke van selfaktualisering by verpleegdosente bestaan vir gedrag, gevoelens, die self, "me to you" en "you to me" verhoudings.

Hiermee is die doelstellings van die navorsing bereik en die navorsingvrae beantwoord.

## BIBLIOGRAFIE


ADEY, D. & STEYN, D.W. 1989. Staff development through staff evaluation. *Progressio*, 11(1): 13-15.

ALLPORT, G.W. 1951. Personality: a psychological interpretation. New York : Henry Holt.

ALLPORT, G.W. 1961. Pattern and growth in personality. New York : Holt Rinehart & Winston.

ALLPORT, G.W. 1970. Pattern and growth in personality. London : Holt, Rinehart & Winston.

ANDERSON, H.N., SISON, G.E. & WESTER, S. 1984. Intelligence and dissimulation on the Personal Orientation Inventory. *Journal of clinical psychology*, 40(6):1394-1397, Nov.

ARDELL, D.B. 1977. High level wellness: an alternative to doctors, drugs and disease. Rodale : Emmaus.

ARMSTRONG, S. 1989. Raising the Titanic: solution for problems in nursing education. *Nursing RSA*, 4(9):21-23, Sept.

ATKINS, S. & MURPHY, K. 1993. Reflection: a review of the literature. *Journal of advanced nursing*, 18:1188-1192.

BAGWADEEN, D. 1994. Teacher education in a changing society. *South African journal of health education*, 8(2):15-19.

BARNARD, K.E. 1990. Developing superstars. *Journal of professional nursing*, 6(5):250, 314, Sept.-Oct.

BORNMAN, J.E. 1988. Bestuursvernuwing aan 'n verpleegkollege. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D. Phil.)

BOUD, D., KEOGH, R. & WALKER, D. 1985. Reflection: turning experience into learning. London : Kogen Page.

BRAMMER, L.M. & SHOSTROM, E.L. 1977. Therapeutic psychology. Fundamentals of counseling and psychotherapy. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice - Hall.

BRIGGS, J.B. & TELFER, R. 1987. The process of learning. 2nd ed. Sydney : Prentice-Hall.

BRUNO, F.J. 1983. Adjustment and personality growth: seven pathways. 2nd ed. New York : Wiley.

BURNARD, P. 1991. Experiential learning in action. Aldershot : Avebury.

BURNS, N. & GROVE, S.K. 1993. The practice of nursing research. Conduct, critique and utilization. 2nd ed. Philadelphia : W.B. Saunders.

BUSH, H.A. 1988. The caring teacher of nursing. In the care discovery and use in clinical and community nursing. Detroit : Wayne State University Press.

CANGEMI, J.P. 1984. The real purpose of higher education: Developing self-actualizing personalities. *Education*, 105(2):151-154.

CARR, C. 1992. Smart training: the manager's guide to training for improved performance. New York : McGraw-Hill.

CHASKA, N.L. 1990. The nursing profession. Turning points. Toronto : Mosby.

CHOUDHRY, U.K. 1992. New nurse faculty: core competencies for role development. *Journal of nursing education*, 31(6):265-272, June.

CILLIERS, F.V.N. 1984. 'n Ontwikkelingsprogram in sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D. Phil.)

CILLIERS, F.V.N. 1985. Persoonlikheidspsigologie. Potchefstroom : Wesvalia.

CILLIERS, F. 1986. Persoonlikheidspsigologie. Potchefstroom : Wesvalia.

CILLIERS, F.V.N. 1988. Fasiliteringsopleiding in die bedryfsielkunde. (Referaat aangebied op 26-28 September 1988 as deel van die sesde nasionale kongres van die Sielkunde Vereeniging van Suid-Afrika.) Bloemfontein. (Ongepubliseer.)

CILLIERS, F. 1992. 'n Fasiliteringsvaardighede program vir verpleegdosente. *Curationis*, 15(2):19-23.

COERTSE, E. 1976. Aspekte van die verpleegstersopleiding aan die universiteit. Pretoria : Suid-Afrikaanse Verpleegsters Vereniging.

CRITELLI, J.W. 1987. Personal growth and effective behavior. New York : Holt, Rinehart and Winston.

CROTTY, M. 1992. The perceptions of nurse teachers regarding the preparation for their role in project 2000 programmes. *Nurse education today*, 12:350-356.

CURZON, L.B. 1990. Teaching in further education: an outline of principles and practice. 4th ed. London : Alden Press.

DALOZ, L. 1986. Effective teaching and mentoring: Realizing the transformational power of adult learning expierences. San Francisco : Jossey Bass.

DAVIS, D.C., DEARMAN, C., SCHWAB, C. & KITCHENS, E. 1992. Competencies of novice nurse educators. *Journal of nursing education*, 31(5):159-164, April.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE KOCK VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981 Navorsingmetodes in die opvoedkunde. 'n Inleiding tot empiriese navorsing. Durban : Butterworths.

DEWEY, J. 1963. Experience in education. New York : Coliers.

DE YOUNG, S. 1990. Teaching nursing. Menlo Park : Addision-Wesley.

DOYLE, R.E. 1992. Essential skills and strategies in the helping process. California : Brooks/Cole.

DU PLESSIS, J.N.S. 1991. Hoe lyk die ideale dosent? Wellington : Bolandse Onderwyskollege. *Die Unie*:283-284, Mei.

DU PLESSIS, S.J.P. 1993. Handboek vir dosente. Potchefstroom : Buro vir Universiteits-onderwys.

DU PLOOY, J.L., GRIESEL, G.A.J. & OBERHOLZER, M.O. 1987. Fundamental pedagogics for advanced students. Pretoria : HAUM.

ERICKSON, S.C. 1985. The essence of good teaching. San Francisco : Jossey-Bass.

FARBER, E.I. 1991. Teaching and technology: the impact of unlimited information acces on classroom teaching. National forum, Earlham College, Michigan :The Pierian Press.

FARMER, R. 1984. Humanistic education and self-actualization theory. *Education*, 105(2):162-169.

FIELD, S., HOFFMAN, A., PETER, S. & SAWILOWSKY, S. 1992. Effects of disability on teachers perceptions of students self-determination. *Perception and motor skills*, 75:931-934.

FIELDING, G.D. & SCHALOCK, H.D. 1986. Promoting the professional development of teachers and administrators. Eugene : University Publications.

FOREST, J. & SICZ, G. 1980. Subjects perceived difficulties in the Personal Orientation Inventory. *Perceptual and motor skills*, 51:985.

FRANKL, V.E. 1959. Man's search for meaning: a introduction to logo therapy. New York : Knopf.

FRANKL, V.E. 1966. The doctor and the soul. New York : Alfres A. Knopf.

FRANKL, V.E. 1967. Psychoterapy and existentialism. London : Souvenir.

FRANKL, V.E. 1969. Man's search for meaning. New York : Washington Square.

FRANKL, V.E. 1978. Waarom lewe ek? Kaapstad : Hollandsch Afrikaansche Uitgewers Maatschappy.

FRANKL, V.E. 1980. Sê ja vir die lewe. Kaapstad : Tafelberg.

FROMM, E. 1950. Psychoanalysis and religion. New Haven : Yale University Press.

FROMM, E. 1955. The sane society. Greenwich : Fawcett Publications.

FROMM, E. 1963. The sane society. 2nd ed. London : Routledge & Kegan Paul.

GAGNE, R.M. 1970. The conditions of learning. London : Holt, Rinehart and Winston.

GAGNE, R.M. 1985. The conditions of learning and theory of instruction. 4th ed. New York : Holt, Rinehart and Winston.

GLUCK, G.A. 1983. Psychometric properties of the FIRO-B : a guide to research. Palo Alto, Calif. : Consulting Psychologists Press.

GOLDMAN, J.A. & OSCZAK, P.V. 1981. Effect of test sensitization and knowledge about self-actualization on faking the Personal Orientation Inventory. *Educational and psychological measurement*, 41:49-53.

GOODCHILD-BROWN, B. 1985. Accompaniment of students by nurse teachers. A brief didactic study. *Curationis*, 9(2):5-9.

GRAVETT, S.J. 1993. Onderrigontwikkeling op universiteitsvlak: 'n leerbegeleidingsperspektief. Johannesburg : RAU. (Proefskrif. D.Ed.)

GRONLUND, N.E. & LINN, R.L. 1990. Measurement and evaluation in teaching. 6th ed. New York : Macmillan.

GUNTER, C.F.G. 1977. Aspects of educational theory. Stellenbosch : University Publishers and Booksellers.

HALDORSDóTTIR, S. 1990. 'n Identiteitsprofiel as hulpmiddel tot selfaktualisering. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - D. Ed.)

HAMACHECK, D.E. 1975. Behavior dinamics in teaching, learning and growth. Boston : Allyn & Bacon.

HENJUM, A.D. 1983. Let's select "self-actualizing" teachers. *Education*, 104(1):51-55.

HIX, J.A. & HENSLEY, J.H. 1978. Sensitivity of the POI to instructional set in military and college populations. *Measurement and evaluation in guidance*, 11(1):117-122.

IMENDA, N. 1993. Assessment of lecturer performance. *South-African journal for higher education*, 7(3):148-150.

IVIC, S.D. 1982. Self-actualization: its use and misuse in teacher education. *Journal of teacher education*, 33:24-27.

JACKSON, P.W. & MESSICK, S. 1965. The person, the product and the response: conceptual problems in the assessment of creativity. *Journal of personality*, 33:1-19.

JAMES, D.E. 1975. A guide for teachers of nurses. Oxford : Blackwell Scientific.

JANSEN, C.P. 1984. 'n Model van 'n kurrikulumsentrum vir die RSA. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - D.Ed.)

JOHNSON, D.W. 1972. Reaching out: interpersonal effectiveness and self-actualization. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

JOHNSON, D.W. & JOHNSON, F.P. 1982. Joining together: group theory and group skills. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

JOHNSON, M.B. 1990. The holistic paradigm in nursing: the diffusion of an innovation. *Research in nursing and health*, 13(2):129-139.

JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1992. Mens in konteks. Johannesburg : Lexicon.

JOURARD, S.M. 1974. Self disclosure questionnaire. The 1974 handbook for group facilitators. La Jolla : University Assosicates.

JOURARD, S.M. & LANDSMAN, T. 1980. Healthy personality. New York : MacMillan.

JUHL, N. 1985. Educator ask: use succesful strategies. *Nursing success today*, 2(6):22-25.

KAPLAN, H.J., SADOCK, B.J. & GREBB, J.A. 1994. Synopsis of psychiatry: behavioral sciences clinical psychiatry. 7th ed. Baltimore : Williams & Wilkins.

KERLINGER, F.N. 1986. Foundations of behavioral research. New York : Holt, Rinehart & Winston.

KLOPPER, H.C. 1994. 'n Model vir begeleide selfstudie in verpleegkunde. Johannesburg : RAU. (Proefskrif - D.Cur.)

KNAPP, R.R. 1976. Handbook for the Personal Orientation Inventory. San Diego : Edits.

KNOWLES, M.S. 1970. The modern practice of adult education. New York : Association Press.

KNOWLES, M.S. 1984. Androgogy in action. San Francisco : Jossey-Bass.

KNOWLES, M.S. 1990. The adult learner: a neglected species. 4th ed. London : Gulf.

KOTZÉ, W.J. 1982. Professionele gevormdheid van die verpleegkundige: die beeld van die beroep na buite. *Curationis*, 5(1), Mrt.

KRÜGER, R.A. 1980. Beginsels en kriteria vir kurrikulum ontwerp. Pretoria : HAUM.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 8ste uitgawe. Pretoria : Van Schaik.

LATEGAN, F.E. 1991. Die selfkonsep en die ontplooing van potensiaal. *Lyra academica*, 6(1):90-103.

LEITSCHUH, G.A. & RAWLINS, M.E. 1991. Personal orientation inventory correlated with physical health. *Psychological reports*, 69:687-690.

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1993. Sielkunde: inleiding vir studente in Suider-Afrika. Isando : Lexicon.

LOUW, D.A., GERDES, L.C. & MEYER, W.F. 1984. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM.

MADDI, S.R. 1980. Personality theories: a comparative analysis. Illinois : Dorsey.

MALAN, S.P.T. & DU TOIT, P.H. 1991. Suksesvolle onderrig: riglyne vir dosente, onderwysers en opleiers. Pretoria : Academica.

MALAN, S.P.T. & JORISSEN, H.W. 1990. 'n Kurrikulumontwikkelingsmodel as kriteriumraamwerk vir formatiewe kurrikulumevaluering. *South-African journal of health education*. Special edition:71-79.

MASHABA, T.G. & BRINK, H.I. 1994. Nursing education: an international perspective. Ndabeni : Rustica.

MASLOW, A.H. 1954. Motivation and personality. New York : Harper & Row.

MASLOW, A.H. 1968. Towards a psychology of being. 2nd ed. New York : Van Nostrand.

MASLOW, A.H. 1970. Motivation and personality. 2nd ed. New York : Harper & Row.

MASLOW, A.H. 1971. The father reaches for human nature. New York : Penguin Books.

MELLISH, J.M. 1982. Teaching the practice of nursing. Durban : Butterworhts.

MELLISH, J.M. 1985. Administering the practice of nursing. Durban : Butterworths.

MELLISH, J.M. & BRINK, H. 1990. Teaching the practice of nursing. 3rd ed. Durban : Butterworths.

MELLISH, J.M. & BRINK, H. 1993. Teaching the practice of nursing: a text in nursing didactics. 3rd ed. Durban : Butterworths.

MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. 1993. Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl. Johannesburg : Lexicon.

MEZIROW, J. 1990. Critical self reflection. San Francisco : Jossey Bass.

MILES, R. 1987. Experential learning in the curriculum. (*In* Allen, P. & Jolly, M., *eds*. The curriculum in nursing education. London : Croom Helm.)

MILHOLLAN, F. & FORISHA, B.E. 1972. From Skinner to Rogers: contrasting approaches to education. Nebraska : Professional Educators Publisher.

MORGAN, C.T., KING, R.A.,_WEISZ, J.R. & SCHOPLER, J. 1986. Introduction to psychology. 7th ed. Singapore : McGraw-Hill.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN.

NEL, C.G. 1986. Empatie in die hulpverleningsproses. Johannesburg : RAU. (Skripsie - MA.)

NELMS, T.P., JONES, J.M. & GREY, D.P. 1993. Role modeling: a method for teaching caring in nursing education. *Journal of nursing education*, 32(1):19-23, Jan.

OAKLAND, J.A., FREED, F., LOVEKIN, A., DAVIS, J.P. & COMILLERI, R. 1978. A critique of Shostrom's Personal Orientation Inventory. *Journal of humanistic psychology*, 18(2):75-85.

PEENS, T. 1990. Selfverwesenliking by die psigiatriese verpleegkundige vanuit 'n Christussentriese benadering. Johannesburg : RAU. (Skripsie - M. Cur.)

PINES, A.M., ARONSON, E. & KAFRY, D. 1981. Burnout from tedium to personal growth. New York : The Free Press.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1989. Psigologiese woordeboek. 2de uitgawe. Johannesburg : Lexicon.

POGGENPOEL, M. 1981. Die funksies van die geregistreerde psigiatriese verpleegkundige in die RSA. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - D. Phil.)

POGGENPOEL, M. 1989. Verpleging as missie. *Verpleging RSA*, 4(1):39, Jan.

POGGENPOEL, M. 1989. Psychiatric nursing conceptual model. Johannesburg : RAU.

POTGIETER, E. 1992. Professional nursing education 1860-1991. Pretoria : Academica.

PRINSLOO, E. 1992. Selfaktualisering: 'n Andragogiese en pedagogiese perspektief op enkele rigtinggewende teorieë. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde*, 12(4):433-438.

QUINN, F.M. 1988. The principles and practice of nurse education. 2nd ed. London : Chapman & Hall.

QUITMANN, H. 1985. Humanistische psychologie: zentrale konzepte und philosophischer hintergrund. Göttingen : Verlag für Psychologie.

RACE, A.J. & HOLLOWAY, D.G. 1992. An innovatory Honours degree programme for nurse teacher preparation: development and evaluation. *Nurse education today*, 12:266-273.

RAMSDEN, R. 1992. Learning to teach in higher education. London : Routledge.

REILLY, D.E. 1980. Behavioral objectives evaluation in nursing. 2nd ed. London : Prentice-Hall.

REILLY, D.E. & OERMANN, M.H. 1992. Clinical teaching in nursing education. New York : NLW.

REILLY, J.A. 1989. The public librarian as adult learner advisor: a innovation in human services. Westport : Greenwood.

ROGERS, C. 1961. On becoming a person: a therapist's view of psychotherapy. London : Constable.

ROGERS, C. 1969. Freedom to learn. Columbus, Ohio : Charles E. Merril.

ROGERS, C.R. 1973. Client-centred therapy. London : Constable.

ROGERS, C.R. 1975. On becomming a person: a therapist's view of psychotherapy. London : Constable.

ROGERS, C.R. 1983. Freedom to learn the eighties. Columbus : Merril.

ROGERS, C.R. & STEVENS, B. 1976. Person to person: the problem of being human. A new trend in psychology. London : Fletcher & Son.

ROTHMANN, S. 1986. Bestuursgedragverskille tussen twee groepe middelvlakbestuurders in die Suid-Afrikaanse Weermag. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - M.Com.)

SALMINEN, S. 1991. Convergent and discriminant validity of the FIRO-B questionnaire. *Psychological reports*, 69:787-790.

SAS INSTITUTE. INC. 1985. SASR users guide: Statistics. 5th ed. Cary, North Carolina : SAS Institute Inc.

SCHULZ, G.M. 1994. Reliability and validity of the Personal Orientation Questionnaire in South Africa. Pretoria : Unisa. (Dissertation - MA.)

SCHULTZ, D. 1977. Growth psychology models of the healthy personality. New York: Van Nostrand.

SCHUTZ, W. 1978. FIRO awareness scales manual. Palo Alto, Calif. : Consulting Psychologists Press.

SCHUTZ, W. 1983. The Schutz measures. Elements of awareness. California: Consulting Psychiatric Press.

SCHUTZ, W. 1992. Beyond FIRO-B: Three new theory-derived measures - Element B: Behavior, Element F: Feelings, Element S: Self. *Psychological reports*, 70:915-937.

SEARLE, C. 1981. Education objectives make or break the qaulity of patient care. *Curationis*, 4(2):21-24, Sept.

SEARLE, C. & PERA, S. 1993. Professionele praktyk: 'n Suid-Afrikaanse verpleegperspektief. 2de uitgawe. Durban : Butterworths.

SELLICK, K.J. 1991. Nurses' interpersonal behaviour and the development of helping skills. *International journal for nursing study*, 28(1):3-11.

SHOSTROM, E.L. 1974. Manual of the Personal Orientation Inventory. San Diego: Edits.

SHOSTROM, E.L. 1963. Personal Orientation Inventory. San Diego : Edits.

SHOSTROM, E.L. 1964. An inventory for the measurement of self-actualization. *Educational and psychological measurement*, 24(2):207-218.

SHOSTROM, E.L. 1976. Actualizing therapy: foundations for a scientific ethic. San Diego : Edits.

SHOSTROM, E.L. & KNAPP, R.R. 1966. The relationship of a measure of self-actualization (POI) to a measure of pathology (MMPI) and to theraputic growth. *American journal of psychotherapy*, 20:193-202.

SIEZ, & FOREST, 1980.

SHULMAN, L. 1992. The skills of helping: individuals, families and groups. 3rd ed. Illinois : Peacock.

SMIT, G.J. 1991. Psigometrika. Pretoria : Haum.

SNYMAN, J.J. & DU PLESSIS, P.G.W. 1987. Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN.

STEWART, R.A.C. & LIDDELL, J.M. 1976. Comparison of personal characteristics: High and low ability student nurses and year of training in New Zealand. *Social behaviour and personality*, 4(2):161-169.

STOCKLER, R. 1988. Reflections on the technology in teaching. *Nursing RSA*, 3(3):7,26, March.

STRÜMPFER, D.J.W. 1982. Executive dystress, executive eustress and what makes the difference. Johannesburg. (Inaugural lecture. Univ. Witwatersrand.)

SULLIVAN, E.F. & DECKER, P.J. 1992. Effective management in nursing. 3rd ed. California : Addison-Wesley.

SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING. 1993. Beleid ten opsigte van die opvoedkundige taak. Pretoria : SARV.

TREECE, E.W. & TREECE, J.W. 1986. Elements of research in nursing. 4th ed. St Louis : C.V. Mosby.

TROSKIE, R. 1989. Interafhanklikheid. *Verpleging RSA*, 4(10):36-41, Okt.

UDOLF, R. 1976. The college instructor's guide to teaching and academia. Chicago : Nelson-Hall.

UYS, H.H.M. & BASSON, A.A. 1991. Navorsingsmetodologie in die verpleegkunde. Pretoria : HAUM.

VAN TILBURG, T. 1987. Interpersonal skills for tutors. *Nursing RSA*, 2(9):36-37, Sept.

VREY, J.D. 1984. Die opvoedeling en sy selfaktualisering. Pretoria : Unisa.

WALSH, R. & SHAPIRO, D.H. 1983. Beyond health and normality. New York : Van Nostrand Reinhold.

WEST, C.K., FARMER, J.A. & WOLFF, P.M. 1991. Instructional design: implications from cognitive science. Boston : Allyn and Bacon.

WISSING, M.P. 1978. Sensitiewe relasievorming as faktor in doeltreffende onderhoudsvoering. Potchefstroom : Dept. Psigologie, PU vir CHO.

WOODWARD, V. 1993. Shifting the emphasis. *Nursing RSA*, 8(2):10-11, Feb.

WOOLPY, J. 1991. How teachers teach, how students learn: making teachers less like priests and students more like teachers. National forum, Earlham College, Michigan : The Pierian Press.